

JAḤZEKĒL

Esegiël

1 In die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde van die maand, toe ek tussen die ballinge by die Keḇarrivier was, is die hemele geopen en ek het visioene van Elohim gesien.

² Op die vyfde van die maand, in die vyfde jaar van koning *Jahojakīn* se ballingskap,

³ het die woord van יהוה uitdruklik na JaḤzekēl gekom, die seun van Buzi, die priester, in die land van die Kasdim, by die Keḇarrivier. En die hand van יהוה was daar op hom.

⁴ En ek het gekyk en gesien 'n stormwind kom uit die noorde, 'n groot wolk met 'n flitsende vuur. En helderheid was rondom die wolk, en uit die binneste soos gloeiende metaal, uit die vuur,

⁵ en uit die binneste het iets soos vier lewende wesens gekom. En dit was hulle voorkoms: hulle het die gedaante van 'n mens gehad.

⁶ En elkeen het vier gesigte en elkeen van hulle het vier vlerke gehad.

⁷ En hulle voete was reguit voete en hulle voetsole soos die sole van 'n kalfspoot. En hulle het geskitter soos blink gepo-
leerde koper,

⁸ en mensehande was onder hulle vlerke aan hulle vier kante. En elkeen van die vier het gesigte en vlerke -

⁹ hulle vlerke het aanmekaar geraak. Hulle het nie gedraai wanneer hulle gaan nie, maar elkeen het reguit vorentoe gegaan.

¹⁰ En die gedaante van hulle gesigte: die gesig van 'n mens, en al vier het die gesig van 'n leeu aan die regterkant gehad en al vier het die gesig van 'n bees aan die linkerkant gehad, en al vier die gesig van 'n arend gehad.

¹¹ Dit was die gesigte. En hulle vlerke het

boontoe uitgesprei, twee van elk het aan mekaar geraak, en twee het hul liggame bedek.

¹² En hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan, hulle het gegaan waar die gees heen wou gaan, hulle het nie gedraai wanneer hulle gaan nie.

¹³ En die gedaante van die lewende wesens: hulle voorkoms was soos brandende vuurkole, soos die voorkoms van fakkels, dit het heen en weer tussen die lewende wesens beweeg. En die vuur was helder, en uit die vuur het weerlig gekom.

¹⁴ En die lewende wesens het heen en weer gehardloop, met die voorkoms van 'n weerligstraal.

¹⁵ En Ek het die lewende wesens bekyk, en 'n wiel op die grond langs elkeen van die lewende wesens met die vier gesigte gesien.

¹⁶ Die voorkoms van die wiele en hulle werking het gelyk soos dié van 'n edelsteen, en al vier het dieselfde vorm gehad. Die voorkoms van hulle werking was asof daar 'n wiel binne-in 'n wiel was.

¹⁷ Wanneer hulle gegaan het, het hulle in enige een van vier rigtings gegaan, hulle het nie gedraai wanneer hulle gaan nie.

¹⁸ En hulle vellings was hoog en wonderbaar. En hulle vellings was al vier rondom vol oë.

¹⁹ En wanneer die lewende wesens gegaan het, het die wiele langs hulle gegaan. En wanneer die lewende wesens van die grond af opgelig was, was die wiele opgelig.

²⁰ Waar die gees heen wou gaan, het hulle gegaan omdat die gees gegaan het. En die wiele is saam met hulle opgelig, want die gees van die lewende wese was in die wiele.

JAḤZKĒL 3

²¹ Wanneer daardie gegaan het, het hulle gegaan, en wanneer daardie gestaan het, het hulle gestaan. En wanneer daardie van die grond opgelig is, is die wiele saam met hulle opgelig, want die gees van die lewende wesens was in die wiele.

²² En oor die koppe van die wesens was iets soos 'n uitspansel wat gelyk het soos wonderbare kristal, uitgesprei oor hulle koppe.

²³ En onder die uitspansel was hulle vlerke reguit, een na die ander. Elkeen het twee gehad wat hierdie *kant* en twee gehad wat daardie *kant* hul liggame bedek het.

²⁴ En wanneer hulle gegaan het, het ek die geruis van hulle vlerke gehoor soos die geruis van baie waters, soos die stem van die Almagtige, 'n gedruis soos die gedreun van 'n leër. En wanneer hulle gestaan het, het hulle hul vlerke laat sak.

²⁵ En daar het 'n stem bo van die uitspansel af wat oor hulle koppe was gekom. Wanneer hulle gestaan het, het hulle hul vlerke laat sak.

²⁶ En bokant die uitspansel wat oor hulle koppe was, was iets met die voorkoms soos saffiersteen, 'n gedaante soos 'n troon. En op die gedaante van die troon 'n gedaante wat soos 'n mens gelyk het.

²⁷ En ek het toe die voorkoms van gloeiende metaal gesien met vuur rondom, van die voorkoms van sy lendene boontoe. En van die voorkoms van sy lendene ondertoe, het ek 'n voorkoms soos vuur gesien en helderheid rondom.

²⁸ Soos die voorkoms van die boog wat in 'n wolk is op 'n reëndag, so was die voorkoms van die helderheid rondom. Dit was die voorkoms van die gedaante van die aansien van יהוה. En toe ek dit gesien het, het ek op my gesig geval en die stem gehoor van Een wat praat.

2 En Hy het vir my gesê: “Seun van Adam, staan op jou voete, dat Ek met jou kan praat.”

² En die Gees het in my gekom terwyl Hy met my gepraat het, en my op my voete laat staan. En ek het Hom gehoor wat

met my gepraat het.

³ En Hy het vir my gesê: “Seun van Adam, Ek stuur jou na die kinders van Jisra'ël, na 'n rebelse nasie wat teen My gerebelleer het. Hulle en hul vaders het teen My oortree selfs tot hierdie dag.

⁴ “En die kinders is hard van gesig en styf van hart na wie Ek jou stuur, en jy moet vir hulle sê: ‘So sê Meester יהוה!’

⁵ “En hulle – of hulle luister en of hulle ignoreer, want hulle is 'n rebelse huis – sal weet dat daar 'n profeet in hulle midde was.

⁶ “En jy, seun van Adam, moenie vir hulle of vir hulle woorde bang wees nie. Moenie bang wees nie, al is distels en dorings by jou, en woon jy by skerpioene. Moenie vir hulle woorde bang en voor hulle gesigte verbouereerd wees nie, want hulle is 'n rebelse huis.

⁷ “En jy moet My woorde aan hulle verkondig, of hulle luister en of hulle ignoreer, want hulle is rebels.

⁸ “En jy, seun van Adam, luister na wat Ek vir jou sê. Moenie rebels wees soos die rebelse huis nie, maak jou mond wyd oop, en eet wat Ek jou gee.”

⁹ En kyk, ek het gesien daar was 'n hand na my toe uitgesteek, en kyk, 'n boekrol was daarin!

¹⁰ En Hy het dit voor my uitgesprei, en dit was voor en agter op geskryf. En daarop was geskryf treurliedere en droefheid en wee.

3 En Hy het vir my gesê: “Seun van Adam, eet wat jy vind. Eet hierdie rol op, en gaan praat met die huis van Jisra'ël.”

² En ek het my mond oopgemaak, en Hy het my daardie rol laat eet.

³ En Hy het vir my gesê: “Seun van Adam, laat jou maag eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee.” En ek het dit geëet, en dit was so soet soos heuning in my mond.^a

⁴ En Hy het vir my gesê: “Seun van Adam, gaan, gaan na die huis van Jisra'ël, en vertel aan hulle My woorde.

^a Teh 19:10; 119:103

JAḤZKĒL 3

⁵ “Want jy is nie na ’n volk met vreemde spraak of moeilike taal gestuur nie, maar na die huis van Jisra’ël,

⁶ nie na baie volke met vreemde spraak of moeilike taal, wie se woorde jy nie kan verstaan nie. Indien Ek jou eerder na hulle gestuur het, sou hulle na jou geluister het!

⁷ “Maar die huis van Jisra’ël sal nie na jou wil luister nie, omdat hulle nie na My wil luister nie, want die hele huis van Jisra’ël is hardkoppig en hard van hart.

⁸ “Kyk, Ek sal jou gesig hard maak soos hulle gesigte en jou hardkoppig net soos hulle koppe.

⁹ “Ek maak jou voorkop soos ’n diamant, harder as klip. Moenie vir hulle bang of deur hulle gesigte verbouereerd wees nie, want hulle is ’n rebelse huis.”

¹⁰ En Hy het vir my gesê: “Seun van Adam, neem in jou hart al My woorde wat Ek vir jou sê, en hoor met jou ore.

¹¹ “En gaan! Gaan na die ballinge, na die kinders van jou volk, en praat met hulle en sê vir hulle: ‘So sê Meester יהוה,’ of hulle luister en of hulle ignoreer.”

¹² En die Gees het my opgelig, en ek het agter my ’n stem van ’n groot gedreun gehoor: “Geseënd is die aansien van יהוה uit Sy plek!”

¹³ en ook die geluid van die lewende wesens se vlerke wat aan mekaar geraak het, en die geluid van die wiele langs hulle en die geluid van ’n groot gedreun.

¹⁴ En die Gees het my opgelig en my weggeneem, en ek het gegaan, verbit-terd in die woede van my gees, terwyl die hand van יהוה sterk op my was.

¹⁵ En ek het by die ballinge gekom in Těl-Abib, wat by die Keḇarrivier gewoon het. En het gesit waar hulle gesit het, en ek het vir sewe dae verstom daar in hulle midde gesit.

¹⁶ En aan die einde van sewe dae het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

¹⁷ “Seun van Adam, Ek het jou ’n wagter vir die huis van Jisra’ël gemaak. En jy sal ’n woord uit My mond hoor, en jy moet hulle van My waarsku.

¹⁸ “Wanneer Ek vir die bose sê:^b ‘Jy sal verseker sterf’ en jy waarsku hom nie en praat nie om die bose te waarsku vir sy bose weg om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die bose, in sy boosheid sterf, en sy bloed sal Ek van jou hand eis.

¹⁹ “Maar indien jy die bose gewaarsku het, en hy hom nie van sy boosheid en van sy bose weg bekeer nie, dan sal hy in sy boosheid sterf, maar jy het jou wese gered.

²⁰ “En wanneer ’n regverdige van sy geregtigheid wegdraai en onreg doen, wanneer Ek ’n struikelblok voor hom gooi, sal hy sterf. Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf, en sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie, en sy bloed sal Ek van jou hand eis.

²¹ “Maar indien jy die regverdige gewaarsku het, dat die regverdige nie moet sondig nie, en hy sondig nie, dan sal hy verseker lewe, omdat hy hom laat waarsku het, en jy het jou wese gered.”

²² En die hand van יהוה was daar op my, en Hy het vir my gesê: “Staan op, gaan uit na die vlakke, en Ek sal daar met jou praat.”

²³ Ek het toe opgestaan en na die vlakke uitgegaan, en kyk, die aansien van יהוה het daar gestaan soos die aansien wat ek by die Keḇarrivier gesien het. En ek het op my gesig geval.

²⁴ En die Gees het in my gekom en my op my voete laat staan, en Hy het met my gepraat en vir my gesê: “Gaan, sluit jou toe binne-in jou huis.

²⁵ “En jy, seun van Adam, kyk, hulle sal vir jou toue aansit en jou daarmee bind, sodat jy nie tussen hulle kan uitgaan nie.

²⁶ “En Ek maak dat jou tong aan jou verhemelte kleef, sodat jy stom sal word en vir hulle geen bestawwer sal wees nie, want hulle is ’n rebelse huis.

²⁷ “Maar wanneer Ek met jou praat, sal Ek jou mond open, en jy moet aan hulle sê: ‘So sê Meester יהוה.’ Wie hoor, laat

^b Vergelyk 18:20-32 & 33:8-20.

JAHEZKĒL 5

hom hoor. En wie ignoreer, laat hom dit ignoreer, want hulle is rebelse huis.

4 "En jy, seun van Adam, neem vir jou 'n teël en sit dit voor jou neer, en graveer 'n stad daarop, Jarushalajim,

² en maak 'n beleëring daarteen en bou forte daarteen en gooi 'n wal daarteen op en stel laers daarteen op en plaas stormramme daarteen reg rondom.

³ "Neem dan vir jou 'n ysterpan en sit dit as 'n ystermuur tussen jou en die stad. En jy moet jou gesig daarteen rig, en dit sal beleër wees, en jy moet dit beleër. Dit is 'n teken vir die huis van Jisra'ël.

⁴ "Gaan lê op jou linkersy, en sit die boosheid van die huis van Jisra'ël daarop. Soveel dae wat jy daarop lê, moet jy hulle boosheid dra.

⁵ "En Ek het op jou die jare van hulle boosheid volgens die aantal dae gelê, drie honderd en negentig dae. En jy moet die boosheid van die huis van Jisra'ël dra.

⁶ "En wanneer jy hulle voltooi het, moet jy, weer op jou regtersy gaan lê en die boosheid van die huis van Jahuda dra, veertig dae: Ek het vir jou een dag vir elke jaar opgelê.

⁷ "En jy moet jou gesig rig op die beleëring van Jarushalajim met jou arm ontbloot, en jy moet daarteen profeteer.

⁸ "En kyk, Ek sal vir jou toue aansit, sodat jy jou nie van die een kant na die ander kan omdraai nie, tot jy die dae van jou beleëring voltooi het.

⁹ "En jy moet vir jou koring en gars en boontjies en lensies en sorghum en spelt neem en dit in een skottel gooi, en maak vir jou daarvan brood. Jy moet dit eet vir vir die getal dae dat jy op jou sy lê, drie honderd en negentig dae.

¹⁰ "En jou kos wat jy moet eet, is twintig sikkels in gewig elke dag. Jy moet van tyd tot tyd dit eet.

¹¹ "Jy moet ook water afgemeet drink, 'n sesde deel van 'n hin. Jy moet van tyd tot tyd dit drink.

¹² "En jy moet garskoeke eet en dit op die mis van 'n mens voor hulle oë bak."

¹³ En יהוה het gesê: "Net so sal die kinders van Jisra'ël hulle brood onrein eet tussen die heidene na wie Ek hulle sal verdryf."

¹⁴ En ek het gesê: "Ag, Meester יהוה! Kyk, ek het myself nooit van my jeug af tot nou verontreinig nie. En ek het niks wat gevrek het of iets wat verske is, geëet nie, en daar het geen onrein vleis in my mond gekom nie."

¹⁵ En Hy het vir my gesê: "Kyk, Ek gee vir jou beesmis pleks van mensmis en jy moet daarop jou brood maak."

¹⁶ En Hy het vir my gesê: "Seun van Adam, kyk, Ek breek die tak van die brood in Jarushalajim, en hulle sal brood per gewig en met angstigheid eet en water per maat en in stomheid drink;

¹⁷ sodat hulle gebrek aan brood en water het, en die een teen die ander verstom staan en in hulle boosheid verdwyn.

5 "En jy, seun van Adam, neem vir jou 'n skerp swaard, neem dit soos 'n skeermes. En jy moet dit oor jou kop en oor jou baard laat gaan. En jy moet vir jou 'n skaal neem en die hare weeg en verdeel.

² "n Derde deel moet jy binne-in die stad met vuur verbrand wanneer die dae van die beleëring verby is. En jy moet 'n derde deel neem en met die swaard oral stukkend kap, en 'n derde deel moet jy in die wind strooi. En Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek.

³ "Jy moet 'n klein aantal daarvan neem en dit in jou some bind.

⁴ "En jy moet daarvan weer neem en dit in die vuur gooi en dit met vuur verbrand. Vandaar sal vuur uitgaan in die hele huis van Jisra'ël.

⁵ "So sê Meester יהוה: 'Dit is Jerushalajim wat Ek tussen die heidene gestel het, en lande rondom haar.

⁶ "Maar sy het teen My bepalinge gerebelleer, meer boos as die heidene, en teen My wette meer as die lande rondom haar. Want hulle het My bepalinge verwerp en nie in my wette gewandel nie.'

⁷ "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Omdat

JAHEZKĒL 6

julle meer gerebelleer het as die heidene rondom julle, en nie in My wette gewandel en My bepalings nie gedoen het nie, selfs nie volgens die bepalings van die heidene rondom julle, gedoen het nie,

⁸ daarom, so sê Meester יהוה: 'Kyk, Ek is teen jou, ja, en Ek sal oordele in jou midde uitvoer, voor die oë van die heidene.

⁹ 'En Ek sal aan jou doen wat Ek nooit gedoen het nie, en wat Ek nooit weer sal doen nie weens al jou gruwels.

¹⁰ 'Daarom sal die vaders die seuns in jou midde eet, en die seuns sal hulle vaders eet. En Ek sal oordele uitvoer in jou midde en sal jou hele oorblyfsel, na al die winde verstrooi.

¹¹ 'Daarom, soos Ek leef,' sê Meester יהוה, 'verseker, omdat jy My afgesonderde plek verontreinig het met al jou verfoeisels en met al jou gruwels, onttrek Ek My ook. My oog sal nie verskoon nie, en Ek sal ook nie spaar nie. ¹² 'n Derde van jou sal aan die pes sterf en deur hongersnood in jou midde omkom. En 'n derde deel sal deur die swaard rondom jou val. En 'n derde deel sal Ek na al die winde verstrooi, en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek.

¹³ 'En My toorn sal uitgevoer word, en Ek sal My grimmigheid tot rus bring teen hulle en Ek sal tevrede wees. En hulle sal weet dat Ek, יהוה, in My ywer gepraat het, wanneer Ek My grimmigheid teen hulle uitgevoer het.

¹⁴ 'En Ek sal jou 'n puinhoop en 'n bespotting tussen die nasies wat rondom jou is maak, voor die oë van almal wat verbygaan.

¹⁵ En dit sal 'n bespotting, 'n voorwerp van skimpe wees, 'n teregwysing en 'n verbasing vir die nasies wat rondom jou is, wanneer Ek oordele in jou uitvoer in toorn en grimmigheid en in hittige bestraffings. Ek, יהוה, het gepraat.

¹⁶ 'Wanneer Ek die bose pyle van hongersnood teen hulle uitstuur wat tot verwoesting is, wat Ek uitstuur om julle

te vernietig, dan sal Ek die hongersnood oor julle vermeerder, en julle tak van die brood sal Ek breek.

¹⁷ 'En ek sal hongersnood en bese diere wat jou kinderloos sal maak, teen julle stuur. En pes en bloed sal in jou rondgaan, en Ek sal 'n swaard teen jou bring. Ek, יהוה, het gepraat.'

6 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² 'Seun van Adam, rig jou gesig teen die berge van Jisra'ël, en profeteer teen hulle

³ en sê: 'Berge van Jisra'ël, hoor die woord van Meester יהוה!' So sê Meester יהוה vir die berge en vir die heuwels en vir die klowe en vir die valleie: "Kyk, Ek bring 'n swaard teen julle, en Ek sal julle hoogtes vernietig.

⁴ 'En julle altare sal verwoes en julle sonpilare afgebreek word. En Ek sal julle gesneuweldes, voor julle idole neergooi.

⁵ 'En Ek sal die lyke van die kinders van Jisra'ël voor hulle idole gooi en julle beendere rondom julle altare strooi.

⁶ 'In al julle woonplekke sal die stede verlate en die hoogtes verwoes word, sodat julle altare verlate en skuldig sal wees. En julle idole sal gebreek word en verdwyn, en julle sonpilare afgekap en julle werke uitgevee word.

⁷ 'En die gesneuweldes, sal in julle midde val, en julle sal weet dat Ek יהוה is.

⁸ 'Maar Ek sal 'n oorblyfsel laat deurdat sommige van julle sal die swaard ontsnap tussen die heidene, wanneer julle deur die lande verstrooi is.

⁹ 'En die van julle wat ontsnap het, sal My onthou tussen die heidene waarheen hulle as gevangenes weggevoer is, omdat Ek gebreek is deur hulle oerspelig hart wat van My weggedraai het, en hulle oë wat agter hulle idole aan hoereer het. En hulle sal hulself verag oor die booshede wat hulle gedoen het in al hulle gruwels.

¹⁰ 'En hulle sal weet dat Ek יהוה is. Ek het nie verniet gesê dat Ek hierdie teëspoed aan hulle sal doen nie.'

¹¹ 'So sê Meester יהוה: "Slaan met jou

hand, en stamp met jou voet, en sê: 'Ag, oor al die bese gruweldade van die huis van Jisra'ël, wat deur die swaard, die honger en die pes moet val.

¹² 'Hy wat ver is, sal deur die pes sterf, en hy wat naby is, sal deur die swaard val, en hy wat oorgebly het en beleër word, sal deur die hongersnood sterf. En Ek sal My grimmigheid teen hulle uitvoer.

¹³ En julle sal weet dat Ek יהוה is, wanneer hulle gesneuweldes tussen hulle idole lê, rondom hulle altare, op elke hoë heuwel, op al die bergtoppe en onder elke groen boom en onder elke digte eikeboom, die plek waar hulle aan al hulle idole 'n lieflike offergeur bring het.

¹⁴ 'En Ek sal My hand teen hulle uitstrek en sal die land 'n wildernis maak, selfs meer as die Woestyn tot by Dibla in al hulle woonplekke. En hulle sal weet dat Ek יהוה is.'''''

7 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² 'En jy, seun van Adam, so sê Meester יהוה vir die land van Jisra'ël: 'n Einde! Die einde het oor die vier uiteindes van die land gekom.

³ 'Nou is die einde op jou, en Ek sal My toorn teen jou uitstuur en jou oordeel volgens jou weë en jou vir al jou gruwels vergeld.

⁴ 'En My oog sal jou nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie, maar Ek sal jou vir jou weë vergeld, en jou gruwels sal in jou midde wees. En julle sal weet dat Ek יהוה is!

⁵ 'So sê Meester יהוה: 'Teëspoed op teëspoed, kyk, dit het gekom!

⁶ 'n Einde het gekom, die einde het gekom! Dit het teen jou wakker geword, kyk, dit het gekom!

⁷ Die omswaai het teen jou gekom, inwoner van die land! Die tyd het gekom, die dag van oproer is naby en geen jubeling op die berge nie!

⁸ 'Ek sal binnekort My grimmigheid oor jou uitgiet en My toorn teen jou uitvoer en jou oordeel volgens jou weë en jou

vergeld vir al jou gruwels.

⁹ 'En My oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie. Ek gee dit vir jou volgens jou weë, en jou gruwels sal in jou midde wees. En julle sal weet dat Ek יהוה is wat slaan.

¹⁰ 'Kyk, die dag! Kyk, dit het gekom! Die omswaai het gekom, die tak het gebloeï, die trots het uitgespruit.

¹¹ 'Die geweld het opgegroeï tot 'n tak van boosheid. Daar is niemand van hulle, geen menigte, geen rykdom en niemand wat treur nie.

¹² Die tyd het gekom, die dag is hier. Laat die koper nie juig en die verkoper nie treur nie, want brandende toorn is oor die hele menigte.

¹³ 'Want die verkoper sal nie teruggaan na wat verkoop is nie, alhoewel hulle nog lewe. Want die visioen raak die hele menigte – dit sal nie omgekeer word nie. En weens sy ongeregtheid sal niemand sy lewe vashou nie.

¹⁴ 'Hulle het met die trompet geblaas en alles is gereed, maar niemand trek na die oorlog toe nie, want My brandende toorn is oor die hele menigte.

¹⁵ 'Die swaard buite, en die pes en die hongersnood binne. Hy wat in die veld is, sterf deur die swaard, en hy wat in die stad is, die hongersnood en die pes verteer hom.

¹⁶ 'En die wat van hulle ontsnap, sal ontsnap en op die berge soos duiwe van die klowe wees wat almal treur, elkeen oor sy ongeregtheid.

¹⁷ 'Almal se hande sal slap word, en almal se knieë sal soos water loop.

¹⁸ 'En hulle sal rouklere aangord, en met angs bedek wees. En skaamte sal op al die gesigte wees en 'n kaalte op al hulle koppe.

¹⁹ 'Hulle sal hul silwer op die strate gooi, en hulle goud sal onrein wees. Hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van יהוה nie. Hulle sal hul nie daarmee versadig of hul ingewande daarmee vul nie, want dit was die struikelblok van hul ongeregtheid.

²⁰ 'En die skoonheid van Sy versierings het Hy vehewe opgestel, maar hulle het daarvan die beelde van hul gruwels, hul afskuwelikhede gemaak. Daarom sal Ek dit vir hulle 'n voorwerp van onreinheid maak.

²¹ 'En Ek sal dit in die hand van vreemdes oorgee as roof en aan die bese van die aarde as buit, en hulle sal dit skend.

²² 'En Ek sal My gesig van hulle wegdraai. En hulle sal My geheime *plek* skend – verwoesters sal daar inkom en dit skend.

²³ 'Maak 'n ketting, want die land is vol bloedmisdad en die stad is vol geweld.

²⁴ 'En Ek sal die boosste heidene laat kom, en hulle sal hul huise in besit neem. En Ek sal die trots van die sterkes laat ophou, en hulle afgesonderde plekke sal geskend word.

²⁵ 'Angstigheid sal kom. En hulle sal vrede soek, maar daar is niks.

²⁶ 'Teespoed op teespoed sal kom, en daar sal gerug op gerug wees. En hulle sal 'n visioen van die profeet verlang, maar die Tora sal verlore wees vir die priester en die raad vir die oudstes.

²⁷ 'Die koning sal rou, en die prins sal hom met moedeloosheid beklee, en die hande van die mense sal bewe. En Ek sal met hulle handel volgens hulle weg, en volgens hulle bepalings sal Ek hulle vonnis. En hulle sal weet dat Ek יהוה is."

8 En in die sesde jaar, in die sesde maand, op die vyfde van die maand, het dit gebeur terwyl ek in my huis gesit en die oudstes van Jahuda voor my gesit het, dat die hand van Meester יהוה daar op my geval het.

² En Ek het gekyk en 'n gedaante met 'n voorkoms soos vuur gesien. Van sy lendene en ondertoe, was die voorkoms soos vuur, en van sy lendene af en boontoe was die voorkoms van helderheid, soos gloeiende metaal.

³ En Hy het die vorm van 'n hand uitgesteek, en my aan 'n lok van my kop gevat. En die Gees het my opgelig tussen die aarde en die hemel en my in visioene van Elohim na Jarushalajim gebring, by

die ingang van die binneste poort wat na die noorde toe kyk, waar die setel van die beeld van jaloesie was wat jaloesie veroorsaak.

⁴ En kyk, die aansien van die Elohim van Jisra'el was daar, soos die visioen wat ek in die vlakke gesien het.

⁵ En Hy sê vir my: "Seun van Adam, lig nou jou oë op in die rigting van die noorde." En ek het my oë noordwaarts opgelig, en kyk, noord van die altaarpoort was daardie beeld van jaloesie by die ingang!

⁶ En Hy sê vir my: "Seun van Adam, sien jy wat hulle doen, die groot gruwels wat die huis van Jisra'el hier doen, dat Ek ver van My afgesonderde plek af moet weggaan? Maar draai om, jy sal nog groter gruwels sien."

⁷ Toe het Hy my by die ingang van die voorhof gebring. En Ek het gekyk en 'n gat in die muur gesien.

⁸ En Hy het vir my gesê: "Seun van Adam, breek nou deur die muur." En ek het deur die muur gebreek, en 'n deur gesien.

⁹ En Hy het vir my gesê: "Gaan in, en sien die bese gruwels^c wat hulle hier doen."

¹⁰ En Ek het ingegaan en gekyk en elke vorm van kruipende goed en gruwelike diere, en al die idole van die huis van Jisra'el gesien wat reg rondom op die muur uitgekerf was.

¹¹ En sewentig mans uit die oudstes van die huis van Jisra'el het voor dit gestaan, en Ja'asanjahu, die seun van Shafan, tussen hulle. En elkeen het sy wierookpan in sy hand gehad, en die geur van die wolk van wierook het opgegaan.

¹² En Hy het vir my gesê: "Het jy gesien, seun van Adam, wat die oudstes van die huis van Jisra'el in die donker doen, elkeen in die kamers van sy beelde? Want hulle sê: יהוה sien ons nie. יהוה het die land verlaat."

¹³ En Hy het vir my gesê: "Draai weer

^c Gemenge aanbidding met sonaanbidding. Sien 6:4; D'b 17:3, 2 Mal 23:4-11; 2 Dië 14:5; Ijob 31:29; Jir 19:13; 44:17

JAḤZKĚL 10

om, jy sal nog groter gruwels sien wat hulle doen.”

¹⁴ En Hy het my na die ingang van die noordelike poort van die Huis van יהוה gebring, en kyk, daar het die vrouens gesit wat oor Tammus huil.

¹⁵ En Hy het vir my gesê: “Het jy dit gesien, seun van Adam? Draai weer om, jy sal nog groter gruwels as hierdie, sien.”

¹⁶ En Hy het my in die binnehof van die Huis van יהוה gebring. En kyk, by die ingang van die Tempel van יהוה, tussen die voorportaal en die altaar, was ongeveer vyf en twintig mans, met hulle rûe na die Tempel van יהוה en hulle gesigte na die ooste, en hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste.

¹⁷ En Hy het vir my gesê: “Het jy dit gesien, seun van Adam? Is dit vir die huis van Jahuda ’n geringe saak om die gruwels te doen wat hulle hier doen? Want hulle het die land met geweld gevul en draai om om My te tart. En kyk, hulle hou die tak by hul neuse!

¹⁸ “Daarom sal Ék beslis in grimmigheid optree. My oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie. En hulle sal met ’n harde stem in My ore roep, maar Ek sal hulle nie hoor nie.”

9 En Hy het met ’n harde stem in my ore geroep en gesê: “Laat die, geregsdienars van die stad nader kom, elkeen met sy wapen van vernietiging in sy hand.”

² En kyk, ses mans het met die pad van die boonste poort wat na die noorde lê gekom, elkeen met sy wapen van slagting in sy hand. En een man tussen hulle was met linne geklee, en het ’n skrywer se inktpot aan sy heupe gehad. En hulle het ingekom en langs die koperaltaar gaan staan.

³ En die aansien van die Elohim van Jisra’ël het opgestyg van die kěruḅ waarop dit was, na die drumpel van die Huis. En Hy het na die man geroep wat met linne geklee was, wat die skrywer se inktpot aan sy heupe gehad het.

⁴ En יהוה het vir hom gesê: “Deurkruis

reg deur die stad, reg deur Jarushalajim, en maak ’n merk op die voorkoppe van die mans wat sug en skree oor al die gruwels wat daarin gedoen word.”

⁵ En aan die ander het Hy voor my ore gesê: “Deurkruis die stad agter hom en slaan, laat julle oog nie verskoon of spaar nie.

⁶ “Slaan dood met vernietiging oud, jonk en meisies en kinders en vrouens, maar moenie naby iemand kom op wie die merk is nie, en begin by My afgesonderde plek.” En hulle het by die mans begin, die oudstes, wat voor die Huis was.

⁷ En Hy het vir hulle gesê: “Verontreinig die Huis en maak die voorhowe vol met die gesneuweldes. Gaan uit!” En hulle het uitgegaan en in die stad geslag.

⁸ En terwyl hulle besig was om te slag het ek oorgebly. En ek het op my gesig geval en uitgeroep en gesê: “Ag, Meester יהוה, gaan U die hele oorblyfsel van Jisra’ël vernietig deur U grimmigheid oor Jarushalajim uit te giet?”

⁹ En Hy het vir my gesê: “Die ongeregtigheid van die huis van Jisra’ël en van Jahuda is geweldig groot, en die land is vol bloed, en die stad is vol verdraaiing. Want hulle sê: יהוה het die land verlaat, en יהוה sien nie!”

¹⁰ “Dus, wat My betref, My oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie, Ek sal hulle vergoed vir hul weg, op hulle kop.”

¹¹ En kyk, die man wat met linne geklee was, aan wie se heupe die inktpot was, het berig gebring en gesê: “Ek het gedoen soos U my beveel het.”

10 En ek het gekyk, en in die uitspanse, bo die kop van die kěruḅs, iets soos ’n steen met die voorkoms van saffier, wat soos ’n troon gelyk het, bo hulle gesien.

² En Hy het met die man gepraat wat met linne geklee was, en gesê: “Gaan tussen die wiele onder die kěruḅ in, en vul jou twee hande met brandende kole van tussen die kěruḅs, en strooi oor die stad.” En hy het voor my oë ingegaan.

³ En die kéréubs het regs van die Huis gestaan toe die man ingegaan het, en die wolk het die binne voorhof gevul.

⁴ En die aansien van יהוה het van die kéréub opgestyg oor die drumpel van die Huis. En die Huis is met die wolk gevul, en die voorhof was vol van die helderheid van יהוה se aansien.

⁵ En die geluid van die kéréubs se vlerke is in die buite voorhof gehoor, soos die stem van die Ēl Shaddai wanneer Hy praat.

⁶ En dit het gebeur toe Hy die man wat met linne geklee was, beveel en gesê het: "Neem vuur tussen die wiele, tussen die kéréubs uit," dat hy ingegaan en langs die wiel gaan staan het.

⁷ En die kéréub het sy hand uitsteek, tussen die kéréubs uit, na die vuur wat tussen die kéréubs was, en hy het daarvan geneem en dit in die twee hande van hom wat met linne geklee was gegee, wat dit geneem en uitgegaan het.

⁸ En onder die vlerke van die kéréubs is die vorm van 'n mens se hand gesien.

⁹ En ek het gekyk en vier wiele langs die kéréubs gesien, een wiel langs elke kéréub, en die voorkoms van die wiele was soos dié kleur van edelstene.

¹⁰ En in hulle voorkoms het al vier een en dieselfde gelyk, asof 'n wiel binne 'n wiel was.

¹¹ Wanneer hulle gegaan het, het hulle na vier kante gegaan; hulle het nie weggedraai wanneer hulle gegaan het nie, maar gegaan in die rigting wat die hoof draai. Hulle het nie weggedraai wanneer hulle gegaan het nie.

¹² En hulle hele liggaam en hulle rûe en hulle hande en hulle vlerke en die wiele was vol oë rondom, al die wiele van hulle vier.

¹³ Virdie wiele, is voor my ore uitgeroep: "Die wiel."

¹⁴ En elkeen het vier gesigte gehad: die eerste gesig was die gesig van 'n kéréub en die tweede gesig die gesig van 'n mens en die derde die gesig van 'n leeu en die vierde die gesig van 'n arend.

¹⁵ En die kéréubs is opgelig. Dit was die lewende wese wat ek by die Keḇarrivier gesien het.

¹⁶ En wanneer die kéréubs gegaan het, het die wiele langs hulle gegaan. En wanneer die kéréubs hulle vlerke opgelig het om van die grond af op te styg, het die wiele ook nie langs hulle weggedraai nie.

¹⁷ Wanneer daardie gestaan het, het hulle gestaan, en wanneer daardie opgelig is, het hulle hulself opgelig, want die gees van die lewendewese was in hulle.

¹⁸ En die aansien van יהוה het van die drumpel van die Huis gegaan en bo die kéréubs gaan staan.

¹⁹ En die kéréubs het hulle vlerke opgelig en voor my oë van die grond af opgestyg. Toe hulle gegaan het, was die wiele langs hulle. En hulle het by die ingang van die oostelike poort van die Huis van יהוה gaan staan, en die aansien van die Elohim van Jisra'ël was bo-oor hulle.

²⁰ Dit was die lewende wese wat ek onder die Elohim van Jisra'ël by die Keḇarrivier gesien het, en ek het geweet dat dit kéréubs was.

²¹ Elkeen het vier gesigte en elkeen vier vlerke gehad, en iets wat soos mensehande gelyk het, was onder hulle vlerke.

²² En hulle gesigte het gelyk soos die gesigte wat ek by die Keḇarrivier gesien het, hulle voorkoms en hulle self. Elkeen het reguit vorentoe gegaan.

11 En die Gees het my opgelig en my na die oostelike poort van die Huis van יהוה gebring wat na die ooste kyk. En kyk, by die ingang van die poort was daar vyf en twintig mans, en tussen hulle het ek Jaásanja, die seun van Ashshur, en Pelatjahu, die seun van Benájahu, gesien, leiers van die volk.

² En Hy het vir my gesê: "Seun van Adam, dit is die mans wat boosheid bedink en slegte raad in hierdie stad gee, ³ wat sê: 'Dit is nie naby nie, laat ons huise bou. Hierdie *stad* is die pot, en ons die vleis.'

⁴ "Daarom, profeteer teen hulle, profeteer, seun van Adam!"

⁵ En die Gees van יהוה het op my geval, en Hy het vir my gesê: "Praat! 'So sê יהוה: "So het julle gesê, huis van Jisra'el. Want die toestand van julle gees, ken Ek.

⁶ "Julle het die gesneuweldes in hierdie stad vermeerder, en julle het die strate gesneuweldes gevul."

⁷ "Daarom, so sê Meester יהוה: "Julle gesneuweldes, wat julle daarin neergelê het, hulle is die vleis, en hierdie stad is die pot. Maar Ek sal julle vandaar binne uitbring.

⁸ "Julle is bang vir die swaard, en Ek sal die swaard oor julle bring," sê Meester יהוה.

⁹ "En Ek sal julle vandaar binne uitbring en julle oorgee in die hand van vreemdes en oordele op julle uitvoer.

¹⁰ "Julle sal deur die swaard val. By die grens van Jisra'el sal Ek julle oordeel. En julle sal weet dat Ek יהוה is.

¹¹ "Hierdie stad sal nie vir julle die pot, en julle sal nie die vleis daarin wees nie. By die grens van Jisra'el sal Ek julle oordeel.

¹² "En julle sal weet dat Ek יהוה is, want julle het nie in My wette gewandel en My oordele uitgevoer nie, maar gedoen volgens bepalings van die heidene^d wat rondom julle is.""

¹³ En dit het gebeur terwyl ek geprofeteer het, dat Pelatjahu, die seun van Benajahu, gesterf het. En ek het op my gesig geval en met 'n harde stem uitgeroep en gesê: "Ag, Meester יהוה, wil U 'n einde maak aan die oorblyfsel van Jisra'el?"

¹⁴ Toe het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

¹⁵ "Seun van Adam, jou broers, jou broers, die mans verwant aan jou, en die hele huis van Jisra'el, almal, is hulle aan wie die inwoners van Jarusalajim gesê het: 'Bly ver van יהוה af, hierdie land is aan ons as besitting gegee.'

¹⁶ "Daarom sê: 'So sê Meester יהוה: "Alhoewel Ek hulle ver weggestuur het tussen die heidene, en alhoewel Ek hulle verstrooi in die lande het, was Ek vir

hulle 'n kort rukkie 'n afgesonderde plek in die lande waar hulle gekom het."

¹⁷ "Daarom sê: 'So sê Meester יהוה: "En Ek sal julle uit die volke bymekaarmaak en julle versamel uit die lande waar julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Jisra'el gee."

¹⁸ "En hulle sal daar kom en al sy afskuwelike goed en al sy gruwels daaruit verwyder.

¹⁹ "En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee. En Ek sal die hart van klip uit hulle vlees neem en hulle 'n hart van vlees gee,

²⁰ sodat hulle in My wette kan wandel en My bepalings kan hou en dit doen. En hulle sal My volk wees, en Ek sal hulle Elohim wees.

²¹ "Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle afskuwelike goed en hulle gruwels aan loop, Ek sal hulle weg op hul koppe laat neerkom," sê Meester יהוה.

²² En die kërubs het hulle vlerke opgelig met die wiele langs hulle, en die aansien van die Elohim van Jisra'el was bo-oor hulle.

²³ En die aansien van יהוה het uit die binneste van die stad opgestyg en het op die berg oos van die stad gaan staan.

²⁴ En die Gees het my opgelig en my, in 'n visioen deur die Gees van Elohim, na Kasdi, na die ballinge gebring. En die visioen wat ek gesien het, het van my af opgegaan.

²⁵ En ek het aan die ballinge vertel al die woorde van יהוה wat Hy my laat sien het.

12 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, jy woon onder mense van 'n rebelse huis. Hulle het oë om te sien, maar nie sien nie, hulle het ore om te hoor, maar nie hoor nie, want hulle is 'n rebelse huis.

³ "En jy, seun van Adam, maak vir jou beno-dighede gereed om in ballingskap te gaan, en gaan deur die dag in ballingskap voor hulle oë. Vertrek soos 'n balling voor hulle oë, van jou woonplek af na 'n ander plek toe. Moontlik sal hulle dit sien,

^d 20:32; Waj 18:3; D'b 4:19; 12:30; 17:3; 18:9

al is hulle 'n rebelse huis.

⁴ "En jy moet jou benodighede vir ballingskap deur die dag voor hulle oë uitbring, en in die aand voor hulle oë uitgaan soos die wat in ballingskap uitgaan.

⁵ "Breek deur die muur voor hulle oë, en gaan daardeur uit.

⁶ "Jy moet voor hulle oë dit op die skouer tel, en in die skemerdonker moet jy dit uitbring. Jy moet jou gesig bedek, sodat jy nie die land sien nie, want Ek maak jou 'n teken vir die huis van Jisra'ël."

⁷ Ek het toe gedoen soos ek beveel is. Ek het my benodighede vir 'n ballingskap deur die dag uitbring, en in die aand het ek met my hand 'n gat in die muur gebreek. In die skemerdonker het ek dit uitbring, dit op die skouer voor hulle oë getel.

⁸ En in die môre het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

⁹ "Seun van Adam, het die huis van Jisra'ël, die rebelse huis, nie vir jou gesê: 'Wat doen jy,' nie?"

¹⁰ "Sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Hierdie boodskap is vir die prins in Jarushalajim en die hele huis van Jisra'ël wat tussen hulle is.'"

¹¹ "Sê: 'Ek is 'n teken vir julle. Soos ek gedoen het, so sal met hulle gedoen word: hulle sal in ballingskap, in gevangenskap gaan.'

¹² "En die prins wat tussen hulle is, sal sy benodighede op die skouer dra in die skemerdonker, en hy sal uitgaan. Hulle sal 'n gat in die muur breek om daardeur uit te gaan. Hy sal sy gesig bedek, sodat hy nie die land met die oë sal sien nie.

¹³ "En Ek sal My net oor hom uitsprei, en hy sal in my strik gevang word. En Ek sal hom na Babel, na die land van die Kasdim bring. En hy sal dit nie sien nie, al sal hy daar sterf.

¹⁴ "En ek sal almal wat rondom hom is om hom te help en al sy leërs na al die winde verstrooi en die swaard agter hulle uittrek.

¹⁵ "En hulle sal weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek hulle tussen die heidene

verstrooi. En Ek sal hulle in die lande versprei.

¹⁶ "Maar Ek sal van hulle 'n klompie mans laat oorbly van die swaard, die hongersnood en die pes, sodat hulle al hulle gruwels kan vertel tussen die heidene waar hulle kom. En hulle sal weet dat Ek יהוה is."

¹⁷ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹⁸ "Seun van Adam, jy moet jou brood met bewing eet en jou water met huiwering en angstigheid drink.

¹⁹ "En jy moet aan die mense van die land sê: 'So sê Meester יהוה aan die inwoners van Jarushalajim, en die land Jisra'ël: "Hulle sal hul brood met angstigheid eet en hul water verskrik drink, want haar land word van almal daarin verlate, weens die geweld van almal wat daarin woon.

²⁰ "En die stede wat bewoon is, sal verwoes word, en die land sal verlate wees. En julle sal weet dat Ek יהוה is.'"

²¹ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

²² "Seun van Adam, wat se spreekwoord het julle in die land van Jisra'ël, wat sê: 'Die dae gaan verby, en van elke visioen kom niks nie;?'

²³ "Daarom, sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Ek sal 'n einde aan hierdie spreekwoord maak, sodat hulle dit nie meer as spreekwoord in Jisra'ël sal gebruik nie." Maar sê vir hulle: "Die dae is naby, en die woord van elke visioen.

²⁴ "Want daar sal nie meer enige valse visioen of vleierende waarsêery in die huis van Jisra'ël wees nie.

²⁵ "Want Ek, יהוה, Ek praat. En die woord wat Ek sê, sal gebeur. Dit sal nie meer uitgestel word nie. Want in julle dae, rebelse huis, wanneer Ek 'n woord sê, sal Ek dit uitvoer," sê Meester יהוה."

²⁶ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

²⁷ "Seun van Adam, kyk, die huis van Jisra'ël sê: 'Die visioen wat hy sien, is vir baie dae van nou, en hy profeteer van tye wat ver is.'

²⁸ "Daarom, sê vir hulle: "So sê Meester יהוה: "Geeneen van My woorde sal meer uitgestel word nie. Wanneer Ek 'n woord sê, sal dit gebeur," sê Meester יהוה."

13 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, profeteer teen die profete van Jisra'ël wat profeteer, en sê aan die wat uit hulle eie hart profeteer: 'Hoor die woord van יהוה!'"

³ So sê Meester יהוה: "Wee die dwase profete wat hulle eie gees volg en niks gesien het nie.

⁴ "Jou profete, Jisra'ël, is soos jakkalse in verlate plekke.

⁵ "Julle het nie in die bresse opgegaan nie en nie die muur om die huis van Jisra'ël gebou, om in die stryd te staan in die dag van יהוה nie.

⁶ "Hulle het bedrog gesien en hul waarsêery is leuens wat sê, 'יהוה' het gesê,' terwyl יהוה hulle nie gestuur het nie, en hulle verwag dat die woord bevestig moet word!

⁷ "Het julle nie 'n visioen van bedrog gesien en waarsêery van leuens gepraat nie deurdat julle gesê het: 'יהוה' sê,' terwyl Ek nie gesê het nie?"

⁸ Daarom, so sê Meester יהוה: "Omdat julle valsheid gepraat en visioene van leuens gesien het, daarom kyk, Ek is teen julle," sê Meester יהוה.

⁹ "En My hand sal teen die profete wat bedrieglike visioene sien en leuens waar-sê. Hulle sal nie in die raad van My volk wees nie, en nie in die boek van die huis van Jisra'ël opgeskryf word nie, en nie in die land van Jisra'ël kom nie. En julle sal weet dat Ek Meester יהוה is.

¹⁰ "Omdat, ja, omdat hulle My volk verlei en gesê het: 'Vrede!' terwyl daar geen vrede is nie. En wanneer iemand 'n muur bou, kyk, dan pleister hulle dit met kalk.

¹¹ "Sê vir hulle wat met kalk pleister, dat dit sal afval! Daar sal 'n oorstromende stortreën kom, en julle, haelstene, sal val en 'n stormwind sal dit afbreek.

¹² "En kyk, die muur sal val! Sal julle nie gevra word: 'Waar is die pleister waar-

mee julle gepleister het nie?"

¹³ Daarom, so sê Meester יהוה: "Ja, Ek sal met 'n stormwind in My grimmigheid afbreek, en daar sal 'n oorstromende stortreën kom in My toorn en haelstene in grimmigheid om te vernietig.

¹⁴ "En Ek sal die muur afbreek wat julle met kalk gepleister het, en dit op die grond gooi, en sy fondament sal bloot-gelê word. En dit sal val, en julle sal daarin verteer word. En julle sal weet dat Ek יהוה is.

¹⁵ "En Ek sal My grimmigheid uitvoer teen die muur en teen hulle wat dit met kalk gepleister het, en Ek sal vir julle sê: 'Die muur is nie meer nie! En hulle wat dit gepleister het is nie meer nie,

¹⁶ die profete van Jisra'ël wat aangaande Jarushalajim profeteer en vir haar visioene van vrede sien, terwyl daar geen vrede is nie,'" sê Meester יהוה.

¹⁷ "En jy, seun van Adam, rig jou gesig teen die dogters van jou volk wat uit hulle eie hart profeteer, en profeteer teen hulle.

¹⁸ "En sê: 'So sê Meester יהוה: "Wee dié wat amulette vir al die gewigte van die hande stik en sluiers maak vir die kop van alle stande, om wesens te vang. Julle vang wesens van My volk terwyl julle jul wesens in die lewe hou!

¹⁹ "En julle het My by My volk geskend vir 'n paar hande vol gars en vir 'n paar stukke brood om wesens dood te maak wat nie moes sterf nie, en om wesens in die lewe te hou wat nie moes leef nie, deurdat julle My volk belieg wat na leuens luister!"

²⁰ "Daarom, so sê Meester יהוה: "Kyk, Ek is teen julle amulette waarmee julle die wesens soos voëls vang, en Ek sal hulle van julle arms afskeur, en Ek sal die wesens losmaak, die wesens wat julle soos voëls vang.

²¹ "En Ek sal ook julle sluiers skeur en My volk uit julle hand red, en hulle sal nie meer 'n buit in julle hand wees nie. En julle sal weet dat Ek יהוה is.'" "

²² "Want julle het met leuens die hart van

die regverdige bedroef gemaak terwyl Ek hom geen droefheid aangedoen het nie. En julle het die hande van die bose versterk, dat hy van sy bose weg nie sou wegdraai, om hom in die lewe te hou nie.
²³ "Daarom sal julle geen bedrieglike visioene sien en geen waarsêery beoefen nie. En Ek sal My volk uit julle hand red, en julle sal weet dat Ek יהוה is."''

14 En mans uit die oudstes van Jisra'ël het na my gekom en voor my gaan sit.

² En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

³ "Seun van Adam, hierdie mans het hul idole in hul hart opgeneem en 'n struikelblok van hulle ongeregtigheid voor hul gesig neergesit. Moet Ek My enigins deur hulle laat raadpleeg?

⁴ "Daarom, praat met hulle en sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Elkeen uit die huis van Jisra'ël wat sy idole in sy hart opneem en die struikelblok van sy ongeregtigheid voor sy gesig neersit en na die profeet toe kom - Ek, יהוה, sal hom wat kom, volgens die menigte van sy idole, antwoord,

⁵ sodat Ek die huis van Jisra'ël in hulle hart kan gryp, want hulle almal het deur hul idole hul van My weggedraai."'

⁶ "Daarom, sê aan die huis van Jisra'ël: 'So sê Meester יהוה: "Keer terug, en draai weg van julle idole en draai julle gesig weg van al julle gruwels.

⁷ "Want elkeen uit die huis van Jisra'ël en uit die vreemdelinge wat in Jisra'ël woon, wat hom van My afsonder en sy idole in sy hart opneem en die struikelblok van sy ongeregtigheid voor sy gesig neersit en na die profeet toe kom, dat hy My vir hom kan raadpleeg, Ek יהוה, sal self hom antwoord.

⁸ "En Ek sal My gesig teen dié man rig en hom 'n teken en 'n spreekwoord maak, en Ek sal hom uit die midde van My volk afsny. En julle sal weet dat Ek יהוה is.

⁹ "En indien die profeet hom laat verlei om 'n woord te sê, Ek יהוה, het dié profeet verlei, en Ek sal My hand teen hom uitstrek en hom vernietig uit die

midde van My volk Jisra'ël.

¹⁰ "En hulle moet hul ongeregtigheid dra. Die ongeregtigheid van die vraer sal wees soos die ongeregtigheid van die profeet,
¹¹ sodat die huis van Jisra'ël nie meer agter My wegduaal en hulle nie meer verontreinig met al hul oortredinge nie. En hulle sal My volk wees, en Ek sal hulle Elohim wees," sê יהוה."''

¹² En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹³ Seun van Adam, wanneer 'n land teen My sondig deur trouelose optrede, en Ek My hand daarteen uitstrek en die tak van die brood daarvan breek en 'n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mens en dier afsny,

¹⁴ al was hierdie drie mans, Noag, Dani'ël en Ijob, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulleself red," sê Meester יהוה.

¹⁵ "Indien Ek bose diere deur die land laat gaan, dat hulle dit kinderloos maak en dit verlate word, sodat niemand daar deurgaang weens die bose diere nie,

¹⁶ al was hierdie drie mans daarin, soos Ek leef," sê Meester יהוה, "hulle sou geen seuns of dogters red nie. Net hulle self sou gered word, maar die land sou verlate wees.

¹⁷ "Of indien Ek die swaard oor daardie land bring en sê: 'Swaard deurkruis die land!' en Ek mens en dier daar vernietig,

¹⁸ al was hierdie drie mans daarin, soos Ek leef," sê Meester יהוה, "hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar hulle alleen sou gered word.

¹⁹ "Of indien Ek pes in daardie land stuur en My grimmigheid daaroor uitgiet in bloed, om mens en dier daar te vernietig,

²⁰ al was Noag, Dani'ël en Ijob daarin, soos Ek leef," sê Meester יהוה, "hulle sou geen seun of dogter red nie. Hulle sou net hulle eie lewens deur hul geregtigheid red."

²¹ Want so sê Meester יהוה: "Hoeveel meer wanneer Ek My vier bose oordele, swaard en hongersnood en bose diere en pes, op Jarushalajim afstuur om mens en

dier daaruit te vernietig?

²² "Maar kyk, daarin sal seuns en dogters oorbly wat ontsnap, wat uitgebring word. Kyk, hulle kom uit na julle toe, en julle sal hulle weg en hulle dade sien, en julle sal getroos word oor die teespoed wat Ek oor Jarushalajim gebring het, oor alles wat Ek daaroor gebring het.

²³ "En hulle sal julle troos wanneer julle hulle weg en hulle dade sien. En julle sal weet dat Ek nie tevergeefs alles gedoen het wat Ek daarin gedoen het nie," sê Meester יהוה.

15 En die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, hoe is die wingerdstok beter as al die bome, die wingerdloot wat tussen die bome van die bos is?

³ "Word hout daarvan geneem om werk te doen? Of word 'n pen daarvan geneem om enige goed aan op te hang?

⁴ "Kyk, dit word aan die vuur as voedsel gegee. Albei punte word deur die vuur verteer en sy middel verbrand. Is dit goed vir enige werk?

⁵ "Kyk, toe dit heel was, was dit nie werk doen nie, hoeveel minder, wanneer die vuur dit verteer het en dit verbrand is, sal dit nog werk kan doen?

⁶ "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Soos die die wingerdstok tussen die bome van die bos, wat Ek aan die vuur as voedsel gegee het, so sal Ek die inwoners van Jarushalajim oorgee.

⁷ 'Ek sal My gesig teen hulle rig. Hulle sal uit die vuur gaan, en die vuur sal hulle verteer. En julle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek My gesig teen hulle rig.

⁸ 'En Ek sal die land verlate maak, omdat hulle troueloos opgetree het,' sê Meester יהוה."

16 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, maak aan Jarushalajim haar gruwels bekend,

³ en sê: 'So sê Meester יהוה aan Jerushalajim: "Jou oorsprong en jou geboorte

is uit die land Kanaän. Jou vader was 'n Amoriet en jou moeder 'n Hetitiet.

⁴ "En aangaande jou geboorte, die dag toe jy gebore is, was jou naelstring nie afgesny nie, en jy was nie met water gewas om jou te reinig nie, en jy was nie met sout ingevryf of in doeke toegedraai nie.

⁵ "Geen oog het medelye met jou gehad om vir jou een van hierdie dinge te doen, om vir jou jammer te wees nie. Maar jy was op die oop veld gegooi tot veragting van jou lewe, die dag toe jy gebore is.

⁶ "En Ek het by jou verbygegaan en jou in jou eie bloed vertrap gesien, en Ek het vir jou in jou bloed gesê: 'Leef! Ja, Ek het vir jou in jou bloed gesê: 'Leef!'

⁷ "Ek het jou soos 'n plant in die veld tot oorvloed laat vermeerder! En jy het gegroei en groot geword tot iemand pragtig. Jou borste het styf geword, en jou hare het gegroei, en jy was naak en ontbloot.

⁸ "En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. En Ek het My vlerk oor jou uitgesprei en jou naaktheid bedek. En Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan," sê Meester יהוה, "en jy het Myne geword.

⁹ "En Ek het jou met water gewas en jou bloed van jou afgespoel en jou met olie gesalf.

¹⁰ "En Ek jou met geborduurde klere geklee en vir jou sandale van bokvel gemaak. En Ek het jou in fyn linne toegedraai en jou met sy bedek.

¹¹ "En Ek het jou met versierings versier en armbande aan jou hande gesit en 'n ketting om jou nek.

¹² "En Ek het 'n ring aan jou neus gesit en ooringe aan jou ore en 'n pragtige kroon op jou kop.

¹³ "So, was jy met goud en silwer versier, en jou klere was fyn linne en sy en geborduurde materiaal. Jy het fynmeel en heuning en olie geëet. En jy was besonder mooi en voorspoedig tot koninklikheid.

¹⁴ "En jou naam het uitgegaan onder die nasies weens jou skoonheid, want dit was volmaak deur My glans wat Ek op jou geplaas het," sê Meester יהוה.

¹⁵ "Maar jy het op jou skoonheid vertrou en weens jou naam gehoereer, en jy het jou hoererye uitgestort op elkeen wat verbygegaan het, *jy* was syne.

¹⁶ "En jy het van jou klere geneem en vir jou kleurige hoogtes gemaak en op hulle gehoereer – wat nie moes wees nie en nie sal wees nie.

¹⁷ "En jy het jou versiersels uit My goud en My silwer geneem wat Ek jou gegee het, en jy het vir jou beelde van 'n man gemaak en daarmee gehoereer.

¹⁸ "En jy het jou geborduurde klere geneem en hulle bedek, en jy het My olie en My wierook voor hulle neergesit.

¹⁹ "En My voedsel wat Ek jou gegee het, fynmeel en olie en heuning wat Ek jou laat eet het, het jy voor hulle neergesit as 'n aangename reuk – en so was dit," sê Meester יהוה.

²⁰ "En jy het jou seuns en jou dogters geneem wat jy vir My gebaar het, en hulle vir hulle geslag om geëet te word. Was jou hoererye so klein,

²¹ dat jy My kinders geslag en hulle oorgegee het deur hulle vir hulle deur *die vuur* te laat gaan het?

²² "En in al jou gruwels en jou hoererye het jy nie die dae van jou jeug onthou nie, toe jy naak en ontbloot was en vertrap in jou bloed.

²³ "En na al jou boosheid – wee, wee jou," sê Meester יהוה,

²⁴ "het jy vir jou 'n geboogde plek gebou en vir jou 'n hoogte op elke straat gemaak.

²⁵ "By die begin van elke pad het jy jou hoogte gebou en gemaak dat jou skoonheid verag word. En jy het jou bene oopgemaak vir elkeen wat verbygegaan het, en jou hoererye vermeerder.

²⁶ "En jy het met die seuns van Mitsrajim gehoereer, jou bure met mooi liggame. En jy het jou hoererye vermeerder om My te tart.

²⁷ "En kyk, Ek het My hand teen jou

uitgestrek en jou bestemde deel verwyder, en Ek het jou oorgegee aan die begeerte van die wat jou haat, die dogters van die Palishtim wat skaam is oor jou bouse weg.

²⁸ "En jy het met die kinders van Ashshur gehoereer, sonder bevrediging. Ja, jy het met hulle gehoereer en was steeds nie bevredig nie.

²⁹ "En jy het jou hoererye vermeerder na die koopmansland, na Kasdi, en selfs daar was jy nie bevredig nie.

³⁰ "Hoe siek is jou hart," sê Meester יהוה, "dat jy al hierdie dinge doen, die dade van 'n voorbarige hoer.

³¹ "Jy het vir jou 'n geboogde plek by die begin van elke pad gebou en jou hoogte op elke straat gemaak! Tog was jy nie eens soos 'n hoer nie, want jy het betaling gering geag.

³² "Die vrou wat owerspel bedryf, wat pleks van haar man vreemdes neem!

³³ "Hulle gee geskenke aan al die hoere, maar jy het geskenke aan al jou minnaars gegee en hulle omgekoop om van oral na jou te kom in jou hoererye.

³⁴ "En jy is die omgekeerde van die vrouens in jou hoererye, omdat hulle nie agter jou aan hoereer nie, en omdat jy betaling gegee het terwyl geen betaling aan jou gegee is nie. Daarom is jy die omgekeerde."

³⁵ "Daarom, hoer, hoor die woord van יהוה!

³⁶ "So sê Meester יהוה: "Omdat jou koper uitgestort is en jou naaktheid ontbloot is deur jou hoererye met jou minnaars en met al jou die idole van jou gruwels, en weens die bloed van jou kinders wat jy aan hulle gegee het,

³⁷ daarom, kyk, Ek versamel al jou minnaars vir wie jy aangenaam was, en almal wat jy liefgehad het, saam met almal wat jy gehaat het. En Ek sal hulle van oral teen jou versamel en jou naaktheid vir hulle ontbloot, sodat hulle jou hele naaktheid kan sien.

³⁸ "En Ek sal jou oordeel met die oordele van owerspeelsters en bloedvergieters. En Ek sal aan jou die bloed van grimmig-

heid en jaloesie gee.

³⁹ "En Ek sal jou in hulle hand oorgee, en hulle sal jou geboogde plek afbreek en jou hoogtes omgooi. En hulle sal jou klere van jou stroop en jou versiersels neem en jou naak en ontbloot laat.

⁴⁰ "En hulle sal 'n vergadering teen jou laat optrek en jou stenig en jou met hulle swaarde stukkend kap.

⁴¹ "En hulle sal jou huise met vuur verbrand en oordele teen jou uitvoer voor die oë van baie vrouens. En Ek sal jou laat ophou hoereer, en jy sal ook nie meer betaling gee nie.

⁴² "En Ek sal My grimmigheid tot rus op jou bring, en My jaloesie van jou wegdraai. En Ek sal rustig word en nie meer toornig wees nie.

⁴³ "Omdat jy nie die dae van jou jeug onthou het nie en My toorn opgewek het met al hierdie dinge, kyk dus, Ek sal ook jou weg op jou kop afbring," sê Meester יהוה. Sal Ek nie die plan uitvoer weens al jou gruwels nie?

⁴⁴ "Kyk, almal wat spreekwoorde gebruik, sal 'n spreekwoord teen jou gebruik en sê: 'Soos moeder, so haar dogter.'

⁴⁵ "Jy is die dogter van jou moeder, wat haar man en haar kinders verag. En jy is die suster van jou susters, wat hulle mans en hulle kinders verag het. Julle moeder was 'n Hëtiet, en julle vader 'n Amoriet.

⁴⁶ "En jou groot suster is Shomaron, sy met haar dogters wat noord van jou woon. En jou kleiner suster, wat suid van jou woon, is Sedom met haar dogters.

⁴⁷ "En het jy nie in hulle weë gewandel en volgens hulle gruwels opgetree nie? Maar in 'n kort rukkie was jy meer verrot as hulle in al jou weë.

⁴⁸ "Soos Ek leef," sê Meester יהוה, "jou suster Sedom, sy en haar dogters, het nie gedoen soos jy en jou dogters gedoen het nie.

⁴⁹ "Kyk, dit was die ongeregtheid van jou suster Sedom: Sy en haar dogters het trots, oervloed van brood en sorgelose rus gehad. En sy het die hand van die

arme en behoeftige nie versterk nie.

⁵⁰ "En hulle was hoogmoedig en het gruwels voor My bedryf, en Ek het hulle weggedraai toe Ek dit gesien het.

⁵¹ "En Shomaron het nie die helfte van jou sondes gedoen nie, maar jy het gruwels vermeerder, meer as hulle. En jy het jou susters deur al jou gruwels wat jy gedoen het, geregverdig.

⁵² "Dra dan ook jou skande, jy wat jou susters veroordeel het, want jou sondes wat jy gedoen het is gruweliker as hulle. Hulle is regverdigter as jy. Skaam jou dan ook, en dra jou skande, omdat jy jou susters geregverdig het.

⁵³ "En Ek sal hulle ballingskap verander, die ballingskap van Sedom en haar dogters, en die ballingskap van Shomaron en haar dogters, en die ballingskap van jou ballinge tussen hulle,

⁵⁴ sodat jy jou skande kan dra en jy sal bloos oor alles wat jy gedoen het toe jy hulle getroos het.

⁵⁵ "En jou susters, Sedom en haar dogters, sal na hulle vorige toestand terugkeer, en Shomaron en haar dogters sal na hulle vorige toestand terugkeer, en jy en jou dogters sal na julle vorige toestand terugkeer.

⁵⁶ "Was die naam van jou suster Sedom, nie uit jou mond gehoor in die dag van jou trots nie,

⁵⁷ voor jou boosheid geopenbaar is, soos in die tyd van bespotting van die dogters van Aram en almal wat rondom haar was, en van die dogters van die Palishtim, wat jou van alle kante verag het?

⁵⁸ "Jou boosheid en jou gruwels moet jy dra," sê Meester יהוה.

⁵⁹ 'Want so sê Meester יהוה: "Ek sal met jou doen soos jy gedoen het, wat die eed verag het deur die verbond te verbreek.

⁶⁰ "Maar Ek sal My verbond met jou in die dae van jou jeug onthou, en Ek sal 'n ewige verbond met jou oprig.

⁶¹ "En jy sal jou weë onthou en skaam wees, wanneer jy jou susters wat groter is as jy, by dié wat kleiner is as jy neem. En Ek sal hulle aan jou as dogters gee,

maar nie met jou verbond nie.

⁶² "En Ek sal My verbond met jou oprig. En jy sal weet dat Ek יהוה is,

⁶³ sodat jy kan onthou. En jy sal skaam wees en jou mond nie oopmaak weens jou skande nie, wanneer Ek vir jou vergewe oor alles wat jy gedoen het," sê Meester יהוה."

17 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, gee 'n raaisel en vertel 'n gelykenis aan die huis van Jisra'el.

³ "En jy moet sê: 'So sê Meester יהוה: "Die groot arend met groot vlerke, met lang vlerke, vol vere wat veelkleurig was, het na die Leḅanon gekom en die top van die seder geneem.

⁴ "Hy het die boonste van sy jong takkies afgepluk en dit na die land van handelaars gebring. Hy het dit in die stad van reisende handelaars neergesit.

⁵ "Hy het ook van die saad van die land geneem en dit in 'n vrugbare landery geplant. Hy het dit na baie waters geneem, dit as wilg geplant.

⁶ "En dit het uitgespruit en 'n lae spreide wingerdstok geword. Sy ranke het na hom gedraai en sy was wortels onder hom. En dit het 'n wingerdstok geword, en dit het lote maak en lootjies uitgeskiet.

⁷ "En daar was nog 'n groot arend met groot vlerke en baie vere. En kyk, hierdie wingerdstok het sy wortels na hom toe gebuig en sy ranke na hom toe uitgestuur, om dit te bevochtig, weg van die beddings waar dit geplant was.

⁸ "Dit was geplant in 'n goeie land by baie waters om ranke te maak en vrugte te dra, om 'n pragtige wingerdstok te wees."

⁹ "Sê: 'So sê Meester יהוה: "Sal dit floreer? Sal hy nie die wortels daarvan uitruk en die vrugte daarvan afsny, en dit laat verdroog nie? Al sy uitgespruite blaartjies verdroog sonder groot krag en baie mense om dit met sy wortels uit te lig nie.

¹⁰ "En kyk, dit is geplant, sal dit floreer? Sal dit nie heeltemaal verdroog wanneer die

oostewind hom aanraak, verdroog op die beddings waar dit uitgespruit het nie?"

¹¹ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹² "Sê nou vir die rebelse huis: 'Weet julle nie wat hierdie beteken nie?' Sê: 'Kyk, die koning van Babel het na Jerusshalajim gekom en sy koning en sy leiers geneem en hulle na hom toe, na Babel gebring.

¹³ 'En hy het van die koninklike saad geneem en met hom 'n verbond gesluit en hom 'n eed opgelê. En hy het die magtiges van die land weggeneem,

¹⁴ sodat die koninkryk laag sou wees en hom nie sou oplig nie, maar dat dit, deur sy verbond te onderhou, kon bly staan.

¹⁵ 'Maar hy het teen hom gerebelleer deur sy gesante na Mitsrajim te stuur, om aan hom perde en baie mans te gee. Sal hy voorspoedig wees? Sal hy wat sulke dinge doen ontsnap? Sal hy die verbond verbreek en steeds ontsnap?

¹⁶ 'Soos Ek leef,' sê Meester יהוה, 'in die plek waar die koning woon wat hom aangestel het om te regeer, wie se eed hy verag en wie se verbond hy verbreek het, by hom, binne-in Babel, sal hy sterf.

¹⁷ 'En Par'o met 'n groot leër en met baie mense, sal nie met hom saamspan in die oorlog nie, wanneer hulle 'n wal ophoop en forte bou om baie lewens af te sny.

¹⁸ 'Want hy het die eed verag deur die verbond te verbreek, en kyk, hy het sy hand gegee en steeds al hierdie gedoen. Hy sal nie ontsnap nie."

¹⁹ Daarom, so sê Meester יהוה: "Soos Ek leef, My eed wat hy verag het, en My verbond wat hy verbreek het, sal Ek op sy kop laat neerkom.

²⁰ "En Ek sal My net oor hom uitsprei, en in My strik sal hy gevang word. En Ek sal hom na Babel bring en hom daar oordeel weens sy trouelose optrede teen My.

²¹ "En al sy vlugtelingte in al sy leërs sal deur die swaard val, en die wat oorgebly het, sal na elke wind verstrooi word. En julle sal weet dat Ek, יהוה, gepraat het."

²² So sê Meester יהוה: "En Ek sal van die top van die hoogste seder neem en dit

insit. En Ek sal van die boonste van sy lootjies 'n teer puntjie afpluk en dit self op 'n hoë en verhewe berg plant.

²³ "Op die hoë berg van Jisra'el sal Ek dit plant. En dit sal takke voortbring en vrugte dra en 'n groot seder word. En al die voëls van allerhande vere sal daar- onder woon, in die skadu van sy takke sal hulle woon.

²⁴ "En al die bome van die veld sal weet dat Ek, יהוה, die hoë boom verneder, die nederige boom verhoog het, die groen boom laat verdroog en die droë boom laat bloei het. Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen."

18 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Waarom gebruik julle hierdie spreek- woord aangaande die land van Jisra'el, en sê: 'Die vaders het groen druive geëet, en die tande van die seuns het stomp geword?'

³ "Soos Ek leef," sê Meester יהוה, "julle sal nie meer hierdie spreekwoord in Jisra'el te gebruik nie.

⁴ "Kyk, al die wesens is Myne, soos die wese van die vader, so is die wese van die seun Myne. Die wese wat sondig moet sterf.

⁵ "Maar indien iemand regverdig is en reg en geregtigheid doen,

⁶ wat nie op die berge geëet en sy oë nie na die idole van die huis van Jisra'el opgeslaan het nie, wat die vrou van sy naaste nie verontreinig het en nie naby 'n vrou gekom het terwyl sy onrein is nie,

⁷ en niemand verdruk nie, wat die pand vir skuld teruggee, wat nie roof nie, wat sy brood aan die wat honger is gee, en die wat naak is met klere toedek,

⁸ nie uitleen op rente en geen vermeer- dering neem nie, wat sy hand terughou van onregtigheid, wat regspraak in waar- heid tussen man en man uitvoer,

⁹ wat in My wette wandel en My oordele onderhou om waarheid te doen – hy is regverdig, hy sal verseker lewe!" sê Meester יהוה.

¹⁰ "Indien hy 'n seun wat geweldig is

verwek het, wat bloed vergiet en enige van hierdie dinge doen –

¹¹ terwyl hy self nie enige van gedoen het nie – indien hy op die berge geëet en die vrou van sy naaste verontreinig het,

¹² die arme en behoeftige verdruk, roof, die pand nie teruggee nie en sy oë opslaan na die idole, gruwelike dinge doen,

¹³ op rente uitleen en vermeerdering neem - sal hy lewe? Hy sal nie lewe nie! Indien hy enige van hierdie gruwels gedoen het, moet hy verseker sterf, sy bloed is op hom.

¹⁴ "Maar kyk, indien hy 'n seun verwek wat al die sondes van sy vader sien wat hy gedoen het, en sien en nie dieselfde doen nie,

¹⁵ wat nie op die berge eet nie en sy oë nie na die idole van die huis van Jisra'el opslaan nie, wat die vrou van sy naaste nie verontreinig

¹⁶ en niemand verdruk nie, geen pand neem en nie roof nie, sy brood gee aan die wat honger het, en die wat naak is met klere bedek,

¹⁷ sy hand van die arme afhou, en geen rente of vermeerdering neem nie, My oordele uitvoer en in My wette wandel – hy sal nie sterf weens die ongeregtheid van sy vader nie, hy sal verseker lewe!

¹⁸ "Sy vader sal, omdat hy verdruk het, sy broer met bedrog beroof en ontnem het en onder sy stam gedoen het wat nie goed is nie – kyk, hy sal deur sy ongeregtheid sterf.

¹⁹ "En julle sê: 'Waarom moet die seun nie die ongeregtheid van die vader dra nie?' Maar die seun het reg en geregtig- heid gedoen en al My wette onderhou en voer dit uit, hy sal verseker lewe!

²⁰ "Die wese wat sondig, hy moet sterf. Die seun sal nie die ongeregtheid van die vader dra nie, en die vader sal nie die ongeregtheid van die seun dra nie. Die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die boosheid van die bese sal op hom wees.

²¹ "Maar indien die bese terugdraai van al

sy sondes wat hy gedoen het, en al My wette onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy verseker lewe, hy sal nie sterf nie.

²² "Al sy oortredinge wat hy gedoen het, sal nie teen hom onthou word nie. Deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe.

²³ "Het Ek enige vreugde in die dood van die bose?" sê Meester יהוה. Is dit nie dat Hy moet terugdraai van sy weë en lewe nie?

²⁴ "Maar wanneer 'n regverdigde terugdraai van sy geregtigheid en ongeregtheid doen en volgens al die gruwels wat die bose gedoen het, sal hy lewe? Al sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie. Weens sy trouelose optrede, en sy sonde wat hy gedoen het, sal hy sterf.

²⁵ "En julle sê: 'Die weg van Meester is nie reg nie.' Hoor nou, huis van Jisra'ël! Is My weg nie reg nie? Is dit nie julle weë wat nie is reg nie?

²⁶ "Wanneer die regverdigde terugdraai van sy geregtigheid en ongeregtheid doen, en hy daarin sterf, sal hy weens sy ongeregtheid wat hy gedoen het sterf.

²⁷ "En wanneer die bose terugdraai van sy boosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen, sal hy sy wese in die lewe hou.

²⁸ "Want hy sien en draai terug van al sy oortredinge wat hy begaan het; hy sal verseker lewe, hy sal nie sterf nie.

²⁹ "En die huis van Jisra'ël het gesê: 'Die weg van Meester is nie reg nie.' Is My weë nie reg nie, huis van Jisra'ël? Is dit nie julle weë wat nie is reg nie?

³⁰ "Daarom oordeel Ek julle, huis van Jisra'ël, elkeen volgens sy weë," sê Meester יהוה. "Draai terug en draai julle weg van al julle oortredinge, sodat julle ongeregtheid nie vir julle 'n struikelblok sal wees nie.

³¹ "Gooi al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees. Want waarom wil julle sterf, huis van Jisra'ël?

³² "Want Ek het geen vreugde in die dood van hom wat sterf nie," sê Meester יהוה. "Draai dus terug en lewe!"

19 "En hef 'n treurlied aan oor die prinse van Jisra'ël,

² en jy moet sê: 'Wat 'n leeuwyfie was jou moeder tussen die leeus! Sy het tussen die jong leeus gelê en haar welpies laat groot word.

³ 'En sy het een van haar welpies grootgemaak en hy het 'n jong leeu geword. En hy het geleer om prooi te verskeur, hy het mense verslind.

⁴ 'En die nasies het van hom gehoor. Hy is in hulle vanggat gevang, en hulle het hom met kettings na die land Mitsrajim gebring.

⁵ 'En toe sy gewag en gesien het dat haar verwagting verlore was, het sy 'n ander een van haar welpies geneem en hom 'n jong leeu gemaak.

⁶ 'En hy het tussen die leeus rondgeloop, en 'n jong leeu geword. En hy het geleer om prooi te verskeur, hy het mense verslind.

⁷ 'Hy het hulle verlate plekke geken en hulle stede verwoes. En die land en sy volheid was verwoes weens die klank van sy gebrul.

⁸ 'Toe het die nasies uit die streke rondom hulle teen hom opgestel en hul net oor hom uitgesprei. Hy is in hulle vanggat gevang.

⁹ 'En hulle het hom in 'n hok in kettings gesit en hom na die koning van Babel gebring. Hulle het hom in nette gebring, dat sy stem nie meer op die berge van Jisra'ël gehoor sou word nie.

¹⁰ 'Jou moeder was soos 'n wingerdstok in jou bloed wat by die waters geplant is. Sy was vrugbaar en vol ranke weens die baie waters.

¹¹ 'En sy het sterk takke gehad vir septers van regeerders. En haar hoogte was hoog tussen die digte takke, en is in haar hoogte gesien, in die menigte van haar ranke.

¹² 'Maar sy is in grimmigheid uitgeruk, teen die grond gegooi, en die oostewind

het haar vrugte verdroog. Haar sterk takke is gebreek en het verdroog, die vuur het hulle verteer.

¹³ 'En nou is sy in die woestyn geplant, in 'n droë en dorstige land.

¹⁴ 'En vuur het uit 'n tak van haar takke gegaan. Dit het haar vrugte verteer en daar is geen sterk tak, 'n septer om te regeer nie.'" Dit is 'n treurlied, en dit sal 'n treurlied wees.

20 En in die sewende jaar het dit gebeur, in die vyfde maand, op die tiende van die maand, dat mans uit die oudstes van Jisra'ël gekom het om יהוה te raadpleeg, en voor my gaan sit.

² En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

³ "Seun van Adam, praat met die oudstes van Jisra'ël en sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Het julle gekom om My te raadpleeg? Soos Ek leef, Ek laat My nie deur julle raadpleeg nie," sê Meester יהוה.'

⁴ "Oordeel jy hulle, seun van Adam, oordeel jy hulle! Maak aan hulle die gruwels van hulle vaders bekend.

⁵ "En jy moet vir hulle sê: 'So sê Meester יהוה: "Die dag toe Ek Jisra'ël gekies het, het Ek My hand opgelig vir die saad van die huis van Jaäkoḅ en My aan hulle bekend gemaak in die land Mitsrajim. En Ek het My hand vir hulle opgelig en gesê: 'Ek is יהוה julle Elohim.'

⁶ "Op daardie dag het Ek My hand vir hulle opgelig, om hulle uit die land Mitsrajim te bring na 'n land wat Ek vir hulle uitgesoek het, wat oorloop van melk en heuning, dit is die prag van al die lande.

⁷ "En Ek het aan hulle gesê: 'Elkeen moet die gruwels voor sy oë weggooi, en moet julle nie met die idole van Mitsrajim verontreinig nie! Ek is יהוה julle Elohim.'

⁸ "Maar hulle het teen My gerebelleer en wou nie na My luister nie. Elkeen het die gruwels voor sy oë nie weggegooi of die idole van Mitsrajim laat staan nie. Toe het Ek gesê dat Ek My grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om My toorn teen hulle uit te voer in die land Mitsrajim.

⁹ "Maar Ek het ter wille van My Naam

gehandel, dat dit nie geskend sou word voor die oë van die heidene tussen wie hulle was nie, voor wie se oë Ek My aan hulle bekend gemaak het, om hulle uit die land Mitsrajim uit te bring.

¹⁰ "En Ek het hulle uit die land Mitsrajim geneem en hulle in die woestyn gebring.

¹¹ "En Ek het hulle My wette gegee en My oordele aan hulle bekend gemaak, sodat die mens dit doen en daarin kan lewe.

¹² "En Ek het ook My Sabbatte aan hulle gegee om 'n teken^e tussen My en hulle te wees, dat hulle kan weet dat dit Ek, יהוה, is wat hulle afsonder.

¹³ "Maar die huis van Jisra'ël het in die woestyn teen My gerebelleer. Hulle het nie in My wette gewandel nie en My oordele, wat die mens moet doen, sodat hy daarin kan lewe, verwerp. En My Sabbatte het hulle hewig geskend. Toe het Ek gesê dat Ek My grimmigheid oor hulle sal uitgiet in die woestyn om hulle te vernietig.

¹⁴ "Maar Ek het ter wille van My Naam, handel dat dit nie geskend sou word voor die oë van die heidene voor wie se oë Ek hulle uitgebring het nie.

¹⁵ "So het Ek dan ook My hand vir hulle opgelig in die woestyn, dat Ek hulle nie in die land sou bring wat Ek aan hulle gegee het nie, wat oorloop van melk en heuning - dit is die prag van al die lande,

¹⁶ omdat hulle My oordele verwerp het en nie in My wette gewandel het nie en My Sabbatte geskend het, want hulle hart het agter hul idole aan geloop.

¹⁷ "Maar My oog het hulle verskoon om hulle te vernietig en Ek het geen einde aan hulle in die woestyn gemaak nie.

¹⁸ "En Ek het aan hulle kinders in die woestyn gesê: 'Moenie in die wette van julle vaders wandel nie en moenie hulle oordele onderhou nie en moenie julle met hulle idole verontreinig nie.

¹⁹ 'Ek is יהוה julle Elohim. Wandel in My

^e Sien ook Sh'm 31:13-17. Die een teken van יהוה wat ons afsonder. Die teken van die ewige verbond: Sy Sabbatte!

wette en onderhou My oordele en doen dit.

²⁰ "En sonder My Sabbatte af. En hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek יהוה julle Elohim is."

²¹ "Maar die kinders het teen My gerebelleer. Hulle het nie in My wette gewandel en My oordele nie gehou om dit te doen nie, wat die mens moet doen, sodat hy daarin kan lewe. Hulle het My Sabbatte geskend, en Ek het gesê dat Ek My grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om My toorn teen hulle in die woestyn uit te voer.

²² "Maar Ek het My hand teruggedraai en ter wille van My Naam gehandel, om dit nie te skend voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitbring het nie.

²³ "Ek het ook My hand vir hulle opgelig in die woestyn, om hulle te versprei tussen die heidene en hulle te verstrooi oor die aarde,

²⁴ omdat hulle My oordele nie gedoen het nie, en My wette verwerp het en My Sabbatte geskend het en hulle oë agter die idole van hulle vaders aan was.

²⁵ "En Ek het ook aan hulle wette gegee wat nie goed was nie, en oordele waardeur hulle nie sou lewe nie."

²⁶ "En Ek het hulle verontreinig deur hulle offergawes, omdat hulle alles wat die moederskoot open deur *die vuur* laat gaan het; sodat Ek hulle kon verstom, dat hulle weet dat Ek יהוה is."

²⁷ "Daarom, seun van Adam, praat met die huis van Jisra'el en jy moet vir hulle sê: 'So sê Meester יהוה: "Hierin het julle vaders My gelaster, deur troueloos teen My op te tree.

²⁸ "Toe Ek hulle in die land gebring het waaroor Ek My hand opgelig het om dit aan hulle te gee, het hulle na al die hoë heuwels en al die digte bome gekyk, en daar het hulle hul offers geslag. En hulle het daar hul uittartende offergawe gegee. En hulle het hul aangename geur daar gebring en hul drankoffers daar uitgiet.

²⁹ "En Ek het vir hulle gesê: 'Wat is die hoogte waarheen julle gaan?' En hulle

noem die naam Hoogte^g tot vandag toe."

³⁰ "Daarom, sê aan die huis van Jisra'el: 'So sê Meester יהוה: "Word julle verontreinig op dieselfde wyse as julle vaders? En hoereer julle agter hulle gruvels aan?

³¹ "Want wanneer julle jul offergawes oplig en julle seuns deur die vuur laat gaan, verontreinig julle julsself met al julle idole tot vandag. En sal Ek My deur julle laat raadpleeg, huis van Jisra'el? Soos Ek leef," sê Meester יהוה, Ek laat My nie deur julle raadpleeg nie!

³² "En wat in julle gees opkom, sal nooit wees nie, wanneer julle sê: 'Ons wil soos die heidene, soos die stamme van die lande wees, deur hout en klip te dien.'

³³ "Soos Ek leef," sê Meester יהוה, "sal Ek nie met 'n sterk hand en met 'n uitgestrekte arm en met grimmigheid uitgestort oor julle regeer nie?

³⁴ "En Ek sal julle uit die volke bring en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, deur 'n sterk hand en deur 'n uitgestrekte arm en deur uitgestorte grimmigheid.

³⁵ "En Ek sal julle in die woestyn van die volke bring, en Ek sal julle daar oordeel, aangesig tot aangesig.

³⁶ "Soos Ek julle vaders in die woestyn van die land Mitsrajim geoordeel het, so sal Ek julle oordeel," sê Meester יהוה.

³⁷ "En Ek sal julle onder die staf laat deurgaen en julle in die verbintenis van die verbond bring.

³⁸ "En Ek sal die rebelle uit julle suiwer en hulle wat teen My oortree. Ek sal hulle uit die land waar hulle woon bring, maar hulle sal nie in die land van Jisra'el kom nie. En julle sal weet dat Ek יהוה is.

³⁹ "En julle, huis van Jisra'el, so sê Meester יהוה: 'Gaan en dien elkeen sy idole, en hierná, indien julle nie na My luister nie. Maar moenie My Afgesonderde Naam meer skend met julle offergawes en julle idole nie.

⁴⁰ "Want op My afgesonderde berg, op die hoë berg van Jisra'el," sê Meester

^f Yesh 30:28; Teh 81:12.

^g Bama

יהוה, "daar sal die hele huis van Jisra'ël, hulle almal in die land, My dien. Daar sal Ek vreugde in hulle hê en daar sal Ek julle offergawes eis en die eersteling van julle offers by al julle afgesonderde gawes.

⁴¹ "As 'n aangename geur sal Ek vreugde in julle hê wanneer Ek julle uit die volke bring. En Ek sal julle uit die lande versamel waarin julle verstrooi was. En Ek sal in julle Afgesonderd wees voor die oë van die heidene.

⁴² "En julle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek julle in die land van Jisra'ël bring, in die land waaroor Ek My hand opgelig het om dit aan julle vaders te gee.

⁴³ "En daar sal julle jul weë onthou en al julle dade waarmee julle verontreinig is. En julle sal jultself verafsku weens al jul bouse dinge wat julle gedoen het.

⁴⁴ "En julle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek met julle handel ter wille van My Naam en nie volgens julle verkeerde weë of julle verdorwe dade nie, huis van Jisra'ël," sê Meester יהוה.

⁴⁵ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

⁴⁶ "Seun van Adam, rig jou gesig na die suide en drup *woorde* teen die suide en profeteer teen die bosveld, die Negeb.^h

⁴⁷ "En jy moet aan die bos van die Negeb sê: 'Hoor die woord van יהוה! So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek steek 'n vuur in jou aan wat in jou elke groen boom en elke droë boom sal verteer, die gloeiende vlam sal nie geblus word nie. En dit sal alle gesigte verbrand vanaf die Negeb tot die noorde.

⁴⁸ En alle vlees sal sien dat Ek, יהוה, dit aangesteek het, dit sal nie geblus word nie."^h

⁴⁹ En ek het gesê: "Ag, Meester יהוה! Hulle sê van my: 'Praat hy nie altyd in gelykenisse nie?'"

21 En die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, rig jou gesig teen Jerusha-lajim en drup *woorde* teen die

^h Suide

afgeson-derde plekke en profeteer teen die land van Jisra'ël.

³ "En jy moet aan die land van Jisra'ël sê: 'So sê יהוה: "Kyk, Ek is teen jou, en Ek sal My swaard uit sy skede trek en van jou die regverdige en die bouse afsny.

⁴ "Omdat Ek van jou die regverdige en die bouse sal afsny, daarom sal My swaard uit sy skede gaan teen alle vlees, van die Negeb tot die noorde.

⁵ "En alle vlees sal weet dat Ek, יהוה, My swaard uit sy skede getrek het; dit sal nie weer terugkeer nie.

⁶ "En jy, seun van Adam, sug met verbreking van lendene en sug met bitterheid voor hulle oë.

⁷ "En wanneer hulle vir jou sê: 'Waarom sug jy?' dan moet jy sê: 'Oor die nuus, want dit kom. En elke hart sal smelt, en al die hande sal slap en elke gees swak word en al die knieë sal soos water wegvloei. Kyk, dit kom, en dit sal gebeur,' sê Meester יהוה."

⁸ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

⁹ "Seun van Adam, profeteer en jy moet sê: 'So sê יהוה! "Sê: "Ḥ Swaard, 'n swaard is skerp gemaak en ook geskuur!

¹⁰ "Dit is skerp gemaak om 'n slagting te verig, dit is geskuur om soos weerlig te wees! Of moet ons juig? My seun, jy het die staf verag soos elke stok!

¹¹ "En Hy het dit gegee om te skuur, dat hulle dit in die hand kan vat. Die swaard is skerp gemaak, en dit is geskuur om te gee in die hand van hom wat doodslaan.

¹² "Skreeu en huil, seun van Adam, want dit sal op My volk wees, op al die prinse van Jisra'ël. Hulle sal aan die swaard oorge-lewer word saam met My volk, daarom, slaan op jou dy.

¹³ "Want dit is 'n beproewing. En wat indien dit selfs die staf verag? Sal dit nie gebeur nie?" sê Meester יהוה.

¹⁴ "En jy, seun van Adam, profeteer en slaan hand teen hand. En laat die swaard twee, driemaal afkom, 'n swaard vir die gesneu-weldes. 'n Swaard vir die gesneuweldes, die grote, wat hulle

omsluit.

¹⁵ "Sodat die hart kan smelt en die struikelblokke kan vermeerder het Ek die punt van die swaard teen al hulle poorte opgestel. Ag, dit is soos weerlig gemaak, gereed om te slag.

¹⁶ "Verenig regs, gaan links, waarheen jou snykant ook al gerig is.

¹⁷ "En Ek sal ook My hand teen hand slaan en My grimmigheid laat rus. Ek, יהוה, het gepraat."

¹⁸ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹⁹ "En jy, seun van Adam, maak vir jou twee paaie waarlangs die swaard van die koning van Babel kan kom. Albei moet uit een land gaan. En maak 'n wyser. Maak dit by die begin van die pad na 'n stad.

²⁰ "Jy moet 'n pad maak dat die swaard na Rabba, van die kinders van Ammon, en na Jahuda, in die versterkte stad Jarushalajim, kan kom.

²¹ "Want die koning van Babel sal staan waar die paaie uitmekaarloop, by die begin van die twee paaie, om waarsêery te gebruik. Hy sal die pyle skud, die huisidole raadpleeg, en die lewer bekyk.

²² "In sy regterhand sal die waarsêery vir Jarushalajim wees: om stormramme op te stel, om die mond oop te maak met geskreue, om die stem te verhef met krygsgeroep, om stormramme op te stel teen die poorte, om 'n wal op te gooi, om 'n fort te bou.

²³ "En dit sal vir hulle soos 'n bedrieglike waarsêery wees in die oë hulle wat plegtig ede vir hulle gesweer het. Maar hy bring die ongeregtigheid in herinnering, sodat hulle gegryp kan word.

²⁴ "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Omdat julle jul ongeregtigheid in herinnering bring omdat julle oortredinge openbaar word, sodat julle sondes in al jul dade gesien word. Omdat julle in herinnering gebring is, sal julle met die hand gegryp word.

²⁵ "En jy, besoedelde, bese, prins van Jisra'el, wie se dag gekom het in die tyd van die ongeregtigheid van die einde,

²⁶ so sê Meester יהוה: "Haal die tulband af, en lig die kroon! Dit sal nie bly nie. Verhoog die nederige! Verneder die verhevene!

²⁷ "Omgegooi, omgegooi, Ek maak dit omgegooi. En dit sal nie wees totdat Hy kom wat die reg het, en Ek sal dit gee!"

²⁸ "En jy, seun van Adam, profeteer en sê: 'So sê Meester יהוה aangaande die kinders van Ammon en hulle minagting,' en jy moet sê: 'n Swaard, 'n swaard is getrek om te slag, dit is geskuur om soos weerlig te verteer

²⁹ terwyl hulle vir jou, bedrieglike visioene sien, terwyl hulle vir jou 'n leuen voorspel – om jou op die nekke van bese besoedelde te sit, wie se dag gekom het in die tyd van die ongeregtigheid van die einde!

³⁰ 'Steek dit terug in die skede. In die plek waar jy geskep is, in die land van jou oorsprong, sal Ek jou oordeel.

³¹ 'En Ek sal My toorn oor jou uitgiet. Ek sal op jou blaas met die vuur van My grimmigheid en jou oorgee in die hand van barbare, kundig om te vernietig.

³² 'Jy sal voedsel vir die vuur wees, jou bloed sal binne die land wees. Jy sal nie meer onthou word nie, want Ek, יהוה, het gepraat."

22 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "En nou, seun van Adam, oordeel jy, oordeel jy die bloedige stad! Wys haar al haar gruwels!

³ "En jy moet sê: ' So sê Meester יהוה: Stad wat binne bloed vergiet, dat haar tyd mag kom, en idole teen haarself maak, om haar te verontreinig!

⁴ "Jy het skuldig geword deur die bloed wat jy vergiet het, en jy is verontreinig deur jou idole wat jy gemaak het. En jy het jou dae laat nader kom en tot by jou jare gekom. Daarom sal Ek jou 'n verdering vir die heidene en 'n bespotting vir al die lande maak.

⁵ "Die wat naby en die wat ver van jou af is, sal jou bespot, onrein naam, vol rumoer!

⁶ "Kyk, die prinse van Jisra'ël! Elkeen was in jou om met sy arm bloed te vergiet.

⁷ "Hulle het vader en moeder in jou verag. Hulle het die vreemdeling in jou met geweld behandel. Hulle het die vaderlose en weduwee in jou verdruk.

⁸ "My afgesonderde dinge het jy geminag en My Sabbatte geskend.

⁹ "Mans wat laster was daar in jou om bloed te vergiet. En in jou het hulle op die berge geëet. Hulle het boosheid in jou gedoen.

¹⁰ "In jou het hulle die naaktheid van die vader ontbloot. In jou het hulle die wat bevlek was deur onreinheid, geskend.

¹¹ "Die een het 'n gruwelike ding gedoen met sy naaste se vrou. En 'n ander het sy skoondogter skandelik verontreinig. En 'n ander het in jou sy suster, sy vader se dogter, geskend.

¹² "In jou het hulle omkoopgeskenke aangeneem om bloed te vergiet. Rente en vermeerdering het jy geneem en jou naaste te veel laat betaal deur verdrukking, maar jy het My vergeet," sê Meester יהוה.

¹³ "En kyk, Ek sal in My hand slaan oor jou gierige wins wat jy gemaak het, en die bloedskuld wat in jou is.

¹⁴ "Sal jou hart standhou of jou hande sterk wees in die dae wanneer Ek met jou handel? Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen.

¹⁵ "En Ek sal jou verstrooi tussen die heidene en jou versprei in die lande, en Ek sal jou onreinheid in jou beëindig.

¹⁶ "En jy sal jouself skend voor die oë van die heidennasie. En jy sal weet dat Ek יהוה is.""

¹⁷ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹⁸ "Seun van Adam, die huis van Jisra'ël het vir My skuim geword. Hulle is almal koper en tin en yster en lood binne die smeltoond – hulle het silwerskuim geword.

¹⁹ "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Omdat julle almal skuim geword het, kyk, daarom maak Ek julle binne Jarushalajim byme-

kaar.

²⁰ 'Soos silwer en koper en yster en lood en tin binne 'n smeltoond bymekaargemaak word om 'n vuur daarteen aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle in My toorn en in My grimmigheid bymekaar maak en julle ingooi en smelt.

²¹ 'En Ek sal julle versamel en met die vuur van My grimmigheid teen julle blaas, dat julle dáárin gesmelt kan word.

²² 'Soos silwer in die smeltoond gesmelt word, so sal julle dáárin gesmelt word. En julle sal weet dat Ek, יהוה, My grimmigheid oor julle uitgegiet het."

²³ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

²⁴ "Seun van Adam, sê vir haar: Jy is 'n land wat nie gereinig is nie, wat nie reën gekry het in die dag van grimmigheid nie.

²⁵ "Daar binne is 'n sameswering van haar profete, soos 'n brullende leeu wat prooi verskeur. Hulle het die lewe veslind. Hulle neem skatte en kosbare dinge weg. Hulle vermeerder die weduwees daarin.

²⁶ "Haar priesters verkrag My Tora en skend My afgesonderde *dinge*. Hulle maak geen onderskeid tussen die afgesonderde en besoedelde nie, en die *verskil* tussen onrein en rein maak hulle nie bekend nie. En hulle het hul oë vir My Sabbatte verberg, en Ek word tussen hulle geskend.

²⁷ "Haar leiers binne haar is soos wolwe wat prooi verskeur, om bloed te vergiet en lewens te vernietig, en om gierige wins te maak.

²⁸ "En haar profete pleister hulle met los kalk deur bedrieglike visioene te sien en vir hulle leuens te voorspel met die woorde: 'So sê Meester יהוה,' terwyl יהוה nie gepraat het nie.

²⁹ "Die mense van die land gebruik verdrukking bedryf diefstal, en hulle onderdruk die ellendige en behoeftige. en die vreemdeling verdruk hulle sonder oordeel.

³⁰ "En Ek het tussen hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor My in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit

nie sou verwoes nie – maar Ek het niemand gevind nie!

³¹ “Daarom het Ek My toorn oor hulle uitgegiet. Ek het hulle deur die vuur van My grimmigheid verteer. Ek het hulle wandel op hulle kop laat neerkom,” sê Meester יהוה.

23 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² “Seun van Adam, daar was twee vrouens, dogters van een moeder.

³ “En hulle het in Mitsrajim gehoereer. Hulle het in hul jeug gehoereer. Hul borste is daar bevoel, en hul maagdelike tepels is daar gedruk.

⁴ “En hulle name was: Ohola, die oudste, en Oholiḅa, haar suster. En hulle was Myne en het seuns en dogters gebaar. En hulle name: Shomaron is Ohola en Jarushalajim Oholiḅa.

⁵ “En Ohola het gehoereer terwyl sy Myne was. En sy het na haar minnaars gesmag, na naburige Ashshur,

⁶ wat blou aangetrek was, goewerneurs en owerstes, almal begeerlike jongmans, ruiters wat op perde ry.

⁷ “En sy het haar hoererye aan hulle gegee, hulle almal die beste seuns van Ashshur. En met almal na wie sy gesmag het, met al hulle idole het sy haar verontreinig.

⁸ “En sy het haar hoererye van Mitsrajim, nie laat staan nie, want hulle het in haar jeug by haar gelê en hulle het haar maagdelike tepels gedruk en hul hoerery oor haar uitgestort.

⁹ “Daarom het Ek haar in die hand van haar minnaars gegee, in die hand van die seuns van Ashshur na wie sy gesmag het.

¹⁰ “Hulle het haar naaktheid ontbloot. Hulle het haar seuns en haar dogters weggeneem, en haar met die swaard geslag. En sy het ’n spreekwoord tussen die vrouens geword, en hulle het oordele oor haar uitgevoer.

¹¹ “En haar suster Oholiḅa het dit gesien, tog was sy meer verrot in haar wellus as sy, en met haar owerspel nog erger as haar suster se hoererye.

¹² “Sy het na die seuns van Ashshur gesmag, goewerneurs en owerstes, die bure, pragtig aangetrek, ruiters wat op perde ry, almal begeerlike jongmans.

¹³ “En Ek het gesien dat sy verontreinig was. Een pad vir albei.

¹⁴ “Maar sy het by haar hoerery gevoeg, en sy het mans gesien wat op die muur gegraeveer was, afbeeldinge van die Kasdim, met rooi geteken,

¹⁵ omgord met ’n gordel aan hulle heupe, met oorhangende tulbande op hulle koppe, in hulle voorkoms almal offisiere, soos die seuns van Babel van Kasdi, hul geboorteland.

¹⁶ “En toe sy hulle gesien het, het sy na hulle gesmag en boodskappers na hulle, na Kasdi gestuur.

¹⁷ “En die seuns van Babel na haar gekom, in die bed van liefde, en haar met hulle hoererye verontreinig. En sy het deur hulle onrein geword, en haar wese het van hulle vervreem.

¹⁸ “En sy het haar hoererye ontbloot en haar naaktheid ontbloot. Toe het My wese van haar vervreem, soos My wese van haar suster vervreem het.

¹⁹ “En sy het haar hoererye vermeerder deur die dae van haar jeug te onthou toe sy ’n hoer in die land Mitsrajim was.

²⁰ “En sy het na haar minnaars gesmag, wie se vlees soos die vlees van donkies is en wie se storting soos die storting van perde is.

²¹ “En jy het na die boosheid van jou jeug verlang, toe die Mitsrim jou tepels gedruk het weens jou jeugdige borste.

²² “Daarom, Oholiḅa, so sê Meester יהוה: ‘Kyk, Ek verwek jou minnaars, van wie jou wese vervreem het, teen jou, en Ek sal hulle van alle kante teen jou bring:

²³ die seuns van Babel en al die Kasdim, Pekod en Shoa en Koa, al die seuns van Ashshur saam met hulle, almal begeerlike jongmans, goewerneurs en owerstes, offisiere en aansienlike mense wat almal op perde ry.

²⁴ ‘En hulle sal teen jou kom met byle, strydwaens en wiele en met ’n versamel-

ing van volke. Hulle sal groot skild en klein skild en helm rondom teen jou rig. En Ek sal die oordeel aan hulle gee, en hulle sal jou vonnis volgens hulle oordeel.

²⁵ 'En Ek sal My jaloesie teen jou rig, en hulle sal in woede met jou werk. Hulle sal jou neus en jou ore afsny, en die res van jou sal deur die swaard val. Hulle sal jou seuns en jou dogters wegneem, en die res van jou sal deur vuur verteer word.

²⁶ 'En Hulle sal jou van jou klere stroop en jou juwele neem.

²⁷ 'En Ek sal jou boosheid by jou en jou hoerery van die land Mitsrajim beëindig, en jy sal nie jou oë na hulle oplig of aan Mitsrajim meer dink nie.'

²⁸ 'Want so sê Meester יהוה: 'Kyk, Ek gee jou oor in die hand van hulle wie jy haat, in die hand van hulle van wie jou wese vervreem het.

²⁹ 'En hulle sal jou met haat behandel en alles wegneem waarvoor jy gewerk het. En hulle sal naak en kaal los. En die naaktheid van jou owerspel sal ontbloot word, en die boosheid en jou hoererye.

³⁰ 'Ek doen dit aan jou omdat jy agter heidene aan hoereer en omdat jy met hulle idole verontreinig is.

³¹ 'Jy het in die weg van jou suster gewandel, en Ek sal haar beker in jou hand gee.'

³² 'So sê Meester יהוה: 'Jy sal die beker van jou suster drink, diep en wyd. Jy sal belag en bespot word, want dit hou baie.

³³ 'Jy sal vol word en dronk van smart, die beker van vernietiging en verwoesting, die beker van jou suster Shomaron.

³⁴ 'En jy sal dit drink en uitsuig en sy skerwe breek en jou borste afskeur. Want Ek het gepraat,' sê Meester יהוה.

³⁵ 'Daarom, so sê Meester יהוה: 'Omdat jy My vergeet het en My agter jou rug gegooi het, daarom sal jy jou boosheid en jou hoererye dra.'

³⁶ 'En יהוה het vir my gesê: "Seun van Adam, oordeel jy Ohola en Oholiba! En maak aan hulle hul gruwels bekend.

³⁷ 'Want hulle het owerspel gepleeg, en bloed is aan hulle hande. En hulle het

met hul idole owerspel gepleeg en selfs hul seuns wat hulle vir My gebaar het, het hulle deur *die vuur* laat gaan as voedsel vir hulle.

³⁸ "Hulle het ook dit aan My gedoen: Hulle het My afsonderde plek op dieselfde dag verontreinig en My Sabbatte geskend.

³⁹ "Wanneer hulle hul kinders vir hulle idole geslag het, het hulle op dieselfde dag na My afsonderde plek gekom om dit te skend. En kyk, dit het hulle binne-in My Huis gedoen.

⁴⁰ "En hulle het selfs vir mans gestuur om van ver te kom, na wie 'n boodskapper gestuur is. En kyk, hulle het gekom – vir wie jy jou gewas, jou oë gevef en versierings aangesit het.

⁴¹ "En jy het op 'n pragtige bed gesit met 'n tafel gereed voor dit, en waarop jy My wierook en My olie neergesit het.

⁴² "En die klank van 'n sorgvrye menigte was by haar. En uit die mans van die menigte mense het Sabajim' uit die woestyn gekom wat armbande aan hulle hande en pragtige krone op hulle koppe gesit het.

⁴³ "Toe het Ek van dié wat in owerspel opgebruik is gesê: 'Nou sal hulle haar hoererye pleeg, ook hare!'

⁴⁴ "En hulle het by haar ingegaan soos 'n mens ingaan by 'n vrou wat hoereer. Só het hulle by Ohola en Oholiba ingegaan, die bouse vrouens.

⁴⁵ "En regverdige mans, sal hulle oordeel volgens die oordeel van owerspeelsters en volgens die oordeel van vrouens wat bloed vergiet, want hulle is owerspeelsters, en bloed is aan hulle hande.

⁴⁶ "Want so sê Meester יהוה: 'Roep 'n vergadering teen hulle op en gee hulle oor vir mishandeling en plundering.

⁴⁷ 'En die vergadering moet hulle stenig en hulle met hul swaarde stukkend kap. Hulle moet hul seuns en dogters slag en hulle huise met vuur verbrand.

⁴⁸ 'En Ek sal die boosheid in die land

[/] Afstammeling van Kush. Ook dronkaards of suiplappe.

beëindig, en al die vrouens sal geleer word om geen boosheid soos julle te doen nie.

⁴⁹ "En hulle sal julle boosheid op julle laat kom, en julle sal die sondes van julle idole dra. En julle sal weet dat Ek Meester יהוה is."

24 En in die negende jaar, in die tiende maand, op die tiende van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, skryf vir jou die naam van die dag, hierdie selfde dag, op. Die koning van Babel het hierdie selfde dag teen Jarushalajim gedruk.

³ "En vertel aan die rebelse huis 'n gelykenis en sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Sit die pot op, sit dit op, en gooi ook water daarin.

⁴ "Sit sy stukke alles daarin, al die goeie stukke, die boud en die blad; vul dit met die beste bene.

⁵ "Neem die beste van die kleinvee, en ook 'n stapel bene onder dit, laat dit goed kook, laat die bene ook daarin kook."

⁶ "Daarom, so sê Meester יהוה: "Wee die stad van bloed, die pot waar roes in is en waarvan die roes nie afgegaan het nie! Haal stuk vir stuk daaruit, laat die lot nie daarop val nie.

⁷ "Want haar bloed is in haar midde. Sy het dit op 'n kaal rots neergesit. Sy het dit nie op die grond uitgegooi om dit met stof te bedek nie.

⁸ "Om grimmigheid te verwek, om wraak te neem, het Ek haar bloed op 'n kaal rots neergesit, dat dit nie bedek sou word nie."

⁹ "Daarom, so sê Meester יהוה: "Wee die stad van bloed! Ek sal ook die houtstapel groot maak.

¹⁰ "Vermeerder die hout, steek die vuur aan, maak die vleis gaar en meng die spesserye in en laat die bene brand.

¹¹ "En laat dit leeg op sy kole staan, dat dit warm kan word en sy koper kan gloei. En sy onreinheid sal in hom smelt en sy roes sal verteer word.

¹² "Sy het haar met boosheid uitgeput, en

haar baie roes het nie van haar gegaan nie. In die vuur met haar roes!

¹³ "In jou onreinheid is boosheid. Want Ek het jou gereinig en jy het nie rein geword van jou onreinheid nie. Jy sal nie meer rein word totdat Ek My grimmigheid op jou tot rus bring het nie.

¹⁴ "Ek, יהוה, het gepraat. Dit kom, en Ek sal dit doen. Ek sal nie ophou nie en sal nie verskoon of berou hê nie. Volgens jou wandel en jou dade sal hulle jou oordeel," sê Meester יהוה."

¹⁵ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹⁶ "Seun van Adam, kyk, Ek neem die begeerte van jou oë van jou af weg deur 'n slag. Maar jy mag nie treur of huil nie, en jou trane mag nie kom nie.

¹⁷ "Kreun in stilte, moenie oor die dooies treur nie. Bind jou kopdoek om en trek jou skoene aan jou voete. Moenie jou baard bedek nie of die brood van mense eet nie."

¹⁸ En ek het die oggend met die mense gepraat, en die aand het my vrou gesterf. En ek het die volgende oggend gedoen soos ek beveel was.

¹⁹ En die mense het vir my gesê: "Wil jy ons nie vertel wat hierdie vir ons beteken wat u doen nie?"

²⁰ En ek het vir hulle gesê: "Die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

²¹ 'Sê aan die huis van Jisra'el: "So sê Meester יהוה: 'Kyk, Ek sal My afgesonderde plek skend, die trots van julle sterkte, die begeerte van julle oë, die vreugde van julle wese. En julle seuns en julle dogters wat julle laat agterbly het, sal deur die swaard val.

²² 'En julle sal doen soos ek gedoen het: die baard sal julle nie bedek nie en die brood van mense nie eet nie.

²³ 'En jul kopdoek sal op julle koppe wees en jul skoene aan julle voete. Julle sal nie treur of huil nie, maar in julle ongeregtighede wegteer en die een teen die ander kreun.

²⁴ 'En Jaḥzəkĕl sal vir julle 'n teken wees. Doen alles soos hy gedoen het. Wanneer

dit kom, sal julle weet dat Ek Meester יהוה is."

²⁵ 'En jy, seun van Adam, die dag wanneer Ek hulle vesting van hulle af wegneem, hulle wonderlike vreugde, die begeerte van hulle oë en die verlange van hulle wese, hulle seuns en hulle dogters,

²⁶ op daardie dag sal 'n ontsnapte na jou toe kom om jou ore dit te vertel.

²⁷ 'Op daardie dag sal jou mond geopen word vir dié ontsnapte, en jy sal praat en nie meer stom wees nie. So sal jy dan vir hulle 'n teken wees, en hulle sal weet dat Ek יהוה is."

25 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, rig jou gesig teen die seuns van Ammon, en profeteer teen hulle.

³ "En sê aan die seuns van Ammon: 'Hoor die woord van Meester יהוה. So sê Meester יהוה: "Omdat jy a-ha! teen My afgesonderde plek gesê het, toe dit geskend is, en teen die land van Jisra'ël, toe dit verwoes is, en teen die huis van Jahuda, omdat hulle in ballingskap gegaan het,

⁴ daarom, kyk, gee Ek jou oor as 'n besitting aan die seuns van die Ooste, dat hulle hul laers in jou opslaan en hul wonings in jou maak. Hulle sal jou vrugte eet, en hulle sal jou melk drink.

⁵ "En Ek sal Rabba 'n weiveld vir kamele maak en die seuns van Ammon 'n lêplek vir kleinvee. En julle sal weet dat Ek יהוה is."

⁶ 'Want so sê Meester יהוה: "Omdat jy hande geklap en voete gestamp het en verheug was met veragting in jou hele wese teen die land van Jisra'ël,

⁷ daarom, kyk, Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou as buit vir die nasies gee. En Ek sal jou afsny van die volke en jou uit die lande verdelg. Ek sal jou vernietig, en jy sal weet dat Ek יהוה is."

⁸ 'So sê Meester יהוה: "Omdat Moab en Sëir sê: 'Kyk, die huis van Jahuda is soos al die heidene,'

⁹ daarom, kyk, Ek maak die kante van Moab oop, van stede tot stede op sy grense, die prag van die land: Bêt-Jashimot, Baäl-Meon en tot Kirjatajim,

¹⁰ en Ek sal dit saam met die seuns van Ammon, aan die seuns van die Ooste as besitting gee, sodat die seuns van Ammon nie meer tussen die nasies genoem sal word nie.

¹¹ "Ek sal ook in Moab oordele uitvoer, en hulle sal weet dat Ek יהוה is."

¹² 'So sê Meester יהוה: "Oor wat Edom gedoen het deur wraak te neem teen die huis van Jahuda en het hy baie skuldig geword, en homself op hulle gewreek het,

¹³ daarom, so sê Meester יהוה: "Ek sal My hand teen Edom uitstrek en mens en dier daarvan afsny en Ek sal dit verwoes. Vanaf Tëman en tot by Dedan sal hulle deur die swaard val.

¹⁴ "En Ek sal My wraak op Edom in die hand van My volk Jisra'ël gee, en hulle sal met Edom doen volgens My toorn en My grimmigheid. So sal hulle My wraak ken," sê Meester יהוה.

¹⁵ So sê Meester יהוה: "Omdat die Palishtim met wraak gehandel het en hulle met veragting in die wese erg gewreek het, om met ewige vyandskap te verwoes,"

¹⁶ daarom, so sê Meester יהוה: "Kyk, Ek strek My hand uit teen die Palishtim en sal die Karëtiërs afsny en die oorblyfsel van die seekus vernietig.

¹⁷ En Ek sal groot wraak op hulle uitvoer met grimmige strawwe. En hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek My wraak oor hulle gee."

26 En in die elfde jaar, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, omdat Tsoor teen Jerusha-lajim gesê het: 'A-ha! Sy, die hekke van die volke is gebreek, sy is na my toe gedraai. Ek sal vol word, sy is verwoes.'

³ "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Kyk, Ek is teen jou, Tsoor, en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe

laat optrek.

⁴ 'En hulle sal die mure van Tsor verwoes en haar torings afbreek. En Ek sal sy stof van haar af wegvee en haar 'n kaal rots maak.

⁵ Sy sal binne die see 'n plek wees om nette te spreid, want Ek het gepraat,' sê Meester יהוה. 'En sy sal 'n buit vir die nasies wees.

⁶ 'En haar dogters wat in die veld is, sal met die swaard doodgemaak word. En hulle sal weet dat Ek יהוה is.'

⁷ "Want so sê Meester יהוה: 'Kyk, Ek bring Nebukadrétstas, die koning van Babel, die koning van die konings, vanaf die noorde teen Tsor, met perde en strydwaens en ruiters en 'n menigte en baie mense.

⁸ 'Hy sal jou dogters in die veld met die swaard doodmaak. En hy sal forte teen jou opstel en 'n wal teen jou bou en 'n groot skild teen jou oprig.

⁹ 'En hy sal die slag van sy stormram teen jou mure rig en jou torings met sy gereedskap afbreek.

¹⁰ 'Van die menigte van sy perde sal hulle stof jou bedek. Van die lawaai van ruiters en wiele en strydwaens sal jou mure bewe wanneer hy deur jou poorte intrek, soos 'n mens by 'n stad ingaan wat oopgebreek is.

¹¹ 'Hy sal met die hoewe van sy perde al jou strate vertrap, jou mense sal hy met die swaard slag, en jou magtige klippilare sal op die grond val.

¹² 'En hulle sal jou rykdom buit en jou koopware roof. En hulle sal jou mure afbreek en jou gerieflike huise afbreek. En hulle sal jou klippe en jou hout en jou stof in die water gooi.

¹³ 'En Ek sal die geraas van jou liedere laat ophou, en die klank van jou liere sal nie meer gehoor word nie.

¹⁴ 'En Ek sal jou 'n kaal rots maak, jy sal 'n plek wees om nette te spreid en nooit herbou word nie, want Ek, יהוה, het gepraat,' sê Meester יהוה.

¹⁵ "So sê Meester יהוה vir Tsor: 'Sal die kuslande nie bewe van die geluid van jou

val, wanneer die gewondes kerm, wanneer hulle 'n slagting in jou maak nie?

¹⁶ 'En al die prinse van die see sal van hulle trone afklim en hulle mantels eenkant lê en hulle geborduurde klere uittrek. En hulle sal bewing aantrek en op die grond sit. En hulle sal aanhoudend bewe en oor jou verbaas wees.

¹⁷ 'En hulle sal 'n treurlied oor jou aanhef en vir jou sê: "Hoe het jy vergaan, bewoon uit seë, wyd beroemde stad, wat sterk was deur die see, sy en haar inwoners, wat vrees by al die kusbewoners vir hulle ingeboesem het.

¹⁸ "Nou sal die kuslande bewe op die dag van jou val! En die kuslande by die see, sal sidder oor jou uitgaan."

¹⁹ "Want so sê Meester יהוה: 'Wanneer Ek jou 'n verwoeste stad maak, soos die stede wat nie bewoon is nie, wanneer Ek die watervloed oor jou laat opkom en die groot waters jou bedek,

²⁰ dan sal Ek jou laat neerdaal saam met die wat neerdaal in die kuil, na die mense van ouds. En Ek sal jou laat woon in die onderste plekke van die aarde, in woesteny van ouds, saam met die wat in die kuil neergedaal het, sodat jy nie bewoon word nie. Maar Ek sal aansien gee in die land van die lewendes.

²¹ Ek sal jou 'n verskrikking maak, en jy sal nie meer wees nie. Jy sal gesoek word, maar nooit weer gevind word nie,' sê Meester יהוה."

27 En die woord van יהוה het weer na my gekom en gesê:

² "En jy, seun van Adam, hef 'n treurlied aan oor Tsor,

³ en jy moet vir Tsor sê: 'Jy wat by die ingange van die see woon, handelaar van die volke in baie kuslande, so sê Meester יהוה: "Tzor, jy het gesê: 'Ek is volmaak in skoonheid.'

⁴ "Jou grense is in die hart van die seë. Jou bouers het jou skoonheid vervolmaak.

⁵ "Hulle het al jou planke van sipresse uit Senir gemaak. Hulle het 'n seder uit Lebanon geneem om 'n mas vir jou te maak.

⁶ "Van eikebome uit Bashan het hulle jou roeispane gemaak. Jou dek het hulle van sederhout uit die kuslande van die Kittiers gemaak, ingelê met ivoor.

⁷ "Jou seil was van geborduurde fyn linne uit Mitsrajim om vir jou as vlag te dien. blou en pers uit die kuslande van Elisha was jou bedekking.

⁸ "Die inwoners van Tsidon en Arwad was jou roeiers. Jou wyse mans was in jou, Tzor, hulle was jou matrose.

⁹ "Die oudstes van Geḅal en sy wyse mans was in jou om jou lekplekke reg te maak. al die skepe van die see en hulle seemans was in jou om jou koopware te verhandel.

¹⁰ "Mense uit Paras, Lud en Put was in jou leër, jou krygsmanne. Skild en helm het hulle in jou opgehang; hulle het aan jou glans gegee.

¹¹ "Die seuns van Arwad en jou leër was rondom op jou mure, en die soldate was in jou torings. Hulle het hul skilde rondom aan jou mure gehang. Hulle het jou skoonheid vervolmaak.

¹² "Tarshish was jou handelaar weens die oorvloed van jou rykdom. Hulle het silwer, yster, tin en lood vir jou handelsware gegee.

¹³ "Jawan, Tuḅal en Mesheg, hulle was jou handelaars. Hulle het slawe en kopergoed vir jou handelsware gegee.

¹⁴ "Uit die huis van Togarma het hulle perde en ryperde en muile vir jou handelsware gegee.

¹⁵ "Die seuns van Dedan was jou handelaars. Baie kuslande was jou mark. Hulle het ivoortande en ebbehout aan jou as betaling gebring.

¹⁶ "Aram was jou handelaar weens die menigte van jou produkte. Hulle het granate, pers en borduursels en fyn linne en korale en robyne vir jou handelsware gegee.

¹⁷ "Jahuda en die land Jisra'el, was jou handelaars. Hulle het koring van Minnit en soetgebak en heuning en olie en balsem vir jou handelsware gegee.

¹⁸ "Damaskus was jou handelaar weens

die menigte van jou produkte, weens die menigte van alle goed: wyn van Ḥelbon en wit wol.

¹⁹ "En Dan en Jawan uit Usal het jou met smee-yster, kaneel en rottang betaal vir jou handelsware.

²⁰ "Dedan het met jou handel gedryf in saalkleedjies om op te ry.

²¹ "Arabië en al die prinse van Kēdar was handelaars vir jou. Hulle het in lammers en ramme en bokke met jou handel gedryf.

²² "Die handelaars van Sheḅa en Rāma, hulle was jou handelaars. Hulle het die keur van alle speserye en allerlei edelgesteentes en goud vir jou handelsware gegee.

²³ "Ḥaran en Kanne en Ęden, die handelaars van Sheḅa, Ashshur en Kilmad het met jou handel gedryf.

²⁴ "Hulle was jou handelaars in pragtige klerasie, blou en borduurde klere en kiste vol veelkleurige klere in gevlegte en gedraaide toue, op jou mark.

²⁵ "Die skepe van Tarshish het jou handelsware vir vervoer, sodat jy vol en baie swaar geword het in die hart van die seë.

²⁶ "Jou roeiers, het jou op groot waters gebring; die oostewind het jou in die hart van die seë gebreek.

²⁷ "Jou rykdom en jou ware, jou handelsware, jou seemans en jou matrose, die wat jou lekplekke reggemaak het en die wat jou handelsware hanteer het, en al jou krygsmanne wat in jou is, saam met jou hele menigte wat in jou is - hulle sal val in die hart van die seë op die dag van jou val.

²⁸ "Die kuslyne sal bewe van die harde geskreue van jou matrose.

²⁹ "En al die roeiers, die seemans, al die matrose van die see, sal van hulle skepe afklim. Hulle sal op die land gaan staan.

³⁰ "En hulle sal hul stem oor jou laat hoor en bitterlik huil, en hulle sal stof op hul koppe gooi, en hulle sal in die as rol.

³¹ "En hulle sal hul kaal skeer weens jou en sakkere omgord. En hulle sal oor jou huil met bitterheid van wese, in 'n bitter

weeklag.

³² "En hulle sal in hul weeklag oor jou 'n treurlied aanhef en oor jou treur: 'Wie was soos Tsoer, die verwoeste daar in die see?

³³ "Toe jou handelsware uit die see gekom het, het jy baie volke versadig; met die menigte van jou rykdom en jou handelsware het jy die konings van die aarde ryk gemaak.

³⁴ "Nou is jy gebreek deur die see in die dieptes van die waters, jou handelsware en jou hele menigte het saam met jou weggesink.

³⁵ "Al die inwoners van die kuslande staan verbaas oor jou, en hulle konings huiwer van vrees, met bekommerde gesigte.

³⁶ "Die handelaars tussen die volke spot oor jou. Jy het 'n verskrikking geword en sal nie meer wees nie, tot in ewigheid.'""

28 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, sê aan die leier van Tsoer: 'So sê Meester יהוה: "Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: 'Ek is Eil, ek sit in die stoel van Elohim in die hart van die see,' terwyl jy net 'n mens is en nie Eil nie, al het jou hart voorgegee om die hart van Elohim te wees!

³ "Kyk, is jy wyser as Daniël? Is alle geheime nie vir jou duister nie?

⁴ "Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, en jy het goud en silwer in jou skatkamers gemaak.

⁵ "Deur jou groot wysheid, deur jou handel het jy jou rykdom vermeerder, en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom."

⁶ "Daarom, so sê Meester יהוה: "Omdat jou hart voorgegee het om die hart van Elohim te wees,

⁷ daarom, kyk, Ek bring vreemdes teen jou, die geweldigstes van die nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid van jou wysheid, en jou glans skend.

⁸ "Hulle sal jou in die kuil laat neerdaal en jy sal in die hart van die see die dood sterf van een wat deurboor is.

⁹ "Sal jy steeds vir hom wat jou dood-

maak sê: 'Ek is Elohim,' terwyl jy net 'n mens is en nie Eil nie, in die hand van hulle wat jou deurboor?

¹⁰ "Jy sal die dood van onbesnedenes sterf, deur die hand van vreemdes. Want Ek het gepraat," sê Meester יהוה."

¹¹ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹² "Seun van Adam, hef 'n treurlied aan oor die koning van Tsoer, en jy moet vir hom sê: 'So sê Meester יהוה: "Jy verseel die toewysing, vol wysheid en volmaak in skoonheid.

¹³ "Jy was in Eden, die tuin van Elohim. Elke edelsteen was jou bedekking: robyn, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, granaat en smarag. En die werk van jou tamboeryne en groewe, goud. Op die dag toe jy geskep is, is hulle berei.

¹⁴ "Jy was 'n gesalfde kërubb wat beskut. En Ek het jou op die afgesonderde berg van Elohim gestel. Jy het tussen stene van vuur gewandel.

¹⁵ "Jy was volmaak in jou weë vanaf die dag dat jy geskep is, totdat ongeregtigheid in jou gevind is.

¹⁶ "Weens die grootheid van jou handel is jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig. Daarom het Ek jou van die berg van Elohim verdryf en het Ek jou vernietig tussen die stene van vuur, kërubb wat beskut!

¹⁷ "Jou hart het hoogmoedig geword oor jou skoonheid, jy het jou wysheid bederf weens jou glans. Ek het jou op die aarde gegooi, Ek het jou voor die konings oorgegee, om op jou neer te sien.

¹⁸ "Jy het jou afgesonderde plekke gekend deur die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou handel. Daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat kom. Dit het jou verteer, en Ek het as van jou gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het.

¹⁹ "Almal wat jou geken het tussen die volke, is verstom oor jou. Jy het 'n verskrikking geword en sal in ewigheid nie meer wees nie.'""

²⁰ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

²¹ "Seun van Adam, rig jou gesig teen Tsidon en profeteer teen haar,

²² en jy moet sê: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek is teen jou, Tsidon, en Ek sal in jou midde geag word. En hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek in haar oordele uitvoer. En Ek sal in haar afgesonderd wees.

²³ "En Ek sal die pes oor haar stuur en bloed op haar strate, en die gewondes sal in haar val deur die swaard wat teen haar is van alle kante. En hulle sal weet dat Ek יהוה is.

²⁴ "En daar sal nie meer vir die huis van Jisra'el 'n steekdoring en pynlike doring onder almal wat rondom hulle is, wat hulle verag, wees nie. En hulle sal weet dat Ek Meester יהוה is."

²⁵ "So sê Meester יהוה: "Wanneer Ek die huis van Jisra'el versamel uit die volke tussen wie hulle verstrooi is, sal Ek afgesonderd in hulle wees voor die oë van die heidene. En hulle sal in hul land woon wat Ek aan My dienaar Jaakob gegee het.

²⁶ "En hulle sal veilig daarin woon en huise bou en wingerde plant. En hulle sal veilig woon wanneer Ek oordele uitvoer teen almal wat hulle van alle kante verag. En hulle sal weet dat Ek יהוה hulle Elohim is."'"

29 In die tiende jaar, in die tiende maand, op die twaalfde van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, rig jou gesig teen Par'o, die koning van Mitsrajim, en profeteer teen hom en teen die hele Mitsrajim.

³ "Praat en jy moet sê: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek is teen jou, Par'o, koning van Mitsrajim, jou groot monster wat in jou riviere lê, wat sê: 'My rivier is myne, en ek het dit vir myself gemaak.'

⁴ "En Ek sal hake in jou kakebene sit en die visse van jou riviere aan jou skubbe laat kleef. En Ek sal jou uit jou riviere

optrek, saam met al die visse van jou riviere wat aan jou skubbe kleef.

⁵ "En Ek sal jou in die woestyn laat, jou en al die visse van jou riviere. Jy sal op die oop veld val, jy sal nie opgetel of versamel word nie. Ek sal jou aan die wilde diere van die aarde en aan die voëls van die hemel as voedsel gee.

⁶ "En al die inwoners van Mitsrajim sal weet dat Ek יהוה is, omdat hulle vir die huis van Jisra'el 'n rietstok is.

⁷ "Toe Jisra'el aan jou met die hand gegryp het, het jy gebreek en hulle hele skouer oop geskeur. En toe hulle op jou geleun het, het jy gebreek en al hulle lendene laat skud."

⁸ "Daarom, so sê Meester יהוה: "Kyk, Ek bring die swaard oor jou en sal mens en dier van jou afsny.

⁹ "En die land Mitsrajim sal verlate en droog word, en hulle sal weet dat Ek יהוה is, want hy het gesê: 'Die rivier is myne, en ek het dit gemaak.'

¹⁰ "Daarom, kyk, Ek is teen jou en teen jou riviere, en Ek sal die land Mitsrajim totaal droog maak, verlate vanaf Migdol tot by Séwéné, en tot by die grens van Kush.

¹¹ "Geen mens se voet sal deur dit gaan nie, en geen dier se poot sal deur dit gaan nie, en dit sal veertig jaar lank onbewoond wees.

¹² "En Ek sal die land Mitsrajim 'n verlate maak tussen verwoeste lande in, en haar stede sal verlate wees tussen verwoeste stede, veertig jaar lank. En Ek sal Mitsrajim tussen die nasies verstrooi en hulle versprei deur die lande."

¹³ "Want so sê Meester יהוה: "Aan die einde van veertig jaar sal Ek Mitsrajim uit die volke versamel waarheen hulle verstrooi was.

¹⁴ "En Ek sal die ballingskap van Mitsrajim verander en hulle laat terugkeer na die land Patros, na die land van hulle oorsprong, en daar sal hulle 'n geringe koninkryk wees.

¹⁵ "En dit sal geringer wees as die ander koninkryke en hom nie weer bo die

nasies verhef nie. En Ek sal hulle min maak, sodat hulle nie oor die nasies reageer nie.

¹⁶ "En dit sal nie meer vir die huis van Jisra'el 'n toevlug wees nie, wat die ongeregtigheid in herinnering bring toe hulle agter hul aan omgedraai het nie. En hulle sal weet dat Ek יהוה יִשְׂרָאֵל is."''

¹⁷ En in die sewe en twintigste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

¹⁸ "Seun van Adam, Nebukadrétstsar, die koning van Babel, het sy leër 'n swaar diens teen Tsor laat verrig: elke kop het kaal geword en elke skouer is seer geskaaf. Maar hy en ook sy leër het van Tsor geen vergoeding ontvang vir die diens wat hy daarteen gedoen het nie.

¹⁹ "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Kyk, Ek gee die land Mitsrajim aan Nebukadrétstsar, die koning van Babel, en hy sal die rykdom daarvan wegdra en die buit daarvan neem en die roof daarvan plunder. En dit sal die vergoeding vir sy leër wees.

²⁰ "Ek het hom die land Mitsrajim gegee vir sy werk wat hy gedoen het, omdat hulle vir My gewerk het,' sê Meester יהוה.

²¹ "In daardie dag sal Ek vir die huis van Jisra'el 'n horing laat uitspruit, en Ek sal jou 'n oop mond tussen hulle gee. En hulle sal weet dat Ek יהוה is.'"

30 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, profeteer en sê: 'So sê Meester יהוה: "Huil, 'Wee die dag!'

³ "Want die dag is naby, ja, die dag van יהוה is naby. Dit is 'n dag van wolke, die tyd van die nasies.

⁴ Die swaard "sal oor Mitsrajim kom, en daar sal angs in Kush wees wanneer die verslanes in Mitsrajim val, en wanneer hulle haar rykdom wegneem en haar fundamente afgebreek word.

⁵ "Kush en Put en Lud en die hele gemengde bevolking en Kuḅ en die seuns van die land wat 'n verbond het met hulle, sal saam deur die swaard val."

⁶ "So sê יהוה: "En hulle wat op Mitsrajim steun sal val, en haar trotse mag sal afsink. Vanaf Migdol tot by Séwēnē sal hulle daarin, deur die swaard val," sê Meester יהוה.

⁷ "En hulle sal verwoes wees tussen die verwoeste lande in, en haar stede sal tussen die droë stede wees.

⁸ "En hulle sal weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek 'n vuur in Mitsrajim gee en al haar helpers vernietig word.

⁹ "In daardie dag sal daar boodskappers voor My uitvaar in skepe om die sorglose Kush bang te mssk, en dan sal daar angs oor hulle wees soos in die dag van Mitsrajim. Want kyk, dit kom!"

¹⁰ "So sê Meester יהוה: "En Ek sal die menigte van Mitsrajim beëindig deur die hand van Nebukadrétstsar, die koning van Babel.

¹¹ "Hy en sy volk saam met hom, die geweldigste nasies, sal kom om die land te vernietig. En hulle sal hul swaarde teen Mitsrajim uittrek en die land met gesneuweldes vul.

¹² "En Ek sal die riviere droog maak en die land verkoop in die hand van boosdoeners. En Ek sal die land en sy volheid verwoes deur die hand van vreemdes. Ek, יהוה, het gepraat."

¹³ "So sê Meester יהוה: "En Ek sal die idole vernietig en die idole uit Nof laat verdwyn, en daar sal geen prins meer wees uit die land Mitsrajim nie. En Ek sal vrees in die land Mitsrajim gee.

¹⁴ "En Ek sal Patros verwoes en 'n vuur in Tsoan gee en oordele in No uitvoer.

¹⁵ "En Ek sal My grimmigheid oor Sin uitgiet, die vesting van Mitsrajim. En Ek sal die menigte van No afsny.

¹⁶ "En Ek sal 'n vuur in Mitsrajim gee, Sin sal bewe van angs, en No sal oopgebreek word, en Nof sal daaglik benoud wees!

¹⁷ "Die jongmans van Awen en Pi-Āeset sal deur die swaard val, en hulle self sal in ballingskap gaan.

¹⁸ "En in Tagpānges word die dag donker wanneer Ek die jukke van Mitsrajim daar verbreek. En die trots van haar mag sal

in haar ophou, 'n wolk sal haar bedek, en haar dogters sal in ballingskap gaan.

¹⁹ "En Ek sal oordele in Mitsrajim uitvoer, en hulle sal weet dat Ek יהוה is."¹⁹

²⁰ En in die elfde jaar, in die eerste maand, op die sewende van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

²¹ "Seun van Adam, Ek het die arm van Par'o, die koning van Mitsrajim, gebreek. En kyk, dit is nie verbind vir genesing of met 'n verband verbind, dat dit sterk kan word om die swaard te vat nie.

²² "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Kyk, Ek is teen Par'o, koning van Mitsrajim! En Ek sal sy arms breek, die sterk een en die gebreekte een, en sal die swaard uit sy hand laat val.

²³ 'En Ek sal die Mitsrim verstrooi tussen die nasies en hulle versprei in die lande.

²⁴ 'En Ek sal die arms van die koning van Babel versterk, en Ek sal My swaard in sy hand gee. En Ek sal Par'o se arms breek, en hy sal voor hom kreun soos 'n deurboorde kkreun.

²⁵ 'En Ek sal die arms van die koning van Babel versterk, maar Par'o se arms sal val. En hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek My swaard in die hand van die koning van Babel gee, dat hy dit kan uitstrek oor die land Mitsrajim.

²⁶ 'En Ek sal die Mitsrim tussen die nasies verstrooi en hulle in die lande versprei. En hulle sal weet dat Ek יהוה is."²⁶

31 En in die elfde jaar, in die derde maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, sê aan Par'o, die koning van Mitsrajim, en aan sy menigte: 'Na wie lyk jy in jou grootheid?

³ 'Kyk, Ashshur was 'n seder op Lebanon, pragtige takke en bos skaduwee en trotse hoogte. En sy top was tussen die digte blare.

⁴ 'Waters het hom groot gemaak, die watervloed het hom hoogte gegee met sy riviere gegaan wat rondom die plek waar hy geplant was gegaan het, en sy

watervore is uitgestuur na al die bome van die veld.

⁵ 'Daarom het sy hoogte hoër gestyg as al die bome van die veld, en sy takke het vermeerder en sy takke het lank geword, weens die oorvloed waters toe hy uitgeskiet het.

⁶ 'Al die voëls van die hemel het in sy takke nes gemaak, en al die wilde diere van die veld het onder sy takke geboorte gegee. En onder sy skaduwee het alle groot volke gaan sit.

⁷ 'En hy was pragtig in sy grootheid, in die lengte van sy takke, omdat sy wortel by oorvloedige waters was.

⁸ 'Seders kon hom in die tuin van Elohim oorskadu nie, sipresse was nie soos sy takke nie, en platane was nie soos sy takke nie. Geen boom in die tuin van Elohim was soos hy in sy skoonheid nie.

⁹ 'Ek het hom mooi gemaak deur sy baie takke, sodat al die bome van Eden wat in die tuin van Elohim was, hom beny het.'

¹⁰ "Daarom, so het Meester יהוה gesê: Omdat hy hoog gegroei het, en hy sy top tussen die digte blare verhef het en hooghartig geword het oor sy hoogte,

¹¹ gee Ek hom oor in die hand van die magtige onder die heidene. Hy sal verseker met hom handel. Weens sy boosheid het Ek hom uitgedryf.

¹² En vreemdes, die geweldigste nasies, sal hom afgekap en hom los. Sy takke sal op die berge en in al die valleie val, en sy takke is gebreek in al die klowe van die land. En al die volke van die aarde kom uit sy skaduwee en laat hom so lê.

¹³ 'Al die voëls van die hemel sal op sy gevelde stam gaan sit, en al die wilde diere van die veld op sy takke,

¹⁴ sodat al die bome by die waters, nie hoog sou groei en hulle top nie sou verhef tussen die digte blare nie, en hulle magtiges nie sou gaan staan in hulle hoogheid, almal wat water drink nie! Want hulle sal almal oorgegee word aan die dood om na die onderste van die aarde te gaan, tussen die seun van Adamers, na die wat in die kuil neerdaal.'

¹⁵ "So sê Meester יהוה: 'Op die dag wat hy na Sheōl neerdaal, sal Ek laat treur. Ek sal vir hom die watervloed bedek en die strome daarvan terughou, en baie waters sal gestuit wees. En Ek sal die Lebānon in vir hom in as plaas, en al die bome van die veld sal oor hom kwyn.

¹⁶ 'Ek sal die nasies laat bewe deur die geluid van sy val, wanneer Ek hom na Sheōl laat neerdaal saam met die wat in die kuil neerdaal. en al die bome van Ēden, die uitgesoektes en bestes van die Lebānon, almal waterdrinkers, sal in die onderste van die aarde getroos word.

¹⁷ 'Hulle sal ook saam met hom neerdaal na Sheōl, saam met die wat deur die swaard verslaan is. En sy helpers wat in sy skaduwee gesit het tussen die nasies.

¹⁸ 'Met wie word jy in aansien en grootheid tussen die bome van Ēden vergelyk? Maar jy sal neergegooi word saam met die bome van Ēden na die onderste van die aarde, jy sal tussen die onbesnedenes lê, saam met die wat verslaan is deur die swaard. Dit is Par'o en sy hele menigte,' sê Meester יהוה."

32 En in die twaalfde jaar, in die twaalfde maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, hef 'n treurlied aan oor Par'o, die koning van Mitsrajim, en sê vir hom: 'Jy was soos 'n jong leeu tussen die volke, en jy is soos 'n monster in die seë, en jy het uitgebreek in jou riviere en die waters met jou pote geroer en hul riviere vertroebel.'

³ "So sê Meester יהוה: 'En Ek sal My oor jou uitsprei deur 'n vergadering van baie volke, en hulle sal jou optrek in My net.

⁴ 'En Ek sal jou op die land gooi, jou slinger op die oop veld, en Ek sal al die voëls van die hemel op jou laat sit. En Ek sal die wilde diere van die hele aarde met jou versadig.

⁵ 'En Ek sal jou vlees gee op die berge en die valleie vol maak met jou hoop.

⁶ 'En Ek sal jou land natlei met jou bloed tot by die berge, en die klowe sal met jou

gevol word.

⁷ 'En wanneer Ek jou geblus het, sal Ek die hemel bedek en sy sterre verduister. Ek sal die son met wolke bedek, en die maan sal sy lig nie laat skyn nie.

⁸ 'Al die helder ligte aan die hemel sal Ek weens jou verduister, en Ek sal duisternis oor jou land gee,' sê Meester יהוה.

⁹ 'En Ek sal die hart van baie volke bekommer wanneer Ek jou vernietiging tussen die nasies bring, na lande wat jy nie geken het nie.

¹⁰ 'En Ek sal baie volke oor jou verstom maak en hulle konings sal erg bang wees oor jou wanneer Ek My swaard voor hulle swaai. En hulle sal elke oomblik bewe, elkeen vir sy lewe, op die dag van jou val.'

¹¹ "Want so sê Meester יהוה: 'Die swaard van die koning van Babel sal oor jou kom.

¹² 'En deur swaarde van helde, die geweldigste nasies, sal Ek jou leer laat val, hulle almal. En hulle sal die arrogansie van Mitsrajim verwoes, en haar hele leer sal verdolg word.

¹³ 'En Ek sal al haar vee laat omkom by die groot waters, en geen mensevoet sal dit weer roer nie en geen dier se kloue dit vertroebel nie.

¹⁴ 'Dan sal Ek hulle waters laat insink en hulle riviere soos olie laat loop,' sê Meester יהוה.

¹⁵ 'Wanneer Ek die land Mitsrajim verlate maak en die land sal gestroop lê van sy volheid, wanneer Ek almal wat daarin woon, verslaan het, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.

¹⁶ 'Dit is 'n treurlied, en hulle moet haar betreur, die dogters van die nasies moet haar betreur. Hulle moet oor Mitsrajim en oor haar hele menigte treur,' sê Meester יהוה."

¹⁷ En in die twaalfde jaar, op die vyftiende van die maand, het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

¹⁸ "Seun van Adam, huil oor die menigte van Mitsrajim, en laat hulle afgaan in die onderste plekke van die aarde, sy en die

dogters van magtige nasies, by die wat in die kuil neergedaal het.

¹⁹ 'As wie is jy meer aangenaam? Gaan af, en laat jou neerlê by die onbesnedenes.'

²⁰ "Hulle val tussen die wat deur die swaard verslaan is. Sy is oorgegee aan die swaard, wat haar trek saam met al haar menigtes.

²¹ "Die magtigste helde sal met hom, met sy helpers, uit Sheōl praat: 'Hulle het afgegaan, hulle lê daar, die onbesnedenes, verslaan deur die swaard.'

²² "Ashshur is daar en haar hele vergadering, hulle grafte is rondom hom, hulle almal verslaan, geval deur die swaard,

²³ wie se grafte in die agterkante van die kuil gemaak is, en haar vergadering is rondom haar graf. Hulle almal verslaan, geval deur die swaard, hulle wat vrees gebring het in die land van die lewendes.

²⁴ "Daar is Ēlam en haar hele menigte rondom haar graf. Hulle almal verslaan, geval deur die swaard, hulle wat onbesnede afgegaan het in die onderste plekke van die aarde, want hulle het vrees in die land van die lewendes gebring. En hulle dra hul skande by die wat in die kuil afgegaan het.

²⁵ "Hulle het vir haar 'n bed gemaak tussen die wat verslaan is, saam met haar hele menigte, met hul grafte rondom haar, hulle is almal onbesnede, verslaan deur die swaard, omdat hulle vrees in die land van die lewendes gebring het. Nou dra hulle hul skande by die wat in die kuil afgegaan het. Tussen die wat verslaan is, is hy gebring.

²⁶ "Daar is Mesheg-Tubal en haar hele menigte, met hul grafte rondom haar, hulle is almal onbesnede, verslaan deur die swaard, omdat hulle vrees in die land van die lewendes gebring het.

²⁷ "En hulle lê nie by die helde wat van die onbesnedenes geval het, wat na Sheōl afgegaan het saam met hulle oorlogswapens en wie se swaarde onder hulle koppe gesit is nie. Maar hul onge-regtigheide is op hul beendere, weens die vrees vir die helde in die land van die

lewendes.

²⁸ "En jy sal tussen die onbesnedenes gebreek word, en jy sal lê by die wat deur die swaard verslaan is.

²⁹ "Daar is Edom, haar konings en al haar prinse, wat met hulle mag gebring is by die wat deur die swaard verslaan is. Hulle lê by die onbesnedenes en by die wat in die kuil afgegaan het.

³⁰ "Daar is die leiers van die noorde, hulle almal, en al die Tsidoniërs wat afgegaan het saam met die wat verslaan is, omdat hulle vrees en mag gebring het. En hulle is beskaam en hulle lê onbesnede by die wat deur die swaard verslaan is, en dra hulle skande by die wat in die kuil afgegaan het.

³¹ "Par'o sal hulle sien en oor sy hele leër vertroos wees, want Par'o en sy hele leër is deur die swaard verslaan," sê Meester יהוה.

³² "Want Ek het vrees vir hom in die land van die lewendes gebring, en hy sal tussen die onbesnedenes neergelê word, by die wat deur die swaard verslaan is – Par'o en sy hele leër," sê Meester יהוה.

33 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, praat met die kinders van jou volk en sê vir hulle: 'Wanneer Ek die swaard oor 'n land bring, en die mense van die land neem 'n man uit hulle kring en stel hom as wagter vir hulle aan,

³ en hy sien die swaard aankom oor die land en blaas met die ramshoring en waarsku die mense,

⁴ en wie die geluid van die ramshoring hoor, maar nie die waarskuwing neem nie, en die swaard kom en neem hom weg, sy bloed is op sy kop.

⁵ 'Hy het die geluid van die ramshoring gehoor, maar nie die waarskuwing geneem nie, sy bloed is op hom. Maar hy wat die waarskuwing neem, sal sy wese red.

⁶ 'Maar indien die wagter die swaard sien kom en nie met die ramshoring blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku word nie, en die swaard kom en neem 'n wese uit hulle weg, dan word hy deur sy ongereg-

tigheid weggeneem, maar sy bloed eis Ek van die hand van die wagter.'

⁷ "En jy, seun van Adam, Ek het jou 'n wagter oor die huis van Jisra'ël gemaak. En wan-neer jy 'n woord uit My mond hoor, moet jy hulle van My af waarsku.

⁸ "Wanneer Ek aan die bose sê: 'Bose, jy sal verseker sterf!' en jy het nie gepraat om die bose van sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die bose, deur sy ongereg-tigheid sterf, en sy bloed sal Ek van jou hand eis.

⁹ "Maar wanneer jy die bose gewaarsku het van sy weg, dat hy daarvan moet terugdraai, en hy draai nie van sy weg terug nie, dan sal hy deur sy ongereg-tigheid sterf, maar jy het jou wese gered.

¹⁰ "En jy, seun van Adam, sê aan die huis van Jisra'ël: 'So het julle gesê: "Indien ons oortredinge en ons sondes op ons is, en ons in hulle wegteer, hoe sal ons dan lewe?"'

¹¹ "Sê vir hulle: 'Soos Ek leef,' sê Meester יהוה, 'Ek het beslis geen vreugde in die dood van die bose nie, maar dat die bose moet terugdraai van sy weg en lewe. Draai terug, draai terug van jul bose weë! Waarom wil julle sterf, huis van Jisra'ël?'

¹² "En jy, seun van Adam, sê aan die kinders van jou volk: 'Die geregtigheid van die regverdige sal hom nie op die dag van sy oortreding red nie. En wat die boosheid van die bose betref, hy sal nie daardeur struikel op die dag wat hy van sy boosheid terugdraai nie. En die regverdige sal deur sy geregtigheid nie kan lewe op die dag wat hy sondig nie.'

¹³ "Wanneer Ek aan die regverdige sê dat hy verseker sal lewe, en hy vertrou op sy geregtigheid en doen ongeregtheid, dan sal al sy geregtighede nie onthou word nie, maar weens sy ongeregtheid wat hy gedoen het, sal hy sterf.

¹⁴ "En wanneer Ek aan die bose sê: 'Jy sal verseker sterf!' en hy draai van sy sonde terug, en doen reg en geregtigheid,

¹⁵ die bose gee die pand terug, vergoed wat hy geroof het, en hy wandel in die

wette van die lewe, sodat hy geen onge-regtigheid doen nie, dan sal hy verseker leef, hy sal nie sterf nie.

¹⁶ "Al sy sondes wat hy gedoen het, sal nie teen hom onthou word nie. Hy het reg en geregtigheid gedoen, hy sal verseker leef.

¹⁷ "En die kinders van jou volk sê: 'Die weg van Meester is nie regverdig nie.' Maar dit is hulle eie weg wat nie regver-dig is nie!

¹⁸ "Wanneer die regverdige van sy gereg-tigheid draai en ongeregtheid doen, dan sal hy weens dit sterf.

¹⁹ "En wanneer die bose terugdraai van sy boosheid en reg en geregtigheid doen, dan sal hy weens dit leef.

²⁰ "En julle sê: 'Die weg van Meester is nie regverdig nie.' Ek sal elkeen van julle volgens sy weë oordeel, huis van Jisra'ël!"

²¹ En in die twaalfde jaar van ons ballingskap, in die tiende maand op die vyfde van die maand, het 'n vlugteling uit Jarushalajim na my gekom met die woorde: "Die stad is verslaan!"

²² En die hand van יהוה was op my in die aand, voordat die vlugteling gekom het. En Hy het my mond geopen voordat hy in die môre na my gekom het. En my mond is geopen, en ek was nie meer stom nie.

²³ Toe het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

²⁴ "Seun van Adam, die bewoners van daardie puinhope in die land van Jisra'ël praat en sê: 'Abraham was een, en hy het die land as geërf. Maar ons is baie, laat die land aan ons as besitting gegee word!'

²⁵ "Daarom, sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Julle eet vleis met die bloed en lig julle oë op na jul idole en vergiet bloed. Moet julle dan die land besit?'

²⁶ "Julle steun op jul swaard, julle doen gruwels en elkeen verontreinig die vrou van sy naaste. Moet julle dan die land besit?'

²⁷ "Dit moet jy vir hulle sê: 'So sê Meester יהוה: "Soos Ek leef, die wat in die

puihope is, sal beslis deur die swaard val, en hy wat op die oop veld is, sal Ek aan die wilde diere gee om opgeëet te word, en hulle wat in die vestings en in die grotte is, sal deur die pes sterf.

²⁸ "En Ek sal die land verlate en 'n woesteny maak, en aan haar trotse mag sal ophou; en die berge van Jisra'ël sal verlate wees sonder dat iemand daar oorgaan.

²⁹ "En hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek die land verlate en 'n woesteny maak oor al hul gruwels wat hulle bedryf het."

³⁰ "En jy, seun van Adam, die kinders van jou volk praat oor jou langs die mure en in die deure van die huise. En hulle praat die een met die ander, elkeen met sy broer, en sê: 'Kom tog en hoor wat is die woord wat van יהוה kom.'

³¹ "En hulle kom na jou soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as My volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie. Want met hulle mond maak hulle baie liefde, maar hulle hart gaan agter hulle gierige wins aan.

³² "En kyk, jy is vir hulle soos 'n liefdeslied, een met 'n pragtige stem, wat goed op die snare speel. Hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie.

³³ "En wanneer dit kom – kyk, dit sal kom – dan sal hulle weet dat daar 'n profeet in hul midde was."

34 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, profeteer teen die herders van Jisra'ël, profeteer en sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה vir die herders: "Wee die herders van Jisra'ël wat hulleself laat wei! Moet die herders nie die kudde laat wei nie?

³ "Julle eet die vet en klee julle met die wol. Julle slag die vettes, julle laat die kudde nie wei nie.

⁴ "Julle het nie die swakkes versterk en die siekes genees nie of die gebroekenes verbind nie. Julle het die afgedwaaldes,

nie teruggebring of die verlore gesoek nie. Maar julle regeer met geweld en hardheid oor hulle.

⁵ "En hulle is verstrooi, omdat daar geen herder was nie. En hulle het kos geword vir al die diere van die veld toe hulle verstrooi is.

⁶ "My kudde dwaal rond op al die berge en op elke hoë heuwel. En My kudde is oor die hele oppervlakte van die aarde verstrooi, en niemand het na hulle gesoek of versorg nie."

⁷ "Daarom, herders, hoor die woord van יהוה:

⁸ "Soos Ek leef," sê Meester יהוה, "verseker, omdat My kudde 'n prooi geword het en My kudde kos geword het vir al die diere van die veld, omdat daar geen herder was nie, en My herders nie na My skape gesoek het nie, maar die herders het hulleself laat wei, en My skape nie laat wei nie,"

⁹ daarom, herders, hoor die woord van יהוה!

¹⁰ "So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek is teen die herders! En Ek sal My kudde van hulle hand eis en maak dat hulle geen kudde meer oppas nie, en die herders sal hulleself nie meer laat wei nie. En Ek sal My kudde uit hulle mond ruk, en hulle sal nie meer kos vir hulle wees nie."

¹¹ "Want so sê Meester יהוה: "Kyk, Ek, Ek sal na My skape soek en hulle versorg.

¹² "Soos 'n herder sy kudde versorg op die dag wat hy tussen sy verstrooide skape is, so sal Ek My skape versorg en Ek sal hulle red uit al die plekke waar hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerte.

¹³ "En Ek sal hulle uit die volke laat kom en uit die lande versamel en hulle in hul land bring. En Ek sal hulle op die berge van Jisra'ël laat wei, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land.

¹⁴ "Op 'n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei, en op die hoë berge van Jisra'ël sal hulle blyplek wees. Hulle sal daar op 'n goeie plek lê en wei in 'n geil weiveld op die berge van Jisra'ël.

^j Sien Jir 2:8; 10:21; 12:10-11; 50:6-7; 2 Tim 4:3-4; 2 Këf 2:1-22.

¹⁵ "Ek sal My kudde laat wei, en Ek sal hulle laat lê," sê Meester יהוה.

¹⁶ "Die wat verlore is, sal Ek soek, en die afgedwaaldes sal Ek terugbring, en die gebrokenes sal Ek verbind, en die swakkes sal Ek versterk, maar die vettes en die sterkes sal Ek vernietig. Ek sal hulle laat wei met oordeel."

¹⁷ "En julle, My kudde, so sê Meester יהוה, "Kyk, Ek sal oordeel tussen skape en skape, tussen ramme en die bokramme.

¹⁸ "Is dit nie vir julle genoeg dat julle die goeie weiveld afgewei het nie? Moet julle die oorblywende van jul weiveld met jul pote vertrap? En moet julle die helder water drink, terwyl julle dit wat oorbly, met jul pote vertroebel?"

¹⁹ "En My kudde moet wei wat julle pote vertrap het, en drink wat julle pote vertroebel het."

²⁰ "Daarom, so sê Meester יהוה vir hulle: "Kyk, hier is Ek, en Ek sal oordeel tussen die vet skape en die maer skape.

²¹ "Omdat julle met skouer na die kant weggedruk het en met julle horings al die swakkes stoot, totdat julle hulle na buite verstrooi het,

²² daarom sal Ek My kudde red, sodat hulle nie meer 'n prooi sal wees nie. En Ek sal oordeel tussen skape en skape.

²³ "En Ek sal een herder oor hulle oprig, My dienaar Dawid, en hy sal hulle laat wei. Hy sal hulle laat wei, en hy sal hulle herder wees.

²⁴ "En Ek, יהוה, Ek sal hulle Elohim wees, en My dienaar Dawid 'n prins in hulle midde. Ek, יהוה, het gepraat.

²⁵ "En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit en die bese diere uit die land laat verdwyn. en hulle sal veilig bly in die woestyn en slaap in die bosse.

²⁶ "En Ek sal hulle en die plekke rondom My heuwel tot 'n seën maak en sal stortreën laat val op sy tyd – stortreëns van seën sal dit wees.

²⁷ "En die bome van die veld sal hulle vrugte gee, en die land sal sy opbrengs gee, en hulle sal veilig wees in hul land.

En hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek hulle jukskeie breek en hulle uit die hand van die wat hulle verslaaf het, red.

²⁸ "En hulle sal nie meer 'n prooi vir die heidene wees nie, en die diere van die land sal hulle nie opeet nie. En hulle sal veilig woon en niemand sal hulle bang maak nie.

²⁹ "En Ek sal vir hulle 'n tuin van naam oprig, en hulle sal nie meer deur hongersnood in die land verteer word nie en nie meer die skande van die heidene dra nie.

³⁰ "Maar hulle sal weet dat Ek, יהוה, hulle Elohim, met hulle is, en dat hulle, die huis van Jisra'el, My volk is," sê Meester יהוה."

³¹ "En julle, My kudde, die kudde van My weiveld; julle is mense, Ek is julle Elohim," sê Meester יהוה."

35 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² " Seun van Adam, rig jou gesig teen die berg Sëir en profeteer daarteen,

³ en jy moet vir hom sê: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek is teen jou, berg Sëir! En Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou verlate en 'n woesteny maak.

⁴ "Ek sal jou stede vernietig, en jy self sal verlate word. En jy sal weet dat Ek יהוה is.

⁵ "Omdat jy 'n ewige vyandigheid het en die kinders van Jisra'el in die mag van die swaard oorgelewer het in die tyd van hulle teëspoed, in die tyd van ongeregtheid van die einde.

⁶ "Daarom, soos Ek leef," sê Meester יהוה, "Ek sal beslis van jou bloed maak, en bloed sal jou agtervolg. Omdat jy bloed nie gehaat het nie, sal bloed jou agtervolg.

⁷ "En Ek sal die berg Sëir verlate en 'n woesteny maak, en van hom afsny die wat deurtrek en wat terugkom.

⁸ "En Ek sal sy berge vul met sy verlanes. Op jou heuwels en jou valleie en al jou klowe sal die wat deur die swaard verslaan is val.

⁹ "Ek sal jou ewige verwoestings maak, en jou stede sal nie bewoon word nie. En

julle sal weet dat Ek יהוה is.

¹⁰ "Omdat jy sê: 'Die twee nasies daar en die twee lande is myne, en ons sal dit besit,' terwyl יהוה daar was,

¹¹ daarom, soos Ek leef," sê Meester יהוה, "Ek sal doen volgens jou toorn en jou nawayer waarmee jy uit jou haat teen hulle gedoen het. En Ek sal Myself tussen hulle bekend maak wanneer Ek jou oordeel.

¹² "En jy sal weet dat Ek, יהוה, is. Ek het al jou lasterlike woorde gehoor wat jy teen die berge van Jisra'ël gesê het deur te sê: 'Hulle lê verlate, hulle is aan ons as kos gegee.'

¹³ "So het julle dan met julle mond teen My gespog en julle woorde teen My vermeerder – Ek het gehoor."

¹⁴ "So sê Meester יהוה: "Soos die hele aarde jubel sal Ek jou verlate maak.

¹⁵ "Soos jy gejubel het oor die erfenis van die huis van Jisra'ël, omdat dit verwoes is, so sal Ek met jou maak: jy sal verlate word, berg Sĕir en die hele Edom, almal saam! En hulle sal weet dat Ek יהוה is."

36 "En jy, seun van Adam, profeteer vir die berge van Jisra'ël en sê: 'Berge van Jisra'ël, hoor die woord van יהוה!

² "So sê Meester יהוה: "Omdat die vyand teen jou gesê het: 'Aha! Die hoogtes van ouds het ons besitting geword!'"

³ "Daarom profeteer en sê: 'So sê Meester יהוה: "Omdat, omdat hulle julle van alle kante verwoes en verslind het, sodat julle die besitting van die oorblyfsel van die heidene geword het, en julle op die lippe van die praters geneem is en deur die mense belaster is,"

⁴ daarom, berge van Jisra'ël, hoor die woord van Meester יהוה. So sê Meester יהוה vir die berge en die heuwels, vir die klowe en die valleie, vir die verwoeste puinhope en die verlate stede wat 'n buit en 'n bespotting geword het vir die oorblyfsel van die nasies reg rondom;

⁵ daarom, so sê Meester יהוה: "Het Ek nie beslis in My brandende jaloesie teen die oorblyfsel van die heidene en teen die hele Edom wat My land vir hulleself as

besitting gegee het, met hart vol vreugde, met veragting in die wese, om dit uit te gooi as buit, gepraat nie?"

⁶ "Daarom, profeteer oor die land van Jisra'ël, en sê vir die berge en die heuwels, vir die klowe en die valleie: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek het in My jaloesie en in My grimmigheid gepraat, omdat julle die vernedering van die heidene gedra het."

⁷ "Daarom, so sê Meester יהוה, "Ek lig My hand op, dat die nasies rondom julle, hulle sal beslis hul vernedering dra.

⁸ "Maar julle, berge van Jisra'ël, gee jul takke en dra jul vrugte vir My volk Jisra'ël, want hulle koms is naby!

⁹ "Want kyk, Ek is vir julle en sal My na julle draai, en julle sal bewerk en besaaï word.

¹⁰ "En Ek sal mense op julle vermeerder, die hele huis van Jisra'ël, almal. En die stede sal bewoon en die puinhope herbou word.

¹¹ "En Ek sal mens en dier op julle vermeerder, en hulle sal vermeerder en vrug dra. En Ek sal julle soos van ouds laat bewoon word en aan julle beter doen as in julle begin. En julle sal weet dat Ek יהוה is.

¹² "En Ek sal mense, My volk Jisra'ël, op julle laat loop, en hulle jou laat besit, en jy sal vir hulle 'n erfenis wees en hulle nie meer voortaan kinderloos maak nie."

¹³ "So sê Meester יהוה: "Omdat hulle vir julle sê: 'Jy verteer mense en maak jou nasie kinderloos,'

¹⁴ daarom sal jy nie meer mense verteer en jou nasie nie meer kinderloos maak nie," sê Meester יהוה.

¹⁵ "En Ek sal jou nie meer die beledigings van die heidene laat hoor nie. En die vernedering van die volke sal jy nie meer dra nie, en jy sal jou nasie nie meer laat struikel nie," sê Meester יהוה."

¹⁶ En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

¹⁷ "Seun van Adam, toe die huis van Jisra'ël in hulle land gewoon het, het hulle dit ver-ontreinig met hul weë en

met hul dade. Soos die onreinheid van 'n verworpe vrou, was hulle weë voor My.

¹⁸ "Daarom het Ek My grimmigheid oor hulle uitgegiet, oor die bloed wat hulle op die land vergiet het, en oor hul idole waarmee hulle dit verontreinig het.

¹⁹ "En Ek het hulle verstrooi tussen die heidene en hulle is versprei deur die lande. Ek het hulle geoordeel volgens hul weë en hul dade.

²⁰ "En toe hulle by die heidene gekom het waarheen hulle gegaan het, het hulle My afgesonderde Naam geskend want van hulle is gesê: 'Hierdie is die volk van יהוה, en hulle het uit Sy land gegaan.'

²¹ "Maar Ek het medelye met My afgesonderde Naam gehad, wat die huis van Jisra'ël geskend het tussen die nasies waar hulle gegaan het.

²² "Daarom, sê vir die huis van Jisra'ël: 'So sê Meester יהוה: "Ek doen dit nie om julle ontwil nie, huis van Jisra'ël, maar ter wille van My afgesonderde Naam wat julle tussen die nasies geskend het, waar julle gegaan het.

²³ "En Ek sal My groot Naam afsonder wat tussen die nasies geskend is, wat julle in hul midde geskend het. En die heidene sal weet dat Ek יהוה is," sê Meester יהוה, "wanneer Ek in julle, voor hul oë, afgesonderd is.

²⁴ "En Ek sal julle uit die heidene gaan haal en julle uit al die lande bymekaar maak, en Ek sal julle in jul land bring.

²⁵ "En Ek sal skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word. Ek sal julle van al jul vuilhedes en van al jul idole reinig.

²⁶ "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees binne jul gee. En Ek sal die hart van klip uit julle vlees neem en julle 'n hart van vlees gee.

²⁷ "En Ek sal My Gees binne jul gee en sal maak dat julle in My wette wandel en My oordele onderhou en doen.

²⁸ "En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het. En julle sal My volk wees en Ek sal julle Elohim wees.

²⁹ "En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede. En Ek sal na die graan roep

en dit vermeerder, en Ek sal geen hongersnood vir julle gee nie.

³⁰ "En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrengs van die veld vermeerder, sodat julle nooit weer die vernedering van hongersnood tussen die heidene hoef te verdra nie.

³¹ "En julle sal jul verkeerde weë en jul dade wat nie goed was nie, onthou. En julle sal vir juiself walg oor jul ongeregighede en oor jul gruwels.

³² "Ek doen dit nie om julle ontwil nie," sê Meester יהוה, dit moet julle weet! Wees skaam en bloos oor jul weë, huis van Jisra'ël!"

³³ 'So sê Meester יהוה: "In die dag wat Ek julle reinig van al jul ongeregighede, sal Ek die stede laat bewoon, en die puinhoop sal herbou word.

³⁴ "En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit verlate is voor die oë van almal wat verbygaan.

³⁵ "En hulle sal sê: 'Hierdie land wat verwoes was, het soos die tuin van Eden geword. En die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon.

³⁶ "Dan sal die heidene wat rondom julle oorgebly het weet dat Ek, יהוה, gebou het wat afgebreek was, geplant het wat verwoes was. Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen."

³⁷ 'So sê Meester יהוה: "Ek sal My weer laat vra deur die huis van Jisra'ël om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermeerder soos 'n kudde.

³⁸ "Soos 'n afgesonderde kudde, soos die kudde van Jarushalajim op sy feestye, so sal die stede wat in puin lê, vol wees van kuddes van mense. En hulle sal weet dat Ek יהוה is.'"

37 Die hand van יהוה was op my, en Hy het my uitgeneem deur die Gees van יהוה en my neergesit in die middel van die vallei. En dit was vol bene.

² En Hy het my rondom tussen hulle laat deurgaen, en kyk, daar het 'n groot menigte oor oppervlak van die vallei gelê, en kyk, hulle was baie droog.

³ En Hy het vir my gesê: "Seun van Adam, kan hierdie bene lewe?" En ek het gesê: "Meester יהוה, U weet."

⁴ En Hy het vir my gesê: "Profeteer oor hierdie bene en jy moet vir hulle sê: 'Droë bene, hoor die woord van יהוה!'

⁵ "So sê Meester יהוה vir hierdie bene: "Kyk, Ek laat gees in julle kom, en julle sal lewe.

⁶ "En Ek sal senings op julle lê en vlees op julle laat kom en julle met vel bedek en gees in julle gee, en julle sal lewe. En julle sal weet dat Ek יהוה is.

⁷ En ek het geprofeteer soos ek beveel was. En terwyl ek geprofeteer het, was daar 'n lawaai, en kyk, 'n skudding! En die bene het bymekaar gekom, 'n been na sy been.

⁸ En kyk, ek het gesien senings en vlees het op hulle gekom, en vel het hulle bedek, maar daar was geen gees in hulle nie.

⁹ En Hy het vir my gesê: "Profeteer vir die gees, profeteer, seun van Adam, en sê vir die gees: 'So sê Meester יהוה: "Kom van die vier winde, gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle kan lewe.'"

¹⁰ En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het, en die gees het in hulle gekom, en hulle het gelewe en op hulle voete gaan staan, 'n baie, baie groot leër!

¹¹ En Hy het vir my gesê: "Seun van Adam, hierdie bene is die hele huis van Jisra'el. Kyk, hulle sê: 'Ons bene is droog, en ons verwagting het vergaan, en ons is afgesny!'

¹² "Daarom, profeteer en sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, My volk! En Ek sal julle in die land van Jisra'el laat kom.

¹³ "En julle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, My volk!

¹⁴ "En Ek sal My Gees in julle gee, en julle sal lewe. En Ek sal julle in jul land vestig. En julle sal weet dat Ek, יהוה, gepraat en dit gedoen het," sê יהוה."

¹⁵ En die woord van יהוה het na my

gekom en gesê:

¹⁶ "En jy, seun van Adam, neem vir jou 'n hout, en skryf daarop: 'Vir Jahuda en vir die kinders van Jisra'el, sy kamerade.' En neem 'n ander hout en skryf daarop: 'Vir Josëf, die hout van Efrajim, en die hele huis van Jisra'el, sy kamerade.'

¹⁷ "En bring hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, in een hout, en hulle sal in jou hand een word.

¹⁸ "En wanneer die kinders van jou volk met jou praat en sê: 'Wil jy ons nie vertel wat jy met hierdie bedoel nie?'

¹⁹ sê vir hulle: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek neem die hout van Josëf, wat in die hand van Efrajim is, en die stamme van Jisra'el, sy kamerade. En Ek sal hulle vir hom gee, met die hout van Jahuda, en hulle een hout maak. En hulle sal een wees in My hand.'"

²⁰ "En die houte waarop jy skryf, sal in jou hand wees voor hulle oë.

²¹ "En praat met hulle: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek neem die kinders van Jisra'el uit tussen die heidene waarheen hulle gegaan het, en Ek sal hulle van oral bymekaar maak en hulle in hul land laat kom.

²² "En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Jisra'el. En een Koning sal oor hulle almal koning wees, en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee ryke verdeeld wees nie.

²³ "En hulle sal hulself nie meer met hulle idole en hulle gruwels en met al hulle oortredinge verontreinig nie. En Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en Ek sal hulle reinig. En hulle sal My volk wees, en Ek sal hulle Elohim wees.

²⁴ "En My dienaar Dawid sal koning oor hulle wees. En hulle sal almal een herder hê, en hulle sal in My oordele wandel en My wette onderhou en dit doen.

²⁵ "En hulle sal in die land wat Ek aan My dienaar Jaakob gegee het woon, waar jul vaders gewoon het. En hulle sal daarin woon, hulle en hul kinders en hul kinders

se kinders tot in ewigheid. En My dienaar Dawid sal hulle prins wees vir ewig.

²⁶ "En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees. En Ek sal hulle plaas en hulle vermeerder. En Ek sal My afgesonderde plek in hulle midde vestig vir ewig.

²⁷ "En My Woning sal oor hulle wees. En Ek sal hulle Elohim wees en hulle sal My volk wees.

²⁸ "En die heidene sal weet dat Ek יהוה is wat Jisra'el afsonder wanneer My afgesonderde plek vir ewig in hulle midde sal wees."'''

38 En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

² "Seun van Adam, rig jou gesig teen Ġōġ, in die land Maġōġ, die hoofprins Mesheg en Tuḅal, en profeteer teen hom.

³ "En jy moet sê: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek is teen jou, Ġōġ, hoofprins van Mesheg en Tuḅal!

⁴ "En Ek sal jou omdraai en hake in jou kakebene sit en jou laat uitgaan met jou hele leër, perde en ruiters, almal volledig toegeerus, 'n groot vergadering met die groot skild en die klein skild, almal wat swaarde hanteer.

⁵ "Persië, Kush en Put saam met hulle, almal met skild en helm,

⁶ "Gomer en al sy leërs, die huis van Togarma, van die verre noorde, en al sy leërs - baie volke saam met jou.

⁷ "Wees paraat en berei jou voor, jy en al jou vergaderings wat by jou vergader het. En jy moet 'n wag vir hulle wees.

⁸ "Na baie dae sal jy besoek word. Teen die laaste jare sal jy in 'n land kom wat van die swaard weer reggekome het, wat versamel is uit baie volke, op die berge van Jisra'el wat voortdurend as puinhoop gelê het. En dit is uit die volke gebring, en hulle almal sal in veiligheid woon.

⁹ "En jy sal opkom soos 'n storm wat kom, jy sal soos 'n wolk die land bedek, jy en al jou leërs en baie volke met jou."

¹⁰ "So sê Meester יהוה: 'En in daardie dag sal daar woorde in jou hart opkom, en jy sal 'n bese plan beraam:

¹¹ "En jy sal sê: 'Ek sal opgaan teen die oop land, ek sal by rustige mense kom wat veilig woon, waar almal sonder mure woon en geen slot of hekke het nie,'

¹² om buit te stroop en roof te plunder, om jou hand uit te steek teen die bewoonde puinhoop, en teen 'n volk wat uit die heidene versamel is, wat vee en goed verwerf het, wat op die kruin van die aarde woon.

¹³ "Sheḅa en Dedan en die handelaars van Tarshish en al sy jong leeus sal vir jou sê: 'Kom jy om buit te stroop? Het jy jou leërs bymekaar laat kom om roof te plunder? Om silwer en goud weg te dra, om vee en goed weg te neem, om 'n groot buit te stroop?'"

¹⁴ "Daarom, profeteer, seun van Adam, en sê aan Ġōġ: 'So sê Meester יהוה: "In daar-die dag wanneer My volk Jisra'el veilig woon, sal jy dit nie weet nie?"

¹⁵ "En jy sal uit jou woonplek kom, uit die verre noorde, jy en baie volke saam met jou, almal ry op perde, 'n groot vergadering en 'n magtige leër.

¹⁶ "En jy sal opkom teen My volk Jisra'el soos 'n wolk om die land te bedek - dit sal teen die einde van die dae wees. En Ek sal jou teen My land laat kom, sodat die heidene My kan ken wanneer Ek in jou, Ġōġ, voor hulle oë afgesonderd word."

¹⁷ 'So sê Meester יהוה: "Is jy nie die een teen wie Ek in die tye van ouds deur My dienaars, die profete van Jisra'el, gepraat het, wat vir jare in daardie dae geprofeteer het, dat Ek jou teen hulle sal laat kom nie?"

¹⁸ "En in daardie dag, die dag wanneer Ġōġ teen die land van Jisra'el kom," sê Meester יהוה, sal My grimmigheid in My neus opgaan.

¹⁹ "Want in My jaloesie, in die vuur van My grimmigheid praat Ek: 'Op daardie dag sal daar beslis 'n groot skudding in die land van Jisra'el wees,

²⁰ sodat die visse van die see en die voëls van die hemel en die diere van die veld en al die diere wat op die grond kruip, en al die mense wat op die aarde is van My

teenwoordigheid sal bewe. En die berge sal omgegooi word en die kranse inmekaar stort en elke muur op die aarde val.

²¹ "En Ek sal die swaard roep teen hom op al my berge," sê Meester יהוה, "elkeen se swaard sal teen sy broer wees.

²² "En Ek sal teen hom oordeel met pes en met bloed en oorstromende reën en haelstene, vuur en swael op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is.

²³ "En Ek sal Myself verhef en afsonder en Ek sal bekend wees in die oë van baie nasies. En hulle sal weet dat Ek יהוה is."

39 "En jy, seun van Adam, profeteer teen Ğōg en jy moet sê: 'So sê Meester יהוה: "Kyk, Ek is teen jou, Ğōg, hoofprins van Mesheg en Tubal!

² "En Ek sal jou omdraai en jou lei en jou laat optrek uit die verre noorde en jou laat kom op die berge van Jisra'el.

³ "En Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val.

⁴ "Op die berge van Jisra'el sal jy val, jy en al jou leërs en die volke wat saam met jou is. Aan die roofvoëls van alle soorte en aan die diere van die veld sal Ek jou as kos gee.

⁵ "Jy sal op die oop veld val, want Ek het gepraat," sê Meester יהוה.

⁶ "En Ek sal 'n vuur op Mağōg en tussen hulle wat in die kuslande veilig woon, stuur. En hulle sal weet dat Ek יהוה is.

⁷ "En Ek sal My afgesonderde Naam bekend maak tussen My volk Jisra'el en sal My afgesonderde Naam nie meer laat skend nie. En die heidene sal weet dat Ek יהוה is, die Afgesonderde in Jisra'el.

⁸ "Kyk, dit sal kom en gebeur," sê Meester יהוה. "Dit is die dag waarvan Ek gepraat het.

⁹ "En die inwoners van die stede van Jisra'el sal uitgaan en die wapens aansteek en verbrand: klein skilde en groot skilde, die boë en pyle en knuppels en spiese. En hulle sal daarmee vuur maak vir sewe jaar,

¹⁰ en geen hout uit die veld sal dra of in

die bosse sal kap nie, want hulle sal met die wapens vuur maak. En hulle sal diegene plunder wat hulle geplunder het, en diegene beroof wat hulle beroof het," sê Meester יהוה.

¹¹ "En in daardie dag sal Ek aan Ğōg 'n plek gee, 'n graf daar in Jisra'el, die vallei van die trekkers oos van die see, en dit sal die trekkers keer. En hulle sal Ğōg en sy hele menigte daar begrawe en dit Die Vallei van Hamon-Ğōg noem.

¹² "En die huis van Jisra'el sal hulle vir sewe maande begrawe om die land te reinig.

¹³ "En al die mense van die land sal begrawe, en dit sal hulle roem wees, die dag wat Ek geag word," sê Meester יהוה.

¹⁴ "En hulle sal mans afskei wat voortdurend die land deurgaen en die trekkers begrawe wat bo-op die grond oorgebly het, om dit te reinig. Aan die einde van sewe maande sal hulle dit ondersoek,

¹⁵ en wanneer die trekkers wat deur die land trek, 'n mensebeen sien, sal hy 'n merkteken langsaan oprig, totdat die begrawers dit begrawe het in die Vallei van Hamon-Ğōg.

¹⁶ "En ook die stad sal Hamona genoem word. So sal hulle die land reinig."

¹⁷ "En jy, seun van Adam, so sê Meester יהוה: 'Sê vir die voëls van alle soorte en vir al die diere van die veld: "Vergader julle en kom, versamel julle van oral by My slagoffer wat Ek vir julle slag, 'n groot slagoffer op die berge van Jisra'el, en julle sal vleis eet en bloed drink!

¹⁸ "Eet die vleis van die helde en drink die bloed van die leiers van die aarde, van ramme, lammers en bokke en bulle, vetgemaak van Bashan almal saam.

¹⁹ "En julle sal vet eet totdat julle versadig is, en bloed drink totdat julle dronk is, van My slagoffer wat Ek vir julle slag.

²⁰ "En julle sal versadig word aan My tafel van perde en ruiters, van helde en alle soorte krygsmanne," sê Meester יהוה.

²¹ "En Ek sal My aansien onder die heidene gee. En al die heidene sal My oordele sien wat Ek uitgevoer het, en My hand wat Ek op hulle gelê het.

²² "En die huis van Jisra'el sal weet dat Ek יהוה hulle Elohim is, van daardie dag af en verder.

²³ "En die heidene sal weet dat die huis van Jisra'el weens hulle ongeregtheid in ballingskap gegaan het, omdat hulle teen My oortree het, datt Ek My gesig vir hulle versteek en hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee het, en hulle almal deur die swaard geval het.

²⁴ "Volgens hulle onreinheid en volgens hulle oortreding het Ek met hulle gehandel en My gesig vir hulle versteek."

²⁵ "Daarom, so sê Meester יהוה: 'Nou sal Ek die ballingskap van Jaakob verander en My ontferm oor die hele huis van Jisra'el en jaloers wees oor My afgesonderde Naam.

²⁶ "En hulle vernedering sal opgehef word en al hul oortredinge wat hulle teen My oortree het, wanneer hulle veilig in hul land woon en daar niemand is wat hulle bang maak nie,

²⁷ wanneer Ek hulle teruggebring het uit die volke en hulle versamel het uit die lande van hulle vyande. En Ek sal My in hulle afgesonder wees voor die oë van baie heidene.

²⁸ "En hulle sal weet dat Ek, יהוה, hulle Elohim is, wat hulle tussen die heidene verban het, maar hulle weer in hulle land versamel het en niemand van hulle laat agter bly het nie.

²⁹ "En Ek sal My gesig nie meer vir hulle versteek nie, omdat Ek My Gees oor die huis van Jisra'el uitgegiet het,' sê Meester יהוה."

40 In die vyf en twintigste jaar van ons ballingskap, in die begin van die jaar, op die tiende van die eerste maand, in die veertiende jaar nadat die stad ingeneem is, op daardie selfde dag, was die hand van יהוה op my, en Hy het my daarheen gebring.

² In visioene van Elohim het Hy my in die land van Jisra'el gebring en my neergesit op 'n baie hoë berg, en 'n gebou soos 'n stad daarop, na die suide.

³ En Hy het my daarheen gebring, en

kyk, 'n man wie se voorkoms soos die voorkoms van koper was. en in sy hand was 'n linnetou en 'n meetstok, en hy het in die poort gestaan.

⁴ En die man het met my gepraat: "Seun van Adam, kyk met jou oë en hoor met jou ore en stel jou hart op alles wat ek jou sal laat sien, want jy is hierheen gebring om jou dit te laat sien. Verkondig aan die huis van Jisra'el alles wat jy sien."

⁵ En kyk, daar was 'n muur rondom die buitekant van die Huis, en in die man se hand was die meetstok van ses el by 'n el en 'n handbreedte. En hy het die breedte van die gebou gemeet, een stok, en die hoogte een stok.

⁶ Toe het hy by 'n poort gekom waarvan die voorkant na die ooste kyk. En hy het met sy trappe opgegaan en die drumpel van die poort gemeet, een stok wyd, en die ander drumpel, een stok wyd.

⁷ En elke kamer een stok lank en een stok wyd, en tussen die kamers vyf el. En die drumpel van die poort langs die voorportaal van die poort na binne, een stok.

⁸ En hy het die voorportaal van die binne poort gemeet, een stok.

⁹ En hy het die voorportaal van die poort gemeet, agt el, en sy deurposte twee el. En die voorportaal van die poort was aan die binnekant.

¹⁰ En die kamers van die oospoort was drie aan die een en drie aan die ander kant, al drie het een mate gehad. En die deurposte aan die een kant en die ander kant het een mate gehad.

¹¹ En hy het die wydte van die poortingang gemeet, tien el, die lengte van die poort dertien el.

¹² En 'n ruimte voor die kamers van een el aan die een kant, en 'n ruimte van een el aan die ander kant. En elke kamer was ses el aan die een kant, en ses el aan die ander kant.

¹³ En hy het die poort gemeet vanaf die dak van die een kamer na die dak van die ander, die breedte was vyf en twintig el, deur tot deur.

¹⁴ En hy het dit met die deurposte ge-

doen, sestig el. En die voorhof, rondom die poort, het gekom tot by die deurposte.

¹⁵ En vanaf die voorkant van die ingangspoort tot by die voorkant van die voorportaal van die binne poort was vyftig el.

¹⁶ En daar was nou vensters in die kamers ien in hulle deurposte, na binne in die poort reg rondom, en ook in die voorportale. En daar was vensters reg rondom na binne. En op die deurposte was palmbome.

¹⁷ En hy het my in die buitenste voorhof gebring, en kyk, kamers en 'n plaveisel was rondom die voorhof gemaak, dertig kamers op die plaveisel.

¹⁸ En die plaveisel was aan die kant van die poorte, gelyk aan die lengte van die poorte, die onderste plaveisel.

¹⁹ En hy het die breedte gemeet vanaf die voorkant van die onderste poort tot by die buitenste voorkant van die binnehof, honderd el na die ooste en na die noorde.

²⁰ En die poort wat na die noorde kyk, by die buitenste voorhof, hy het sy lengte en sy breedte gemeet.

²¹ En sy kamers was drie aan die een kant en drie aan die ander kant, en sy deurposte en sy voorportaal het dieselfde afmeting gehad as by die eerste poort, vyftig el sy lengte en vyf en twintig el sy breedte.

²² En sy vensters en sy voorportaal en sy palmbome het dieselfde mates gehad as by die poort wat na die ooste kyk. En hulle daarin opgegaan met sewe trappe, en sy voorportaal was voor hulle.

²³ En die poort van die binnehof teenoor die poort na die noorde en na die ooste. En hy het gemeet van poort tot poort, honderd el.

²⁴ En hy het my na die suide geneem, en kyk, daar was 'n poort na die suide. En hy het sy deurposte en sy voorportaal gemeet volgens hierdie mates.

²⁵ En dit het vensters gehad, en sy voorportaal, reg rondom soos die vorige vensters, die lengte was vyftig el en die

breedte vyf en twintig el.

²⁶ En sewe trappies het opgegaan, en sy voorportaal was voor hulle. En dit het palmbome op sy deurposte gehad, een aan die een kant en een aan die ander kant.

²⁷ En die binnehof het 'n poort na die suide gehad. En hy het van poort tot poort gemeet, na die suide, honderd el.

²⁸ En hy het my deur die suidpoort gebring na die binnehof, en hy het die suidpoort gemeet volgens dieselfde mates.

²⁹ En sy kamers en sy deurposte en sy voorportaal was volgens hierdie mates. En dit het vensters gehad, en sy voorportaal, reg rondom. Vyftig el lank en die vyf en twintig el breed.

³⁰ En daar was voorportale reg rondom, vyf en twintig el lank en d vyf el breed.

³¹ En sy voorportaal het na die buitenste voorhof gelê, en daar was palmbome op sy deurposte, en agt trappies het opgegaan.

³² En hy het my na die binnehof, na die ooste gebring, en hy het die poort gemeet volgens dieselfde mates.

³³ En sy kamers en sy deurposte en sy voorportaal was volgens hierdie mates. En dit het vensters gehad, en sy voorportaal, reg rondom. Vyftig el lank en die vyf en twintig el breed.

³⁴ En sy voorportaal het na die buitenste voorhof gelê, en daar was palmbome op sy deurposte aan die een kant en die ander kant, en agt trappies het opgegaan.

³⁵ Daarop het hy my na die noordpoort gebring, en hy het gemeet volgens dieselfde mates,

³⁶ sy kamers, sy deurposte en sy voorportaal. En dit het vensters reg rondom gehad. Vyftig el lank en die vyf en twintig el breed.

³⁷ En sy deurposte het na die buitenste voorhof gelê, en daar was palmbome op sy deurposte aan die een kant en die ander kant, en agt trappies het opgegaan.

³⁸ En daar was 'n kamer met sy ingang by

die deurposte van die poorte, waar hulle die brandoffer gewas het.

³⁹ En in die voorportaal van die poort was twee tafels aan die een kant en twee tafels aan die ander kant om die brandoffer en die sondeoffer en die skuldoffer daarop te slag.

⁴⁰ En aan die buitekant, noord wanneer iemand na die ingang van die poort opgaan, was twee tafels. En aan die ander kant van die voorportaal van die poort was twee tafels.

⁴¹ Vier tafels aan die een kant en vier tafels aan die ander kant, by die sykant van die poort, agt tafels waarop hulle geslag het.

⁴² En daar was vier tafels van gekapte klippe vir die brandoffer, een en 'n half el lank, en een en 'n half el breed, en die een el hoog. Daarop het hulle die gereedskap neergesit waarmee hulle die brandoffer en die slagoffer geslag het.

⁴³ En die tweetand hake van 'n handbreedte was aan die binnekant reg rondom vas gemaak. En op die tafels was die offervleis.

⁴⁴ En buite die binneste poort was twee kamers vir die sangers in die binnehof, een aan die kant van die noordpoort, met die front na die suide, en een was aan die kant van die suidpoort, met die front na die noorde.

⁴⁵ En hy het vir my gesê: "Hierdie kamer, wat na die suide front, is vir die priesters wat die diens van die Huis waarneem.

⁴⁶ "En die kamer wat na die noorde front, is vir die priesters wat die diens van die altaar waarneem, dit is die seuns van Tsadok uit die kinders van Levi wat na יהוה mag nader kom om Hom te dien."

⁴⁷ En hy het die voorhof gemeet, honderd el lank en honderd el breed, 'n vierkant. En die altaar was voor die Huis.

⁴⁸ En hy het my in die voorportaal van die Huis gebring en hy het die deurposte van die voorportaal gemeet, vyf el aan die een kant en vyf el aan die ander kant. En die breedte van die poort was drie el aan die een kant, en drie el aan die ander

kant.

⁴⁹ Die lengte van die voorportaal was twintig el, en die breedte elf el. En by die trappe wat daarheen opgaan was daar pilare by die deurposte, een aan die een kant en een aan die ander kant.

41 En hy het my in die Tempel gebring, en hy het die deurposte gemeet, ses el breed aan die een kant en ses el breed aan die ander kant, die breedte van die Tent.

² En die ingang was tien el breed, en die symure van die ingang was vyf el aan die een kant en vyf el aan die ander kant. En hy het sy lengte gemeet, veertig el, en twintig el breed.

³ En hy het na die binne gegaan, en hy het die deurpos van die ingang gemeet, twee el, en die ingang, ses el, en die ingang was sewe el breed.

⁴ En hy het sy lengte gemeet, twintig el, en die breedte, twintig el na die kant van die Tempel. En hy het vir my gesê: "Dit is die Mees Afgesonderde Plek."

⁵ En hy het die muur van die Huis gemeet, ses el, en die breedte van elke sykamer, vier el, reg rondom die huis aan alle kante.

⁶ En die sykamers was sykamer op syskamer, drie vlakke, in rye van dertig, en hulle het op lyste in die muur van die Huis reg rondom vir die sykamers gerus, om dit vas te hou, maar nie vas aan die muur van die Huis nie.

⁷ En die sykamers rondom het breër geword na bo, want dit draai om die Huis na bo rondom die Huis. Dus was die breedte van die Huis na bo en so is uit die laagste na die hoogste opgegaan deur die middelste.

⁸ En ek het die hoogte van die Huis oral rondom gesien: die fondasies van die sykamers was 'n volle stok hoog, ses el.

⁹ Die breedte van die buitemuur van die sykamers, was vyf el, en ook die ruimte opgelaat tussen die sykamers van die Huis

¹⁰ en die kamers was 'n breedte van twintig el, rondom die huis aan alle kante.

¹¹ En die deure van die sykamers was na die oopruimte, een deur na die noorde en een deur na die suide. En die breedte van die oop ruimte was vyf el reg rondom.

¹² En die gebou wat teenoor die afgeslote ruimte aan die kant na die weste toe, was sewentig el breed, en die muur van die gebou vyf el breed reg rondom, en sy lengte negentig el.

¹³ Toe het hy die Huis gemeet, honderd el lank. En die afgeslote ruimte en die gebou en sy mure was honderd el lank.

¹⁴ En die breedte van die voorkant van die Huis en van die afgeslote ruimte na die ooste toe was honderd el.

¹⁵ En hy het die lengte van die gebou teenoor die afgeslote ruimte agter dit, gemeet en sy galerye aan die een kant en die aander kant, honderd el, en die binne Tempel en die voorportale van die voorhof.

¹⁶ Die drumpels en die nou vensters en die galerye rondom al drie, teenoor die drumpel was reg rondom met hout panele beslaan van die grond tot by die vensters, en die vensters was bedek,

¹⁷ van bo die deur tot in die binneste Huis sowel as buitekant, en op die hele muur reg rondom, binnekant en buitekant, volgens vaste mate.

¹⁸ En k^éru^bs en palmbome is gemaak, en daar was 'n palmboom tussen k^éru^b en k^éru^b. en elke k^éru^b het twee gesigte gehad:

¹⁹ die gesig van 'n mens was na die palmboom aan die een kant, en die gesig van 'n jong leeu na die palmboom aan die ander kant, gemaak in die hele Huis reg rondom.

²⁰ Van die grond af tot bo die deur is die k^éru^bs en die palmbome gemaak, en op aan die muur van die Tempel.

²¹ Die deurposte van die Tempel was vierkantig, en die voorkant van die afgesonderde plek het dieselfde voorkoms gehad.

²² Die altaar was van hout, drie el hoog, en sy lengte twee el. En sy hoeke en sy lengte en sy kante was van hout. En hy

het vir my gesê: "Dit is die tafel wat voor הוה יי is."

²³ En die Tempel en die afgesonderde plek het twee deure gehad.

²⁴ En die deure het twee panele gehad, twee panele wat kon swaai, twee vir die een deur en twee panele vir die ander deur.

²⁵ En k^éru^bs en palmbome is op die deure van die Tempel gemaak soos op die mure gemaak is. En daar was 'n hout bedekking vooraan die buitekant van die voorportaal.

²⁶ En daar was nou vensters en palmbome aan die een kant en aan die ander kant aan die kante van die voor-portaal, en aan die sykamers van die huis en die hout bedekking.

42 En hy het my uitgebring na die buitenste voorhof, die pad na die noorde. En hy het my gebring na die kamer wat teenoor die afgeslote ruimte en wat teenoor die gebou na die noorde was.

² Oor die lengte van honderd el, was die noordelike ingang, met 'n breedte van vyftig el.

³ Teenoor die binnehof van twintig el, en teenoor die plaveisel van by die buitenste voorhof, was galery teenoor galery in drie vlakke.

⁴ En voor die kamers na binne was 'n gang, tien el breed, 'n pad van een el. En hulle deure was na die noorde.

⁵ En die boonste kamers was korter, want die galerye het meer ruimte van hulle weggeneem in as van die onderstes en die middelstes in die gebou.

⁶ Want hulle was in drie vlakke, en het geen pilare soos die pilare van die voorhowe gehad nie, daarom is meer ruimte weggeneem as by die onderstes en die middelstes, vanaf die grond.

⁷ En die buitemuur langs die kamers, na die buitenste voorhof, voor die kamers, was vyftig el lank.

⁸ Want die lengte van die kamers na die buitenste voorhof, was vyftig el, en kyk, voor die Tempel was *dit* honderd el.

⁹ En onder hierdie kamers was die ingang

van die oostekant af wanneer iemand daar ingaan vanuit die buitenste voorhof.

¹⁰ In die breedte van die muur van die voorhof na die suide, teenoor die afgeslote ruimte en teenoor die gebou, was daar kamers.

¹¹ En die pad voor hulle, was soos die voorkoms van die kamers na die noorde, net so lank en so breed as hulle, en al die uitgange en ingange volgens plan.

¹² En volgens die ingange van die kamers na die suide, was daar 'n ingang by die begin van die pad, die pad voor die muur, na die ooste, wanneer 'n mens na hulle aankom.

¹³ En hy het vir my gesê: "Die noordelike kamers en die suidelike kamers wat teenoor die afgeslote ruimte lê, is die afgesonderde kamers waar die priesters wat na יהוה nader kom, die mees afgesonderde *gawes* moet eet. Daar moet hulle die mees afgesonderde *gawes* neersit, die graanoffer en die sondeoffer en die skuldoffer, want die plek is afgesonder.

¹⁴ "Wanneer die priesters ingaan, dan mag hulle nie uit die afgesonderde plek na die buitenste voorhof gaan nie, maar hulle moet hul klere waarin hulle diens gedoen het daar laat, want dit is afgesonderd, hulle moet ander klere aantrek en dan nader kom na wat vir die volk is."

¹⁵ En toe hy die binreste Huis klaar gemeet het, het hy my deur die poort uitgebring wat na die ooste kyk, en dit reg rondom gemeet.

¹⁶ Hy het die oostekant met die meetstok gemeet, vyf honderd stok, met die meetstok rondom.

¹⁷ Hy het die noordekant gemeet, vyf honderd stok, met die meetstok rondom.

¹⁸ Hy het die suidekant gemeet, vyf honderd stok, met die meetstok.

¹⁹ Hy het na die westekant gedraai en gemeet, vyf honderd stok, met die meetstok.

²⁰ Hy het dit aan die vier kante gemeet. Dit het 'n muur reg rondom gehad, vyf honderd lank en vyf honderd breed, om skeiding te maak tussen wat afgesonderd

en gewoon is.

43 En hy het my na die poort gelei, die poort wat na die ooste kyk.

² En kyk, die aansien van die Elohim van Jisra'el het van die rigting van die ooste af gekom. En die geluid daarvan was soos die geluid van baie waters, en die aarde het geskyn van Sy aansien.

³ En die visioen wat ek gesien het, het gelyk soos die visioen wat ek gesien het met my koms om die stad te verwoes. En dit was visioene soos die visioen wat ek by die Kebarrivier gesien het, en ek het op my gesig geval.

⁴ En die aansien van יהוה het in die Huis gekom deur die poort wat na die ooste kyk.

⁵ En die Gees het my opgeneem en my in die binnehof gebring. En kyk, die aansien van יהוה het die Huis gevul.

⁶ En ek het Een gehoor wat met my uit die Huis gepraat het, en 'n man het by my gestaan.

⁷ En Hy het vir my gesê: "Seun van Adam, dit is die plek van My troon en die plek van My voetsole waar Ek vir ewig sal woon tussen die kinders van Jisra'el, en die huis van Jisra'el sal My afgesonderde Naam nie meer verontreinig nie, hulle of hul konings met hulle hoerery en met die lyke van hulle konings op hoë plekke.

⁸ "Toe hulle hul drumpel by My drumpel gemaak het en hul deurpos langs My deurpos, met net die muur tussen My en hulle, het hulle My afgesonderde Naam verontreinig met hulle gruwels wat hulle bedryf het, sodat Ek hulle in My toorn verteer het.

⁹ "Nou moet hulle hul hoerery en die lyke van hul konings ver van My af verwyder, en Ek sal vir ewig tussen hulle woon.

¹⁰ "Jy, seun van Adam, verduidelik die Huis aan die huis van Jisra'el, sodat hulle skaam word weens hul ongeregthede, en laat hulle die voorbeeld meet.

¹¹ "En indien hulle skaamd word oor alles wat hulle gedoen het, maak aan hulle die ontwerp van die Huis en sy struktuur en sy uitgange en sy ingange en sy hele

ontwerp en al sy wette bekend, ja, sy hele ontwerp en al sy Torot. En skryf dit voor hulle oë op, sodat hulle sy hele ontwerp kan bewaar en al sy wette en hulle kan doen.

¹² "Dit is die Tora van die Huis: Op die bergtop is sy hele gebied reg rondom mees afgesonderd. Kyk, dit is die Torah van die Huis.

¹³ "En dit is die afmetings van die altaar in elle - hierdie el is 'n el en 'n handbreedte: die voetstuk 'n el hoog en 'n el breed, met 'n rand rondom die buitekant daarvan, een span. En dit is die boonste deel van die altaar.

¹⁴ "En van die voetstuk op die grond tot by die onderste lys, twee el, en die breedte een el, en van die kleinste lys tot by die grootste lys, vier el, en die breedte een el.

¹⁵ "En die vuurherd is vier el *hoog*, en vanaf die vuurherd boontoe vier horings.

¹⁶ "En die vuurherd is twaalf el lank en twaalf el breed, vierkantig na sy vier kante.

¹⁷ "En die lys is veertien lank en veertien breed na sy vier kante, 'n half-el rand rondom, en die voetstuk daaraan 'n el rondom, en sy trappe kyk oos."

¹⁸ En hy het vir my gesê: "Seun van Adam, so sê Meester יהוה: 'Hierdie is die wette van die altaar op die dag wat dit gemaak word om brandoffers daarop te bring en om bloed daarop te sprinkel.

¹⁹ 'En jy moet aan die Levitiese priesters wat uit die geslag van Tsadok is, wat na My mag nader kom om My te dien, 'n jong bul as sondeoffer gee,' sê Meester יהוה.

²⁰ 'En jy moet van sy bloed neem en dit aan die vier horings daarvan en aan die vier hoeke van die lys en aan die rand rondom smeer. So moet jy dit reinig en versoening daarvoor doen.

²¹ 'En jy moet die sondeofferbul neem, en hulle moet hom verbrand in die aangewese plek van die Huis, buitekant die afgesonderde plek.

²² 'En op die tweede dag moet jy 'n bok-

ram sonder gebrek as sondeoffer bring. En hulle moet die altaar reinig soos hulle dit met die bul gereinig het.

²³ 'Wanneer jy klaar is met die reiniging, moet jy 'n jong bul sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek uit die kleinvee bring.

²⁴ 'En jy moet hulle voor יהוה bring en die priesters moet sout daarop strooi en dit as brandoffer aan יהוה offer.

²⁵ 'Jy moet daaglikse sewe dae lank die sondeofferbok voorberei, en berei 'n jong bul en 'n ram uit die kleinvee, altwee sonder gebrek, voor.

²⁶ 'Sewe dae lank moet hulle vir die altaar versoening doen en dit reinig en dit inwy.

²⁷ 'En wanneer die dae eindig, dan moet die priesters op die agtste dag en verder julle brandoffers en julle dankoffers op die altaar maak, en Ek sal vreugde in julle hê,' sê Meester יהוה."

44 En Hy het my teruggebring na die buitenste poort van die afgesonderde plek wat na die ooste kyk en dit was gesluit.

² En יהוה het vir my gesê: "Hierdie poort moet toegesluit bly, dit mag nie oopgemaak word nie, en niemand mag daardeur ingaan nie, want יהוה Elohim van Jisra'el, het daardeur ingegaan, en dit moet gesluit wees.

³ "Die prins, moet as prins daarin sit om brood te eet voor יהוה, hy moet vanaf die voorportaal van die poort ingaan en op dieselfde pad daar uitgaan."

⁴ En Hy het my met die noordpoort na die voorkant van die Huis gebring. Ek het gekyk en gesien dat die aansien van יהוה die Huis van יהוה vul, en ek het op my gesig geval.

⁵ En יהוה het vir my gesê: "Seun van Adam, gee ag daarop en kyk met jou oë en hoor met jou ore alles wat Ek jou sal sê aangaande al die wette van die Huis van יהוה en al sy Torot. En gee ag op die ingang in die Huis met al die uitgange van die afgesonderde plek.

⁶ "En sê aan die rebelle, aan die huis van Jisra'el: 'So sê Meester יהוה: "Genoeg met al julle gruwels, huis van Jisra'el!"

⁷ "Want julle het seuns van 'n uitlander ingebting, onbesnede van hart en onbesnede van vlees, om in My afgesonderde plek te wees, om dit, My Huis, te skend! Julle het vet en bloed naby My brood gebring, en julle het My verbond verbreek met al julle gruwels.

⁸ "En julle het nie die diens van My afgesonderde gawes waargeneem nie, maar het ander aangestel om My diens in My afgesonderde plek vir julle waar te neem.

⁹ 'So sê Meester יהוה: "Geen seun van 'n uitlander, onbesnede van hart en onbesnede van vlees, mag in My afgesonderde plek kom nie, of enige seun van 'n uitlander wat tussen die kinders van Jisra'el is nie.

¹⁰ "Maar die Leviete wat ver van My gegaan het met die afdwaling van Jisra'el, wat van My weggedwaal het agter hulle idole aan, hulle moet hul ongeregtheid dra.

¹¹ "Hulle was dienaars in My afgesonderde plek, as wagte by die poorte van die Huis en dienaars van die huis, hulle het die brandoffer en die slagoffer vir die volk geslag en voor hulle gestaan om hulle te dien.

¹² "Omdat hulle hul gedien het voor hul idole en vir die huis van Jisra'el 'n struikelblok van ongeregtheid was, daarom het Ek My hand teen hulle opgelig," sê Meester יהוה, "sodat hulle hul ongeregtheid moet dra.

¹³ "En hulle mag nie na My nader kom om as My priesters te dien nie of nader kom na wat vir My afgesonder is, of in die Mees Afgesonderde Plek nie. En hulle moet hul skande dra en hul gruwels wat hulle gedoen het.

¹⁴ "Maar Ek sal hulle aanstel om die diens van die Huis te bewaar, vir die hele bediening daarvan en vir alles wat daarin gedoen moet word.

¹⁵ "Maar die priesters, die Leviete, die seuns van Tsadok, wat die diens van My afgesonderde plek bewaar het toe die kinders van Jisra'el van My afgedwaal het, hulle moet na My nader kom om My

te dien en voor My te staan om aan My die vet en die bloed te offer," sê Meester יהוה.

¹⁶ "Hulle moet in My afgesonderde plek gaan, en hulle moet na My tafel nader kom om My te dien en My diens te bewaar.

¹⁷ "En wanneer hulle die poorte van die binnehof ingaan, moet hulle linneklere aantrek, en geen wol mag op hulle kom wanneer hulle in die poorte van die binnehof dien en daar binne is nie.

¹⁸ "Linne-kopdoeke moet op hul kop wees en linnebroeke moet om hulle heupe wees. Hulle mag hul nie omgord met sweet nie.

¹⁹ "En wanneer hulle uitgaan na die buitenste voorhof, na die buitenste voorhof na die volk, moet hulle hul klere uittrek waarin hulle gedien het, en dit neersit in die afgesonderde kamers, en hulle moet ander klere aantrek. En hulle die volk nie afsonder met hul klere nie.

²⁰ "En hulle moet hul kop nie kaal skeer of hul hare lank laat groei nie. Hulle moet hul koppe netjies knip.

²¹ "En geen priester mag wyn drink wanneer hy die binnehof ingaan nie.

²² "En hulle mag geen weduwee of een wat verstoot is, vir hulle as vrou neem nie, maar hulle moet jongmeisies uit die saad van die huis van Jisra'el of 'n weduwee van 'n priester neem.

²³ "En hulle moet My volk leer en laat onderskei tussen afgesonder en geskend, en tussen onrein en rein.

²⁴ "En in 'n dispuut moet hulle as regters optree en oordeel volgens My oordele. En hulle moet My Torot en My wette hou op al My feestye en My Sabbatte afsonder.

²⁵ "En hy mag verontreinig word deur by 'n dooie mens te kom nie. Slegs vir 'n vader of 'n moeder of 'n seun of 'n dogter, vir 'n broer, of 'n suster wat nie 'n man gehad het nie, mag hulle hul verontreinig.

²⁶ "En na sy reiniging moet hulle vir hom sewe dae tel.

²⁷ "En op die dag wat hy in die binnehof van die afgesonderde plek gaan, om in

die afgesonderde plek te dien, moet hy sy sondeoffer bring," sê Meester יהוה.

²⁸ "En dit sal vir hulle 'n erfdeel wees, Ek is hulle erfdeel. En julle moet aan hulle geen eiendom in Jisra'ël gee nie, Ek is hulle eiendom.

²⁹ "Die graanoffer en die sondeoffer en die skuldoffer, moet hulle eet, en alles wat in Jisra'ël gewy is, moet vir hulle wees.

³⁰ "En die eerste van al die eerstelinge van alles en elke gawe van alles, van al julle gawes, moet vir die priesters wees. En die eerste van julle growwe meel moet julle aan die priester gee, sodat 'n seën op jou huis kan rus.

³¹ Die priesters mag geen aas of iets wat verskeur is, van voël of dier, eet nie.

45 "En wanneer julle die land as erfenis met die lot verdeel, moet julle 'n gawe aan יהוה offer, 'n afgesonderde deel van die land, in lengte vyf en twintig duisend *e/* die lengte, en in breedte twintig duisend. Dit moet in al sy hele grense reg rondom afgesonder wees.

² "Hiervan moet vyf honderd by vyf honderd el, 'n vierkant reg rondom vir die afgesonderde plek wees, en dit moet 'n oop veld hê van vyftig el rondom.

³ "En van hierdie afgemete deel moet jy 'n lengte van vyf en twintig duisend el en 'n breedte van tien duisend meet. En daarin moet die afgesonderde plek, die Mees Afgesonderde Plek, wees.

⁴ "Dit moet die afgesonderde deel van die land wees, dit moet vir die priesters wat die afgesonderde plek bedien, wat nader kom om יהוה te dien wees. En dit moet vir hulle 'n plek wees vir huise en afgesonder vir die afgesonderde plek.

⁵ "En vyf en twintig duisend *e/* in lengte en tien duisend in breedte vir die Leviete, die dienaars van die Huis, wees, 'n eiendom vir hulle, twintig kamers.

⁶ "En van die stad moet julle vyf duisend breed en vyf en twintig duisend *e/* langs die afgesonderde gawe as eiendom gee – dit moet vir die hele huis van Jisra'ël wees.

⁷ "En die prins moet aan die een en die

ander *kant* van die afgesonderde gawe en van die eiendom van die stad, 'n deel hê. En langs die afgesonderde gawe en langs die eiendom van die stad, aan die westekant na die weste en aan die oostekant na die ooste, en die lengte langs een deel, van die westelike grens tot die oostelike grens.

⁸ "Die grond sal sy eiendom in Jisra'ël wees, en My leiers sal My volk nie meer verdruk nie. En hulle sal die land aan die huis van Jisra'ël gee volgens hulle stamme."

⁹ "So sê Meester יהוה: "Genoeg van julle, leiers van Jisra'ël! Verwyder geweld en verdrukking, en doen reg en geregtigheid, hou op om My volk te onteien," sê Meester יהוה.

¹⁰ "Julle moet regte skale hê en 'n regte ěfa en 'n regte bat.

¹¹ "n ěfa en 'n bat moet een vaste maat wees, sodat 'n bat een tiende van 'n ĥomer bevat, en 'n ěfa een tiende van 'n ĥomer. Die maat daarvan moet volgens die ĥomer wees.

¹² "En die sikkels moet twintig gĕra wees. Twintig sikkels, vyf en twintig sikkels, vyftien sikkels moet vir julle 'n máne wees.

¹³ "Dit is die gawe wat julle moet afgee: 'n sesde van 'n ěfa van 'n ĥomer koring, en 'n sesde van 'n ěfa van 'n ĥomer gars.

¹⁴ "En die bepaalde deel van olie, van 'n bat olie: 'n tiende van 'n bat uit 'n kor. Dit is tien bat of 'n ĥomer, want tien bat is 'n ĥomer.

¹⁵ "En een lam uit die kudde, uit twee honderd, uit die waterryke weiveld van Jisra'ël, as graanoffers en brandoffers en dankoffers om versoening vir hulle te doen," sê Meester יהוה.

¹⁶ "Al die mense van die land moet bydra vir hierdie gawe aan die prins in Jisra'ël.

¹⁷ "En op die prins is die brandoffers en die graanoffer en die drankoffer op die feeste en op die Nuwemane en op die Sabbatte, op al die feestye van die huis van Jisra'ël. Hy moet die sondeoffer en die graanoffer en die brandoffer en die

dankoffers berei, om versoening te doen vir die huis van Jisra'ël."

¹⁸ 'So sê Meester יהוה: "In die eerste maand, op die eerste van die maand, moet jy 'n jong bul sonder gebrek neem en die afgesonderde plek reinig.

¹⁹ "En die priester moet van die bloed van die sondeoffer neem en dit aan die deurposte van die huis sit en aan die vier hoeke van die lys van die altaar en aan die deurposte van die poort van die binnehof.

²⁰ "En so moet jy ook op die sewende in die maand doen vir elkeen wat fouteer het of dwaas is. En julle moet so vir die Huis versoening doen.

²¹ "In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, moet vir julle die Pesah wees, 'n fees van sewe dae, ongesuurde brode moet geëet word.

²² "En die prins moet op daardie dag vir homself en vir die hele volk van die land 'n bul as sondeoffer voorberei.

²³ "En die sewe dae van die fees moet hy daaglik 'n brandoffer aan יהוה voorberei van sewe bulle en sewe ramme sonder gebrek, en daaglik vir sewe dae 'n bokram as sondeoffer.

²⁴ "En hy moet 'n graanoffer berei van 'n ěfa vir 'n bul en 'n ěfa vir 'n ram en 'n hin olie vir 'n ěfa.

²⁵ "In die sewende maand, op die vyftiende dag van die maand, moet hy op die fees soos hierdie sewe dae voorberei: dieselfde sondeoffer, dieselfde brandoffer en dieselfde graanoffer en dieselfde olie."

46 'So sê Meester יהוה: "Die poort van die binneste voorhof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werkdade gesluit wees, maar op die Sabbat moet dit oopgemaak word, en op die dag van die Nuwemaan moet dit oopgemaak word.

² "En die prins moet deur die voorportaal van die poort van buite af ingaan en by die deurpos van die poort gaan staan. En die priesters moet sy brandoffer en sy dankoffers berei. En hy moet buig by die drumpel van die poort en dan uitgaan, maar die poort moet nie gesluit word tot

die aand nie.

³ "En die volk van die land moet ook by die ingang van hierdie poort voor יהוה buig op die Sabbatte en op die Nuwemaan.

⁴ "En die brandoffer wat die prins aan יהוה moet bring op die Sabbatdag, is ses lamms sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek.

⁵ "En die graanoffer is 'n ěfa vir die ram, en vir die lamms moet die graanoffer wees wat sy hand kan gee, en 'n hin olie vir 'n ěfa.

⁶ "En op die dag van die Nuwemaan: 'n jong bul sonder gebrek en ses lamms en 'n ram, hulle moet sonder gebrek wees.

⁷ "En hy moet 'n graanoffer voorberei van 'n ěfa vir die bul en 'n ěfa vir die ram, en vir die lamms volgens wat sy hand kan bekostig, en 'n hin olie vir 'n ěfa.

⁸ "En wanneer die prins ingaan, moet hy deur die voorportaal van die poort ingaan en met dieselfde pad weer uitgaan.

⁹ "En wanneer die prins van die land voor יהוה kom op die feestye, moet hy wat deur die noordpoort ingaan om te aanbid, deur die suidpoort uitgaan. En hy wat deur die suidpoort ingaan, moet deur die noordpoort uitgaan, hy mag nie teruggaan deur die poort waardeur hy ingegaan het nie, maar moet reguit vorentoe uitgaan.

¹⁰ "En die prins moet tussen hulle ingaan wanneer hulle ingaan, en wanneer hulle uitgaan, moet hy saam uitgaan.

¹¹ "En op die feeste en op die feestye moet die graanoffer 'n ěfa vir 'n bul en 'n ěfa vir 'n ram wees, en vir die lamms, wat sy hand kan gee, en 'n hin olie vir 'n ěfa.

¹² "En wanneer die prins 'n vrywillige offer gereedmaak, 'n brandoffer of dankoffers as vrywillige offer aan יהוה, dan moet hulle vir hom die poort oopmaak wat na die ooste kyk. En hy moet sy brandoffer en sy dankoffers berei soos hy op die Sabbatdag doen. En wanneer hy uitgaan, moet hulle die poort sluit nadat hy uitgegaan het.

¹³ "En jy moet 'n jaaroud lam sonder

gebrek daaglik voorberei as brandoffer aan יהוה. Mōre vir mōre moet jy dit berei.

¹⁴ "En jy moet mōre vir mōre 'n graanoffer van 'n sesde van 'n ēfa en 'n derde van 'n hin olie om die fynmeel te bevogtig, as graanoffer aan יהוה berei – voortdurende ewige wette.

¹⁵ "So moet die lam en die graanoffer en die olie mōre vir mōre voorberei word as 'n voortdurende brandoffer."

¹⁶ 'So sê Meester יהוה: "Wanneer die prins aan eenige van sy seuns 'n geskenk van sy erfdeel gee, dan behoort dit aan sy seuns, dit is hul eiendom deur erfenis.

¹⁷ "En wanneer hy van sy erfdeel 'n geskenk aan een van sy dienaars gee, dan sal dit syne wees tot die jaar van vrylating. Dan moet dit na die prins terugkeer. Sy seuns se erfdeel moet net vir hulle wees.

¹⁸ "En die prins mag niks van die volk se erfdeel neem om hulle uit hul eiendom te verdruk nie. Hy moet aan sy seuns van sy eiendom 'n erfdeel gee, sodat niemand van My volk van sy eiendom verstrooi word nie.""

¹⁹ En hy het my deur die ingang wat by die sypmuur van die poort was gebring, na die afgesonderde kamers vir die priesters wat na die noorde kyk. En kyk, daar was 'n plek aan die agterkant, na die weste.

²⁰ En hy het vir my gesê: "Dit is die plek waar die priesters die skuldoffer en die sondeoffer moet gaarmaak, waar hulle die graanoffer moet bak, dat hulle dit nie in die buitenste voorhof uitbring waardeur hulle die volk sou afsonder nie."

²¹ En hy het my in die buitenste voorhof uitgebring en my verder gelei na die vier hoeke van die voorhof. En kyk, in elke hoek van die voorhof was daar nog 'n voorhof.

²² In die vier hoeke van die voorhof was daar ingeslote voorhowe, veertig el lank en dertig breed, al vier die hoeke het een afmeting gehad.

²³ En daar was 'n muur rondom in hulle, rondom al vier, en daar is gaarmaakplekke rondom onderaan die mure ge-

maak.

²⁴ En hy het vir my gesê: "Dit is die gaarmaakhuis waar die dienaars van die Huis die slagoffer van die volk moet gaarmaak."

47 En hy het my na die ingang van die Huis teruggebring. En kyk, daar het waters onder die drumpel van die Huis, na die ooste uitgestroom, want die Huis het na die ooste gekyk. En die waters het weggevloei onder die regtersmuur van die Huis, suid van die altaar.

² En hy het my deur die noordpoort uitgeneem en my buite om geneem na die buitenste poort wat na die ooste kyk. En kyk, die waters het aan die regterkant uitgeborrel.

³ Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n lyn in sy hand, het hy duisend el gemeet, en hy het my deur die waters laat gaan, waters tot aan die enkels.

⁴ En hy het 'n duisend gemeet en my deur die waters laat gaan, waters tot aan die knieë. En hy het 'n duisend gemeet en my laat deurgaen, waters tot aan die heupe.

⁵ En hy het 'n duisend gemeet, 'n stroom wat ek nie kon deurgaen nie! Want die waters het gestyg, waters om in te swem, 'n stroom wat 'n mens nie kan deurgaen nie.

⁶ En hy het vir my gesê: "Het jy dit gesien, seun van Adam?" Toe het hy my weer laat loop en terugkeer na die oewer van die stroom.

⁷ En kyk, toe ek terug gegaan het, was daar geweldig baie bome aan die een en aan die ander kant van die stroomoewer.

⁸ En hy het vir my gesê: "Hierdie waters vloei weg na die oostelike landstreek en loopaf in die Araba^k en gaan in die see. Dit gaan in die see, en die waters word genees.

⁹ "En al die lewende wesens wat beweeg, oral waar die strome kom, sal leef. En daar sal geweldig baie visse wees, omdat hierdie waters daarheen sal gaan, en die

^k Steriele Jardēnvallei of woestyn.

waters sal genees. En alles sal lewe oral waar die stroom kom.

¹⁰ En vissers sal langsaan staan, van Ěn-Gedi af tot by en Ěn-Eglajim, dit sal 'n plek wees om hul nette te spreid. Volgens hulle soorte sal hul visse wees soos die visse van die Groot See, geweldig baie.

¹¹ "Sy moerasse en vleilande sal nie genees nie. Hulle sal aan sout gegee word.

¹² "En by die stroomoewer sal aan die een kant en die ander kant allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie. Elke maand sal hulle vrugte dra, want die waters waar hulle staan kom uit die afgesonderde plek. En hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees."

¹³ So sê Meester יהוה: "Dit is die grondgebied wees waarvan julle die land sal erf volgens die twaalf stamme van Jisra'el, twee dele vir Josëf.

¹⁴ "En julle moet dit erf, elkeen soos sy broer, omdat Ek My hand opgelig het om dit aan julle vaders te gee, en hierdie land moet aan julle as erfenis verdeel.

¹⁵ En dit moet die grens van die land aan die noordekant wees: van die Groot See af, langs die weg van Hetlon, tot by die ingang na Tsedad,

¹⁶ "Ḥamat, Běrota, Siḃrajim, wat tussen die gebied van Damaskus en die gebied van Ḥamat lê, Ḥatser-Hattiḱon, wat op die grens van Ḥawran is.

¹⁷ "En die grens moet van die See af wees tot by Ḥatsar-Ěnan, die gebied van Damaskus, en aan die noorde noordwaarts, is Ḥamat die grens. Dit is die noordekant.

¹⁸ "En die oostekant is tussen Ḥawran en Damaskus en Gil'ad en die land van Jisra'el - die Jarděn, van die grens af tot by die oostelike see moet julle dit meet. Dit is die oostekant.

¹⁹ "En aan die suidekant na die suide van Tamar tot by die waters van Meriḃa by Kaděš, dan na die spruit van Mitsrajim tot by die Groot See. Dit is die suidekant na die suide.

²⁰ "En aan die westekant is die Groot See, vanaf die grens tot 'n mens reg teenoor Ḥamat kom. Dit is die westekant.

²¹ "En julle moet hierdie land tussen julle verdeel volgens die stamme van Jisra'el.

²² "En julle moet dit met die lot verdeel as erfenis aan julle en aan die vreemdelinge wat tussen julle bly, wat kinders tussen julle gekry het. En hulle sal vir julle soos 'n kind van die land tussen die kinders van Jisra'el. Hulle moet saam met julle 'n erfdeel ontvang tussen die stamme van Jisra'el.

²³ "En by watter stam die vreemdeling vertoef, daar moet julle hom sy erfdeel gee," sê Meester יהוה.

48 "En dit is die name van die stamme.

Aan die noordekant langs die weg van Hetlon na die ingang van Ḥamat en Ḥatsar-Ěnan aan die grens van Damaskus, noordwaarts langs Ḥamat, van die ooste tot die westekant: Dan, een.

² "En langs die gebied van Dan, vanaf die oostekant tot by die westekant: Ashěr, een.

³ "En langs die gebied van Ashěr, vanaf die oostekant tot by die westekant: Náftali, een.

⁴ "En langs die gebied van Náftali, vanaf die oostekant tot by die westekant: Manashshe, een.

⁵ "En langs die gebied van Manashshe, vanaf die oostekant tot by die westekant: Efracim, een.

⁶ "En langs die gebied van Efracim, vanaf die oostekant tot by die westekant: Reüběn, een.

⁷ "En langs die gebied van Reüběn, vanaf die oostekant tot by die westekant: Jahuda, een.

⁸ "En langs die gebied van Jahuda, vanaf die oostekant tot by die westekant, moet die gawe wees wat julle moet offer: vyf en twintig duisend e/ breed en net so lank as een van die dele, van die oostekant af tot by die westekant, en die afgesonderde plek moet in die middel daarvan wees.

⁹ "Die gawe wat julle aan יהוה moet offer,

moet vyf en twintig duisend *el* lank wees en tien duisend breed.

¹⁰ "En van hierdie, is die afgesonderde gawe vir die priesters: na die noorde vyf en twintig duisend *el* en na die weste tien duisend breed en na die ooste tien duisend breed en na die suide vyf en twintig duisend lank. En die afgesonderde plek van יהוה moet in die middel daarvan wees.

¹¹ "Dit moet vir die priesters wees wat afgesonder is, die seuns van Tsadok, wat My diens bewaar het, wat nie afgedwaal het toe die kinders van Jisra'el afgedwaal het soos die Leviete afgedwaal het nie.

¹² "So moet dit dan vir hulle 'n gawe wees uit die gawe van die land, iets hoogs afgesonderd, op die grens van die Leviete.

¹³ "En die Leviete moet, langs die grens van die priesters, vyf en twintig duisend *el* in lengte en tien duisend in breedte ontvang, die totale lengte is vyf en twintig duisend en die breedte tien duisend.

¹⁴ "En hulle mag niks daarvan verkoop of verruil nie, en die eersteling van die land mag nie na ander oorgedra word nie, want dit is afgesonder aan יהוה.

¹⁵ "Maar die vyf duisend wat oorgebly het in die breedte, langs die vyf en twintig duisend, sal gewone wees vir die stad as woonplek en oop veld. En die stad moet in die middel daarvan wees.

¹⁶ "En dit is die afmetings daarvan: die noordekant vier duisend vyf honderd *el*, en die suidekant vier duisend vyf honderd, en die oostekant, vier duisend vyf honderd, en die westekant, vier duisend vyf honderd.

¹⁷ "En die oop veld van die stad na die noorde moet twee honderd en vyftig *el* wees, en na die suide twee honderd en vyftig, en teen die ooste twee honderd en vyftig, en teen die weste twee honderd en vyftig.

¹⁸ "En die oorblywende in die lengte, langs die afgesonderde gawe, tien duisend *el* na die ooste en tien duisend na die weste. dit moet langaan die afgesonderde gawe wees, en die

opbrengs daarvan sal kos wees vir die werkers van die stad.

¹⁹ "En die werkers van die stad, moet uit al die stamme van Jisra'el dit bewerk.

²⁰ "Die totale gawe moet vyf en twintig duisend *el* by vyf en twintig duisend wees, vierkantig. Julle moet die afgesonderde gawe saam met die eiendom van die stad offer.

²¹ "En wat oorbly, behoort aan die prins, aan die een kant en aan die ander kant van die afgesonderde gawe en van die eiendom van die stad, langs die vyf en twintig duisend, die offergawe, tot by die ooste-lyke grens, en na die weste langs die vyf en twintig duisend tot by die westelike grens, langs die dele van die prins. En die afgesonderde gawe en die afgesonderde plek van die Huis moet in die middel daarvan wees.

²² "Dus is die eiendom van die Leviete en die eiendom van die stad in die middel van wat die prins s'n is, tussen die grens van Jahuda en die grens van Binjamin, dit behoort aan die prins.

²³ "En die res van die stamme, vanaf die oostekant tot by die westekant: Binjamin een.

²⁴ "En langs die gebied van Binjamin, vanaf die oostekant tot by die westekant: Shim'on, een.

²⁵ "En langs die gebied van Shim'on, vanaf die oostekant tot by die westekant: Jissas'kar, een.

²⁶ "En langs die gebied van Jissas'kar, vanaf die oostekant tot by die westekant: S'ebulon, een.

²⁷ "En langs die gebied van Z'ebulon, vanaf die oostekant tot by die westekant: Gad, een.

²⁸ "En langs die gebied van Gad, aan die suidekant na die suide, moet die grens wees vanaf Tamar na die waters van Meriba by Kad'sh en na die spruit van Mitsrajim tot by die Groot See.

²⁹ "Dit is die land wat julle as erfenis met die lot moet verdeel aan die stamme van Jisra'el, en dit is hulle gedeeltes," se Meester יהוה.

JAḤEZKĚĽ 48

³⁰ "En hierdie is die uitgange van die stad: aan die noordekant vier duisend vyf honderd *el*/mates.

³¹ "En die poorte van die stad moet volgens die name van die stamme van Jisra'ël wees:^l drie poorte na die noorde: een poort vir Reuḃen, een poort vir Jahuda, een poort vir Levi,.

³² "En aan die oostekant vier duisend vyf honderd *el*, en drie poorte: een poort vir Josëf, een poort vir Binjamin, een poort vir Dan.

³³ "En aan die suidekant vier duisend vyf honderd mates, drie poorte: een poort vir Shim'on, een poort vir Jissasḡar, een poort vir Sėbulon.

³⁴ "Aan die westekant vier duisend vyf honderd *el*, met hul drie poorte: een poort vir Gad, een poort vir Ashėr, een poort vir Náfali.

³⁵ Reg rondom agttien duisend el. En die naam van die stad sal vanaf daardie dag wees: יהוה is daar!"^m

^l Sien 47:22-23.

^m יהוה Shamma! Sien 43:7 & 9.